

2010:2

MATIE LAND

Die *rol* lewe
van Ruda
Landman

Groen is die
nuwe maroen -
spesiale verslag

Dok Craven deel
steeds truie uit

HOOP Projek in
buiteland bekendgestel

Ook binne:

- So presteer MatiesAlumni
- Die virtuele klaskamer
- Jou reünie-nuus

READ *MATIELAND* IN ENGLISH
AT WWW.MATIESALUMNI.NET

HOOP KONZENTENS

OP DIE VOORBLAD:

Gedink Ruda Landman het 'n rustige lewe ná Carte Blanché? Lees die artikel op bl. 10.



REDAKSIONEEL EDITORIAL

BRIEUE LETTERS

BROKKIESSNIPPETS

ARTIKELSA RTICLES

Die vol lewe van Ruda Landman	10
Só help MatiesAlumni om sukses van die HOOP Projek te verseker	16
Ooreenkoms blaas nuwe lewe in die ontwikkeling van vakkundigheid	18
Regte-inisiatief bevorder geregtigheid	19
Standard Bank Sentrum is vennoot in Agribesigheidseierskap	20
Virtuele klaskamer neem US na studente	21
GROEN is die nuwe maroen op Matie-kampusse	22

FAKULTEITEFACULTIES

'People first' agenda for new Dean at Health Sciences	24
US ontvang \$10 miljoen vir mediese onderrig en navorsingsopleiding	25
Ben van Heerden met gesogte onderrigprys vereer	26
SA Medical Association honours anatomical pathologist	26
US-navorsers aan voerpunt van kankerdeurbraak	27
SU scientists discover new TB-causing organism	27
Laserfisikus wil ander wetenskaplikes inspireer	27
Tracing the history of Africa's mammals	28
Mark Swilling met toonaangewende Aspenprys vereer	28

2

3

6

10

16

18

19

20

21

22

24

25

26

26

27

27

27

28

28

14



53

7



31

'Teesakkie'-prof bly in die nuus	28
Verwerf só jou kwalifikasie in Finansiële Beplanning	29
Suid-Afrika se sonenergiesoek blink	30
Medialab verbeter menslike wisselwerking deur rekenaartegnologie	31
US bied reeds dekade lank opleiding in Finansiële Risikobestuur	32
ACCERUS to assist in fight against corruption	32
Gebruik oorbruggingsjaar om entrepreneur te word	33

ARTIKELSA RTICLES

So dink vandag se Maties	34
Stellenbosch's glassblower a master at his art	35
Ma, ek wil GIS gaan swot	36
Boeke	37

KONVOKASIECONVOCATION

Intervarsity in die 1960's- só het ons dit gedoen	39
---	----

MATIESALUMNI

SPORT	50
-------	----

IN MEMORIAM

AGTERBLAD	56
-----------	----

READ MATIELAND IN ENGLISH
AT WWW.MATIESALUMNI.NET



Die Universiteit se oudstudee en donateurs ontvang *Matieland* gratis.

REDAKTEUR

Martin Viljoen

REDAKSIEKANTOOR

Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak XI, Matieland 7602
Tel (021) 808 4921, Faks (021) 808 3800, E-pos. media@sun.ac.za

SIRKULASIE

Malena Fourie, Stellenbosch Stigting Privaat Sak XI, Matieland 7602
Tel (021) 808 4843, Faks (021) 808 3026, E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957

Jaargang 53 02:2010
ISSN 0025 5947

ONTWERP EN UITLEG

Out of the Blue Creative Communication Solutions,
Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

DRUK

Formeset Print

Matieland is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

EDITOR

Martin Viljoen

EDITORIAL OFFICE

Communication and Liaison, Stellenbosch University, Private Bag XI, Matieland 7602
Tel (021) 808 4921, Fax (021) 808 3800, E-mail: media@sun.ac.za

CIRCULATION

Malena Fourie, Stellenbosch Foundation, Private Bag XI, Matieland 7602
Tel (021) 808-4843, Fax (021) 808-3026, E-mail: alumni@sun.ac.za

Published since 1957

Year 53 02:2010
ISSN 0025 5947

DESIGN AND LAYOUT

Out of the Blue Creative Communication Solutions,
Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

PRINTING

Formeset Print

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.

BESTE MATIESALUMNI

Hou vas jou **hoed!**

Matieland is geskiedenis. Nee, nie klaarpraat met die tydskrif nie, maar wel dat 'n groot gedeelte van *Matieland* gaan oor dit wat in die verlede gebeur het. Briefskrywers vertel graag oor hul tyd op Stellenbosch en baie van die alumni-bladsye handel oor reënies - waar die onthou-jy-nog's sterk figureer. En dan natuurlik In Memoriam, waar ons hulde bring aan alumni wat oorlede is.

Matieland gaan natuurlik ook oor die hede: hoe jou universiteit se hart vandag klop, wat nou op die Bos gebeur en hoe vandag se Maties dink (SR-lid Innes Barnardt gee op bl 34 'n kykie in die leefwêreld van Maties wat vandag die Rooiplein bewandel). Ons berig ook gereeld oor interessante kursusse wat jou *almal mater* aanbied.

Wat ons miskien nie genoeg doen nie, is om te praat oor die toekoms. Waarheen is ons op pad, waarnatoe mik ons as universiteit? Selfs, watter soort universiteit ons wil wees.

Dis dié dat ek so positief is oor die HOOP Projek. In die vorige uitgawe van *Matieland* het ons breedvoerig oor dié innoverende projek van die Universiteit berig en op bl. 14 vertel ons meer van die bekendstellings wat in Suid-Afrika en in die buiteland gehou is. Die HOOP Projek het die vraag oor waarheen ons op pad is, duidelik kom antwoord. Bloot op grond van sy unieke aard én omvang, is daar genoeg redes om positief te voel. Die fondsinsamelingsgedeelte van die HOOP Projek is immers die grootste nog ooit aan 'n Afrika-universiteit

Boonop maak die projekte wat direk deel vorm van die HOOP Projek groot indruk op die media en besoekers aan ons kampus. So maak die unieke waterfilter van prof Eugene Cloete, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, steeds opslae in die nasionale en buitelandse media. Die nuusdekking wat die HOOP Projek se bekendstelling, die akademiese insiatiewe self en verwante meningsartikels gekry tot dusver, het reeds die R15 miljoen kerf verbygesteek, gemeet aan wat dit die Universiteit sou gekos het indien dit betaalde advertensies was op televisie, radio en in die gedrukte media.

Hoewel die HOOP Projek stewig gewortel is in die akademiese en navorsingsuitnemendheid van die Universiteit, is die bonus vir my dat die projek 'n klomp energie kom ontkenen het. Of, om dit padlangs te stel: daar's aksie! Hoe dan nou anders met 23 akademiese insiatiewe direk gekoppel aan die HOOP Projek (in hierdie uitgawe kyk ons na 'n verdere vier van hierdie projekte) wat elkeen 'n tasbare, positiewe verskil maak.

Miskien die lekkerste van alles, is dat alumni deel kan wees van die aksie. Ons begin juis met 'n reeks oor MatiesAlumni en die beurse waarby hulle betrokke kan wees.

Hou vas jou hoed, want hierdie rit gaan nóg interessanter raak! Skryf gerus aan my per e-pos by media@sun.ac.za of stuur 'n faks na 021 808 3800.

Lekker lees!

Martin



MatiesAlumni sê hul sê

Dankie aan almal wat die pen opgeneem het!

Jan Wagener van Lynnwoodrif is die skrywer van ons wenbrief, en ontvang 'n wyngeskenpkak met die komplimente van die Welgevallen-kelder van die Universiteit (sien artikel op bl 41) sowel as die boek *Samaritan of South African Rugby - History of the Chris Burger/Petro Jackson Players Fund 1980-2010* deur regter Pat Tebbutt.

Die boek is met die komplimente van AFRICAN SUN MeDIA, geïntegreerde inhoudsbestuurder en spesialisverskaffer van uitgewers- en drukdienste vir die hoëronderwys- en privaate sektor. Skakel met Justa du Plessis by 021 808 2401 of africansunmedia@sun.ac.za, of besoek www.africansunmedia.co.za en die webwinkel by www.sun-e-shop.co.za.

Ongelukkig kan alle briewe nie geplaas word nie. *Matieland* erken die skrywes van Carolus Heydenrych van Veldrif, en Kerneels de Jager van Hermanus, maar reken dat skrywes eerder in dagblaie tot hul reg sou kom.

WENBRIEF

NIE GEKONSULTEER OOR DIE PETROLPRYS

JAN WAGENER, LYNNWOODRIF

In 1973 was ons 'n groepie tweedejaars in Eendrag. Ons was erg voortvarend en vindingryk, en het gereeld die land se grootste probleme op 'n hoë en ietwat filosofiese vlak beredeneer.

In daardie jaar het die regering 'n ongehoorde besluit geneem wat byna die wind uit ons seile geneem het. Dit was om die petrolprys te verhoog vanaf 8c tot 9c per liter. Die besluit was eensydig geneem, d.w.s. sonder om ons as belangrike rolspelers vooraf te konsulteer, en boonop in 'n tyd toe mens nog 'n hele week met 50c se petrol in die tenk op die dorp kon rondry.

Ons het besef dit kon die begin wees van 'n lelike ding, en gedagtig aan die ou stelreël 'Die pen is magtiger as die swaard', het ons terstond 'n brief aan Die Burger geskryf.

Weke lank daarna het die reaksie daarop daagliks



vanuit die koerant se briewekolom weergalm:

- * "Dis verregaande vermetelheid"
- * "Studente is parasiete wat teer op die gemeenskap"
- * "Studente behoort verbied te word om enigsin motors te besit"
- * "Hoe durf hulle die Volkslied by die saak betrek"
- * "Wat soek hulle in elk geval op die strand, dis dan eksamentyd"

Ek het vanoggend my bakkie vol diesel laat maak en dit het R628,00 gekos. Net voor ek wegtrek, het ek my oë vir 'n oomblik toegemaak, en ek kon sweer ek hoor die kranse antwoord gee.

STUUR JOU BRIEF SÓ

Ons ontvang baie graag briewe van oudstudee, maar vra dat briefskrywers asseblief by 'n maksimum van 200 woorde hou.

Skryf aan: Die Redakteur: *Matieland*, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak XI, Matieland 7602. Briewe kan ook gefaks word na 021 808 3800 of per e-pos gestuur word na media@sun.ac.za. Onthou asseblief dat ons alle briewe wat ontvang word as publiseerbaar beskou, tensy anders versoek.

Al die *Matieland* Facebook-blad besoek? Gesels saam by www.facebook.com/matieland.



Oos Wes, Eikestad bes!



Kom raak weer in vervoering met die dorp wat almal laat tuis voel. Herleef die goeie ou dae op talle nuwe maniere – soos om 'n draai te maak by Suid Afrika se Top Restaurant van 2010, of besoek van die vele ander attraksies reg in die hartjie van die Kaapse Wynlande.

Om meer uit te vind oor ons spesiale aanbiedinge vir Matie Alumni, kontak ons gerus by alumni@stellenboschtourism.co.za

33°55 12 S 18°51 36 E

Stellenbosch Tourism & Information - 36 Market Street, Stellenbosch, 7600 - Tel: +27 (21) 883 3584 - Fax: +27 (21) 882 9550
www.stellenboschtourism.co.za



GEE KREDIET AAN DIE NAMIBIESE MATIES

JP CARSTEN, NAMIBIË

Matierugby lê my na aan die hart. Tydens die Varsitybekerugby sit ons gesin vasgenael voor die TV. Met elke Matie wat Springbok word, swel my hart van die trots (*Matieland*, Winter 2010).

Ek wil 'n lamsie breek vir Maties wat vir die Namibiese nasionale span speel. Vir hulle gaan dit om die spel en die trots om hul land tydens die Wêreldbekertoernooi te verteenwoordig. Ek wonder hoeveel spelers in Suid-Afrika in dieselfde finansiële omstandighede nog sal rugby speel. Vir 'n Vodacom-wedstryd of 'n buitelandse toer kry spelers soms so min as N\$1 000 per wedstryd. Vir die afgelepe Nasiesbekerstoernooi in Roemenië, wat

Namibië gewen het, het die Namibiese rugby-unie nie genoeg geld gehad vir behoorlike wedstrydfooië nie. 'n Weldoener, mnr Roy Oosthuizen van Keetmanshoop, het N\$52 000 aan die 26 spelers geskenk vir hul durf en landstrots. Spelers wat in Namibië woon en werk, moet onbetaalde verlof neem vir buitelandse wedstryde.

Maak asseblief iewers, soos by reünies, melding van dié manne.

(Twee 2010 Maties het vanjaar vir Namibië uitgedraf. Hulle is Enile Buitendag (skrumskakel) en McGrath van Wyk (vleuel). Red.)

DANKIE VIR DIE KUNSAKTIKEL

KARIN HENRI, KIMBERLEY

Baie dankie vir die artikel oor die Kunsdepartement (*Matieland*, 2009:2). Ek het voorverlede jaar daarvoor gekla dat daar so min oor die Kunsdepartement gepubliseer word. En nou is dit al weer 'n paar maande later, maar liever nou as nooit! Ek waardeer dit baie dat julle so 'n volledige artikel oor die kunste gedoen het. Baie dankie, doen so voort!!



Professor Jonathan Carr of the Stellenbosch University Faculty of Health Sciences' Neurology Department diagnosed a rare neurodegenerative disease called corticalbasal degeneration. It is a disorder that follows a journey all of its own. Daily, it gives more of itself and takes away more of my body by gradually paralysing it.

It will bring my life's journey to a premature end, and I want that journey to end in the place that I refer to as 'heaven being a place on earth'.

So, on the weekend of my revisit, I arranged with Schalk that my ashes will be returned to that place where it all started - the top of Merriman Street and to Helshoogte in Stellenbosch.

(Read Ed's gripping account of visiting Stellenbosch at <http://edlunnon.wordpress.com/2010/08/29/home-is-where-the-heart-is/#respond>. See www.edlunnon.co.za for more information on the author and on corticalbasal degeneration. Editor.)

Schalk is also my 'adopted son' for the "Pa-en-seunaweek" that I attended earlier this year.

I am always thrilled to journey back to Stellenbosch. It is the hub of so many of my journeys, and the source of so many of my travelling companions.

In fact, my life journey started there when I was born in the hospital at the top of Merriman Street.

I returned to Merriman Street in 1976 to begin my academic journey, and lived across the road from the hospital in the then three-year-old Helshoogte. Six memorable years culminated in my also becoming the primarius. In 2004, I continued with that academic journey.

Stellenbosch created my wanderlust for travel. it was the hub from which four of us (including my sister, Ingrid, who later became primaria of Serruria) left in 1977 for a tour of Schalk's homeland, Namibia, and from which eight of us left in 1981 on a EuroRail journey through Europe.

My current and most difficult journey commenced in 2007 - also in Stellenbosch! That was when



Ed Lunnon (left) presents a weekly programme on AlgoaFM. Here he is with Lance du Plessis of AlgoaFM.

HOME IS WHERE THE HEART IS

ED LUNNON, PORT ELIZABETH

Schalk Burger is a name not unknown in Stellenbosch. But this Schalk Burger is from Windhoek. He is the newly elected primarius of Helshoogte for 2011, and gives me hope for the future.

EERSTE AKADEMIESE DAG UIT KLAS GEJAAG

THEO VAN ROBBROECK, STELLENBOSCH

Toe ek in April 1952 per skip vanuit België in Tafelbaai aanland, was die Van Riebeeckfeeste pas klaar en was dit vakansie vir die studente ná die eerste kwartaal. Ek het ingeskryf vir die vyf jaar lange BSc Blnk-kursus, en moes al die agterstallige werk inhaal.

My koshuis, Huis Visser, was uiteraard leeg, behalwe vir 'n nagrade student, Braam van Staden, wat later adjunkgoewerneur van die Reserwebank was. My kamermaat blyk toe Gieille Koch te wees, die broer van die beroemde Springbokvoorryman Chris. In my tweede jaar was die primarius Basil Wunsch, 'n Engelssprekende Jood, wat ook lid van die Studenteraad was en later regter geword het.

In die lig van die Afrikaanse nasionalisme van daardie tyd, was dit vir my merkwaardig en het dit getuig van 'n groot mate van oopheid by die studente.

My heel eerste klas was Chemie. Die dosent, dr Kritzinger, was laat en die studente het gerumoer en papiervlieërs rondgegooi. Ek het die spul 'n bietjie vreemd gadeslaan, toe een van die vlieërs op my bank beland. Ek gooi dit maar terug en op daardie oomblik kom dr Kritzinger in en sien dit. Die eerste akademiese woorde wat ek toe hoor was: "Jy daar, uit!" Later was hy ietwat verleë toe ek in my beste Nederlands om verskoning vra!



Illustrasie: Robert Schultheiss, Out of the Blue

SÓ HET EK STEELFOTO'S VAN DIE PROFFIES GENEEM

HELMUT MORSBACH, JAPAN

Wat doen 'n mens as arm eerstejaarstudent in 1955 op die 'Ou Akker' indien jy dringend sakgeld benodig? Met 'n geleende kamera het ek tussen 1955 en 1960 verskeie dosente en proffies in die geheim 'geskiet'. Ek het eers aan die betrokke proffie 'n eksemplaar van die foto geskenk en verkoopverlof gevra. Daarna het ek dit vir 'n sikkens of so aan my klasmaats verkoop.

Dis moeilik om uit my baie proffiefoto's enkeles uit te lig. Maar "pride of place" gaan aan prof Con de Villiers, oftewel 'ou Con'. In daardie dae het proffies behoorlik geklee in pak en das opgetree. Prof Con was 'n uitmuntende leraar, wat ons in sy frustrasie toegebulder het: "Julle is mos te lui om te dink!" (en dit was die waarheid!).

Ou Con self kon blitsvinnig dink. Gedurende 'n lesing oor die menslike spiere vra hy byvoorbeeld vir die hele klas wat die verskil is tussen die ringspier van die mond en die ringspier van die anus. Rikus Schoonees antwoord toe vanu t die klas: "Dokter Con, die een is willekeurig en die ander een is onwillekeurig!" Blitsvinnig 'brerry' ou Con toe in sy sterk Swartbergdialek: "Maar Rrikus, dit sal darrrem 'n qrrroot gemorrns afgeel!"

In Chemie het 'Krittie' (prof Kritzinger) ons dikwels met sy grappe laat skaterlag. Eendag neem ek my kamera saam en gaan sit in die tweede ry om 'n goeie (maar natuurlik geheime) foto van 'ou Krit' te neem. Daarvoor staan ek toe effentjies op, met my kamera gereed, maar toe ontdek hy my. "Nee wat. Morsbach, moenie nou al skiet nie, laat my eers my das regsit!" bied hy toe glimlaggend aan.


Met sy donker oë en geheimsinnige gebare was

'dokter AB.' van Sielkunde altyd die eerste keuse indien studente sielkundige raad kom soek het. Vir ons was hy die persoonifikasie van Carl Rogers se "non-directive therapy", wat nie vir 'n mens raad gee hoe om iets te doen nie - jy moet dit SELF uitvind!

Oor die jare het ek baie foto's verkoop en sakgeld verdien waarmee ek my eerste horlosie kon koop. Proffies het in daardie jare mos redelik lank onderwys gegee en daarby nie alte veel verander nie; dus kon ek hulle foto's ook nog in latere jare verkoop. Dalk is daar nog van hulle in verskeie oud-Maties se albums?

Ná my MSc in Sielkunde by die US wissel ek toe na Ikeys om daar in 1965 my doktorsgraad in Sosiale Sielkunde te verwerf. My eerste klasgee-ervaring kry ek by Rhodes-universiteit (1964-1967), om daarna heel onverwags na die International Christian University in Tokio te gaan. Weens die langdurige studente-onluste in Japan, verskuif ek in 1969 na die Universiteit van Glasgow in Skotland, om in 1992 weer as professor in Erkkulturele Studies na Japan terug te keer. In my Japanse vrou se 'tuisdorp', Tokio, is ek tans by die Amerikaanse Temple University, en gee ek daar deelyds oor sosiaal-sielkundige onderwerpe klas.


(Baie dankie aan Helmut, wat ook 'n sweeftuigtoesias is, vir die interessante vertelling! Gaan kyk na die proffiefoto's by www.flickr.com/photos/kabutomushi1937/page1/. Skakel met Helmut by helmut@tokyo.email.ne.jp. Red.)



Prof. Con de Villiers 1955



Helmut Morsbach



Prof. Kritzinger 1955

TYGERBERG-KINDERKOOR SPOG OOK MET OUD-MATIES

FRANCOIS LUBBE, SONEIKE (KUILSRIVIER)

Baie dankie vir die puik *Matieland* wat ek weereens ontvang het. Dit is altyd iets waarna ek uitsien om te lees.

As oudkoorlid was ek natuurlik baie trots op die prestasies van die US-koor tydens die Wêreldkoorspele. Hoe wonderlik was dit nie om ook teenwoordig te wees en dit te beleef nie!

Ek is ietwat teleurgesteld dat die Tygerberg-kinderkoor (TKK) slegs terloopse vermelding kry op bl 21, aangesien die dirigent sowel as begeleier ook albei trotse oud-Maties is. Die TKK het ook in 'n tweede kategorie, Volksmusiek, 'n eerste plek verower, en is dus ook dubbelkampioene.

Daarna het hulle ook 'n derde pr.ys, naamlik goud in die Kinderkore-kategorie, verwerf.

Hou vol met die goeie werk!

'N GEBOU MET 'N GESKIEDENIS

KOOS ROUX, PRETORIA

In 1921 het my oorlede vader, Kobus Roux, wat op die plaas Doornbosch in Stellenbosch grootgeword het, in hierdie gebou (sien foto), toe die Hoër Jongenskool, gematrikuleer. Die skoolhoof was sy neef, wyle Paul Roos.

In 1960 was ek 'n finalejaar-Ingenieurstudent in dieselfde gebou, wat toe die Ingenieursfakulteit gehuisves het. Die foto is van Ingenieurstudente wat tydens die tienminuutpouse tussen klasse aan die verbygaande damestudente predikate toeken! Die foto is in 1958/1959 geneem deur my kamermaat in Simonsberg, Christo Viljoen, latere dekaan van die Ingenieursfakulteit, vir 'n artikel getiteld "Ondersoek na Ingenieurstudente" wat Martha Giseke vir *Die Matie* geskryf het. Is daar ingenieurs wat hulself op die foto herken?

Met die verskuiving van die Ingenieursfakulteit na sy huidige ligging, het die Departement Visuele Kunste dieselfde gebou betrek. My kleindogter, Jeanne-Marié Roux, het suksesvol aansoek gedoen om keuring in die Departement Visuele Kunste, en sal dus die derde geslag Roux wees wat in dieselfde gebou studeer, maar in drie verskillende rigtings!



MATIELAND SOMER 2010/2011 5



Sonop is vanjaar as Matie-kampioene gekroon
Foto: Bernard Bravenboer

Sonop en Hippokrates is US-sêrkampioene

Die nagtegale van Sonop en die 'soldate' van Hippokrates was 2010 se kampussêrkampioene, en het die US by die gewilde Nasionale Sêrkompetsie verteenwoordig wat vanjaar in Matieland gehou is.

Stephan Schoeman, 'n inwoner van Afslaan-manskoshuis van die Universiteit van Johannesburg, het na afloop van die geleentheid gesê: "Baie dankie aan Hippokrates en Sonop wat ons sowaar tuis laat voel het. Kan ons nie maar Nasionale Sêr elke jaar op Stellenbosch hou nie?"

Boonop het die US vanjaar sêrgeskleidenis gemaak toe die vertonings in die Endlersaal in die Konservatorium (een van drie lokale waar die kompetisie aangebied is) regstreeks via die US se webblad bebeeldend is en webgebruikers van oor die hele wêreld dit direk kon volg.

Sonop-vrouekoshuis het die eerste plek behaal vir hul eie komposisie en verwerking van die voorgeskrewe lied vir vroue, "What's Going On" van die groep 4 Non Blondes.

Hippokrates se 'weermag' het swaar gewapen na die kompetisie gekom en uiteindelik met 'n derde plek vir hul vertolking van die voorgeskrewe lied "Sweet Child o' Mine" van die rockgroep Guns N' Roses uit die stryd getree.

PhD-student ontvang internasionale volhoubaarheidsprys

Twee Suid-Afrikaanse navorsers, onder wie een die Matie Jeanne de Waal (27), is onlangs deur die Duitse Minister van Onderwys en Navorsing, prof Annette Schavan, met die Green Talents- internasionale prys vir volhoubaarheid vereer.

Me De Waal, 'n PhD-student in die Departement Natuurbewaring en Entomologie, se navorsing konsentreer op volhoubare landbou.

Die ander Suid-Afrikaanse wenner is mnr Paul William Jorgensen van die Universiteit van KwaZulu-Natal.

Luidens 'n mediaverklaring is die doel van die kompetisie om internasionale samewerking te bevorder om volhoubare oplossings te vind wat klimaatsverandering kan teëwerk en die omgewing kan beskerm.

Die 20 weners van 12 lande oor die hele wêreld het hul pryse by die sewende Volhoubaarheidsforum van die Duitse Ministerie van Onderwys en Navorsing in Berlyn ontvang.



Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Ná hul sukses vroeër vanjaar by die Wêreldkoorspele in Shaoxing, China, is die Universiteit Stellenbosch (US) se koor, onder leiding van André van der Merwe, nou tweede op die toonaangewende Interkultur Musica Mundi-wêreldranglys. Dit is die hoogste plek wat 'n koor uit Suid-Afrika nog ooit op enige wêreldranglys beklee het.

Interkultur is 'n toonaangewende internasionale kultuurorganisasie wat hulle daarvoor beywer om individue en nasies, kulture en uiteenlopende wêrelddele te verenig.



Stellenbosch well represented at leading business event and youth summit

The organising committee (all Matie students) of the BYM Annual Summit held in Stellenbosch.
Photo: Nielen Bottomley.

most importantly, exploring, demonstrating and implementing ideas and alternative solutions to problems plaguing humanity.

Past alumni of the Summit include numerous Rhodes and Fulbright Scholars, thriving entrepreneurs and founders of successful social initiatives. Ideas developed at the Summit have been published in a book, they have been profiled in national media and they have led to an award-winning business idea.

The theme of this year's Summit, held in Stellenbosch in September, was '2010: The Turning Point?' With innovative ideas, passion and inspiration, the delegates tackled projects and ideas, working to make them practicable. From a mobile-based river clean-up project, a conference aimed at gathering emerging leaders in emerging markets, a mobile virtual classroom, to a virtual medical check-up system, the projects were the result of passion and hard work. Some of the projects are already being implemented post-summit; an example of one of these is EDGE, an online virtual campus (www.edgecampus.co.za). (www.edgecampus.co.za).

Altogether 13 of the 24 young leaders chosen to attend the prestigious The Chosen (www.followthechosen.co.za) 2010 MTN Business Leading CEO Council were students from Stellenbosch University (SU), including two alumni.


The Chosen is a unique annual event where South Africa's top businesspeople unite to discuss leadership issues and to mentor those who are to succeed them. Ranked as the top business event by the Sunday Times newspaper five years in a row, this three-day initiative features seminars, workshops and debates where 24 of today's top leaders help to mould 24 protégés - those who are the leaders of tomorrow.

The protégés were hand-picked from the delegates who attended this year's Brightest Young Minds (www.bym.co.za) Summit. Founded in 2000 by SU students, Brightest Young Minds has been gathering 100 of the brightest young minds from around the country for an annual summit of brainstorming, training, exposure and,

Van der Merwe sê: "Dié tweede plek op Musica Mundi se ranglys is 'n bonus ná die ervaring in China. Dit is inspirerend om te weet dat die werk wat ons hier in Matieland doen internasionaal so prominent erken word."

Die Universiteitskoor het sedert hul prestasies by die Wêreldkoorspele in 2008 die vierde plek op die wêreldranglys beklee. Die wêreldranglys word elke twee jaar hersien, en vanjaar het die Maties na die tweede plek opgeskuif - net drie punte agter die weners, 'n koor uit Letland.

Studente betoog TEEN MISDAAD



Honderde lede van die Universiteit Stellenbosch Studente-unie en ander lede van die Stellenbosch-gemeenskap het in Oktober vanjaar aan 'n protesoptog teen misdaad op dié dorp deelgeneem. Die optog op kampus is aangevoer deur 'n Matiestudent, Nicholas Taylor, 'n vriend van Daniel Booysen wat in Oktober vermoor is.



Mathilde van der Merwe

Matie as SAASTA-wenner aangewys

Mathilde van der Merwe, 'n doktorsstudent in Genetika, is as die wenner van SAASTA (die Suid-Afrikaanse agentskap vir die bevordering van wetenskap en tegnologie) se Jong Wetenskapkommunikeerders-kompetsie bekroon. Vir die kompetisie moes sy 'n artikel oor 'n wetenskaplike onderwerp skryf, maar op so 'n manier dat dit vir die groter publiek toeganklik is. Haar artikel het gehandel oor Aplysia, 'n skulplose seeslak, wat in navorsing oor senuweeselle en die brein gebruik word.

"Ek het dit as 'n uitdaging beskou om iets uit die wetenskap 'n bietjie meer opwindend te probeer maak en met 'n groter gehoor te deel. Natuurlik was die prys ook 'n groot wortel voor die neus," sê sy glimlaggend. As wenner word Mathilde geborg om in Februarie 2011 'n groot wetenskapkongres, die byeenkoms van die Amerikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap, in Washington DC by te woon.

Volgens Mathilde is dit baie belangrik om die wetenskap verstaanbaar te dra. "Daar vind elke dag fassinerende navorsing plaas, maar Jan Alleman word selde daarvoor ingelig. Dit kan werklik vir almal 'n bron van inspirasie en kennis wees om op hoogte te bly van deurbrake in die wetenskap."

Nicholas Taylor het by die geleentheid gesê die studente wil 'n openbare onderneming van Stellenbosch Munisipaliteit, die Universiteit sowel as die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) hê dat hulle 'n aksieplan in werking sal stel om die misdaadepidemie, "wat ons geliefde gemeenskap in sy kloue het", uit te roei.

Mnr Jan Greyling, Voorsitter van die Studenteraad (SR), het gesê: "Ons as die toekoms van hierdie land moet deel wees van die oplossing. Ons moet self verantwoordelikheid aanvaar vir ons veiligheid en vir diegene om ons."

Brigadier Nomthethile Mene van die SAPD; prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, en mnr Greyling het 'n memorandum van besorgdheid by die geleentheid onderteken, waarin die Studente-unie 'n veiliger kampus en gemeenskap in die vooruitsig stel waartoe almal aktief bydra.

Die Studente-unie het ook gevra vir 'n omvattender Groen Roete ('n spesifieke roete op kampus wat gepatroleer word), en dat bestaande kommunikasie- en ander geskikte platforms gebruik word om bewustheid te skep.



Foto: ATKV

Vyfde Matie wen ATKV-Muzik-prys

Orrelstudent Winand Grundlingh het R43 000 prysgeld losgeslaan in die landwyse ATKV-Muzik-kompetsie vir klassieke musiek wat onlangs in die Endlersaal van die Konservatorium op Stellenbosch gehou is.

Naas die eerste prys van R36 000, het hy ook R7 000 in die orrelkategorie gewen.

Grundlingh, 'n magisterstudent van Mario Nell by die Universiteit Stellenbosch (US), het verlede jaar R200 000 beursgeld in UNISA se Oorsese Musiekstudiebeurskompetsie gewen.

In sy finale jaar in die program BMus aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port-Elizabeth is Grundlingh toegelaat om met orrellesse by Nell te begin, en het hy daarna as honneursstudent by die US ingeskryf.

ATKV-Muzik teiken jong volwasse musici in die ouderdomsgroep 15-27 vir instrumentaliste, en tot die ouderdom van 32 vir sang.

Matie longboarder looking forward to World Cup

Matt Arderne, second-year Industrial Engineering student, will be representing South Africa at the International World Cup for longboarders in December. He won the title as King of the Hill in Fort Schanskop in Pretoria in September, and was ranked first in South Africa and 61st in the world as downhill skateboard racer.

Matt (21) has been skateboarding since he was 14 or 15 years old, living in Llandudno. "It was either surfing or skateboarding," he told Matieland. He is a team rider for Sector 9, South Africa. Apart from competing in all five national races this year, he is looking forward to participating in the International World Cup race, in which all the touring professionals come and participate.

And even though there is an element of competitiveness, "the guys are fun and there is a cool, community vibe among them".

Racing speeds usually average over 80 km/h; however, the fastest race in South Africa this year saw a top speed of 100 km/h. Even though this might sound frightening, Matt says the nerves he feels before a race is anticipation, not fear. He says he was lucky never to suffer any serious injuries, "only a mild concussion". Safety is always priority, and skaters have to wear full leathers during all competitions.

As an Industrial Engineering student, the technical aspects that go into longboarding fascinate him. "I am always tweaking my equipment, and looking for ways to improve my performance."



Matt Arderne at the Faircape Downhill Challenge held in Durbanville in April.

BROKKIES SNIPPETS

Versindaba weer 'n groot sukses

Die jaarlikse Versindaba van die Departement Afrikaans en Nederlands is vanjaar weer met groot sukses aangebied. Dit was ook die eerste keer dat dié geleentheid onder die vaandel van die Universiteit Stellenbosch se Woordfees plaasgevind het.

Om vanjaar se Versindaba dus 'n Woordfeesbaadjie aan te trek, is daar besluit op 'n nuwe inkleding en aanbieding van die geleentheid, met behoud van die positiewe kenmerke van vorige jare, om sodoende die bywonersprofiel meer divers

te maak as in die verlede, sê die Woordfees se Woordkunsprojekbestuurder, mnr Melt Myburgh.

Die entoesiastiese deelname deur 'n groot aantal leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe, soos die *Piemp*-digters van Scottsville buite Kraaifontein, het 'n aangrypende bydrae tot die program gelewer en 'n voorbeeld gestel van hoe poësie brùe in die gemeenskap kan help bou.

'n Hoogtepunt was die Digtersgala by die Lanzerac-hotel, waar groot name uit die literêre wêreld die verhoog gedeel het. By dié geleentheid is die Protea-poësieprys aan Breyten Breytenbach oorhandig vir sy bundel *Oorblyfsel/Voice Over*.

Die kollokwium wat deur die Departement Afrikaans en Nederlands gereël word, het ook by die Versindabaprogram aangesluit. Prof Marlene van Niekerk het van Afrikaans se voorste digters genooi om 'n antwoord van variasie op Alan Ginsberg se bekende gedig "America" as 'n "Brief aan Suid-Afrika" aan te bied. Belangstelling in die kollokwium was oorweldigend, en deelnemers, lede van die publiek en die media het die geleentheid in groot getalle ondersteun.



Antoinette Kellerman het namens Breyten Breytenbach 'n gedig voorgelees by die kollokwium wat as deel van die Versindaba aangebied is.

Welgevalenkelder spog met wenwyne

Geskiedenis is gemaak toe die Universiteit se Welgevalenkelder twee toppryse gewen het met hul wynreeks Die Laan se pinotage - 'n eg-Suid-Afrikaanse druifkultivar wat reeds in 1924 as kruisingsprodukt op die Welgevalenproefplaas ontwikkel is.

By die Absa 2010 Top 10 Pinotage-kompetisie was wynmaker Riaan Wassung se Die Laan Pinotage een van die tien wenners. Kort daarna is dié wyn wêér bekroon - dié keer met 'n goue medalje by die Suid-Afrikaanse Nasionale Wynskouvereniging (SANW) se Veritasprysuitdeling, Suid-Afrika se oudste kompetisie vir wyne wat markgereed is. By dié wynskou het Welgevalen se Cape Blend ook brons verower.

Die pryse is 'n groot eer, sê Riaan, en beklemtoon ook die rol van mnr Vaatjie Jacobs wat vir die verbouing van die druive verantwoordelik is. Die plaas, een van Stellenbosch se oudstes, bestaan reeds sedert die 1600's. Met die Fakulteit Landbou (nou AgriWetenskappe) se ontstaan in 1918, het Welgevalen 'n proefplaas geword. In 2000 is die ou kelder op die plaas opgeknop, en sedert die 2008-oesjaar word die plaas se wyne onder die Universiteit se eie etikette verkoop.

Die Welgevalenkelder se wyne is beskikbaar onder die handelsname Die Laan (wat uit die Cape Blend-rooiwyn, 'n pinotage en 'n vlognier bestaan) en Maties Rooi Versnit. Besoek <http://academic.sun.ac.za/viti/noenol/> vir meer inligting, stuur 'n e-pos na winesales@sun.ac.za, of bel 021 808 2022.

Mnr Riaan Wassung en Vaatjie Jacobs, die wenspan agter die sukses van Die Laan Pinotage. Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Direkteur van Universiteitsmuseum ontvang Visuele Kunste-prys

Die nasionale raad van die Suid-Afrikaanse Nasionale Vereniging vir die Visuele Kunste (SANAVA) het dr Lydia de Waal, Direkteur van die Universiteitsmuseum, vir haar buitengewoon aktiewe diens aan die Visuele Kunste vereer.

De Waal is sedert die middel-1970's lid van die Vereniging - aanvanklik van die

Bloemfonteinse tak en later in Pretoria, waar sy in 1995 tot 1998 ook in die Noord-Transvaalse streeksraad gedien het. In 2001 het sy Direkteur van die Universiteit Stellenbosch Museum geword, en sedert die Stellenbosse Kunsvereniging in 2006 gestig is, verteenwoordig sy die Stellenbosse Kunsvereniging in die uitvoerende komitee.

Dr Lydia de Waal



SU first African university to sign Berlin Declaration on Open Access

Stellenbosch University (SU) became the first African university to sign the Berlin Declaration on Open Access to Knowledge in the Sciences and Humanities.

"The signing of the declaration by the University is a demonstration of its commitment to sharing its research output and other scholarly material with research communities, especially those on the African continent," said Ms Ellen Tise, Senior Director of SU's Library and Information Service (LIS) and President of the International Federation of Library Associations and Institutions.

Prof. Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, signed the declaration on behalf of SU at an Open Access Seminar, presented by LIS, held in October.

In a pre-recorded video message, Mark Shuttleworth, an internet billionaire and proponent of open source software, said the fewer people know



Prof Russel Botman signs the Berlin Declaration on Open Access. With him is Ms Ellen Tise, Senior Director of the Library and Information Service

about your research, the less it is worth.

"We'd like to think that the best ideas win, but the truth is that the best communicated ideas win. An author put it very clearly to me. He said, 'My greatest risk is not piracy; the stealing of my content. My greatest risk is obscurity'. I believe that the future is an open future and that the institutions leading that process will be the ones that survive the coming shakeout in the education sector and increase their footprint globally," he said.

SU has established an open access repository, SUNScholar, which can be accessed by anyone with an internet connection at <https://scholar.sun.ac.za>.

Vernuwende werksessies bekend gestel om **studente- potensiaal** te ontsluit

Dertien vernuwende werksessies met die spesifieke doel om die volle studentepotensiaal by hoëronderwysinstellings in Suider-Afrika te ontsluit, is in September bekend gestel.

Die werksessies spruit uit 'n navorsingsprojek waarby agt hoëronderwysinstellings se sentra en eenhede gemoeid met studentevoorigting en -ontwikkeling sowel as twee privaat maatskappye in Suid-Afrika betrokke is.

Elk van die agt hoëronderwysinstellings het een of meer werksessies ontwikkel, met temas soos aanpassing by die studentelewe, tyd- en stresbestuur, emosionele intelligensie, denkvaardighede, hoe om jou loopbaan 'n hupstoot te gee, loopbaanvernuwing, en persoonlike handelsmerke ("personal branding").

Die baanbrekersprojek, wat deur die Suid-



Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Verteenwoordigers van die agt hoëronderwysinstellings wat die bekendstelling van die werksessies bygewoon het. Prof Charl Cilliers is derde van links agter.

Afrikaanse kantoor van die Golden Key International Honour Society geborg word, is in 2008 van stapel gestuur.

Prof Charl Cilliers, Direkteur: Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling by die Universiteit Stellenbosch, en die dryfveer agter die ontwikkeling van die werksessies, sê vaardighede soos kommunikasie, probleemoplossing, kreatiewe en kritiese denke, en die vermoë om uit ervarings te leer, moet blote vakkundigheid en formele kwalifikasies aanvul. "Dit verg meer as net akademiese kennis en kwalifikasies om sukses in die lewe en die beroepswêreld te behaal," sê hy.

Vir meer inligting, skakel met prof Charl Cilliers by die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling by tel 021 808 4971 of per e-pos by cdc@sun.ac.za.

SU custodians for freedom flag

At a special function held in September, one of the South African flags that heralded the birth of democracy in South Africa was handed over to Stellenbosch University (SU) for custodianship.

The flag is one of four that were suspended from Oryx helicopters for the flypast during the inauguration of Mr Nelson Mandela as President at the Union Buildings in Pretoria on 10 May 1994. It bears the signatures of Mr Mandela; his predecessor, Mr FW de Klerk, and Mr Thabo Mbeki, then Deputy President. Mr De Klerk attended the function held in the SU Museum.

The flag was to be auctioned by Bonhams in London in March this year, but was acquired on behalf of the Stonehage Charitable Trust by Mr Guiseppe Ciucci, Chairperson of the Trust, and SU alumnus and benefactor, in a sale brokered on the understanding that the flag would be returned to South Africa.

Prof Russel Botman, SU Rector and Vice-Chancellor, expressed the University and the South African society's appreciation to Mr Ciucci, who donated the flag to the South African government.

Mr Ciucci said that he is very pleased that the flag now is where it belongs - in South Africa. "It flew at a key moment of national and international celebration, and symbolises a moment of significant triumph in the country's history," he said.

"In that single moment (the flypast), millions of South Africans were united. Racism and discrimination had been overcome, the will of the people had triumphed, and a better life for all beckoned," Prof Botman said.



Former President FW de Klerk and Prof Russel Botman at the flag ceremony. Photo: Anton Jordaan (SSFD)

Dis gepas om Ruda Landman in die restaurant Bambanani in Melville, Johannesburg, te ontmoet. Sy is 'n lid van die advieskomitee van die HOOP Projek, die Universiteit Stellenbosch (US) se ambisieuse langtermyn- strategieese plan wat vanjaar bekend gestel is, en die eelplek se naam beteken 'om hande te vat en saam te staan'. *Teks: Willem Kempen Foto's: Felix Dlangamandla*

En as jy glo in saamstaan vir 'n gesonde toekoms vir die Universiteit en die land, is die HOOP Projek die soort uitdaging waarby jy betrokke wil raak - veral as jy die pad as Matie, Studenteraadslid en later ook as lid van die Universiteitsraad geloop het.

Op 'n motreënerige vroeë somersoggend in Bambanani, en oor ongesonde hoeveelhede koffie, praat ons eers oor hoe stil Melville deesdae is, hoofsaaklik omdat die voortslepende padwerk vir Johannesburg se nuwe snelbusdiens baie potensiële besoekers aan dié woonbuurt vol straatkafes afskrik.

Ruda en haar man, die ekonoom en ontleder JP Landman, woon al 29 jaar in dieselfde huis net 'n blok of twee weg van waar ons sit en gesels. Hul seun, Johannes, is ook vir 'n jaar terug in die huis terwyl hy sy meestersgraad in Film- en Televisieregie by Wits doen - darem nadat hy sy honneursgraad in Drama as 'n Matie klaargemaak het.

Sy voel ewe sterk oor wat soms in haar beroep aangaan

"Weet jy, ek het die lekkerste lewe. Absoluut heerlik. Ek doen projekte, soos nou met (die kykNET-program) 'n Lewe met ..., en ons is besig met die Engelse weergawe van die reeks Grensoorlog. Ander mense speel sudoku; ek vertaal. Dis vreeslik kreatief, daai hele ding dat jy nie iets net so van een taal na 'n ander kan oorneem nie."

Sy voel ewe sterk oor wat soms in haar beroep aangaan - die klem op die "journalism of outrage". "Dit maak my diep moeg; dit is so oppervlakkig. Dit gee selde 'n genuanseerde kyk; dit probeer eerder mense kwaad maak."

Daarom dan ook haar betrokkenheid by die opbouwende HOOP Projek - om te glo die Universiteit "kan self die hout kweek waarmee die huis gebou moet word".

"Ek dink prof Russel Botman (Rektor en Visekanselier) is verskriklik goed vir die Universiteit.

"Russel maak die Universiteit oop na die land toe, en dis ook wat die HOOP Projek probeer doen. Ek dink daar is baie mense wat Stellenbosch nog as 'n kleinood vir die Afrikaanse mense sien. Ons is verby daardie stadium; ons moet nou vir die land wees, nie net vir onself nie.

"En jy moet dinge doen wat vir die land se beswil is. Russel het daardie visie. Hy maak die ivoortoring oop. Dis wonderlik dat die Universiteit uitreik.

"Ek weet daar is mense wat vra: 'Wat is dit, en wat het dit met die akademie te doen?' Tog, die stroom bestaande werk en suiwer navorsing bly bestaan - dis nie asof dit afgewater raak nie. Maar hierdie soort goed maak ander deure oop en ek dink dit is wonderlik."

Sy is ewe beïndruk met 'n skenking wat 'n nuwe mediese uitreikprogram op die platteland moontlik sal maak. "Dis fantasties vir die mense op die platteland, en ook vir die studente en vir navorsing - nou kan jy sien watter verskil maak hierdie ding wat jy in jou laboratorium ontwerp in die lewe van Martha daar in haar huisie in die township op Beaufort-Wes."

As die Universiteit beter kwekelinge wil hê, moet die uitreikaksie tot op skoolvlak strek. "Ons weet almal hoe swaar kry ons skole,

so ondersteuning vir skole is verskriklik belangrik. En jy help ontwikkel dan aan mense wat suksesvol kán wees op universiteit.

"Die HOOP Projek is soos daardie gelykenis in die Bybel: Van die saad gaan op klip val; ander gaan 'n jaar lank groei en dan doodgaan, maar dis nie 'n opsie om glad nie te saai nie.

"Mense vra altyd: 'Hoekom moet Stellenbosch verander? Dit was dan so suksesvol toe dit nog net 'n suiwer Afrikaanse universiteit was.' Ja, maar dit was 'n ander wêreld, 'n ander tyd. Vandag is jy globaal verbind, onmiddellik. As jy iets wil beteken, moet jy jou deure en vensters oopmaak. Jy kan nie hierdie klein plekkie wees net vir mense wat almal eenders is nie. Jy doen dan ook jou studente 'n onguns aan."

Globale verbinding beteken seker ook globale geleenthede - en die opsie om die land te verlaat; om "te ontsnap" die oomblik as jy klaar gestudeer het? vra ek. "Die skaal daarvan elders in die wêreld is dalk anders, maar die probleme is oral dieselfde. Behalwe dat jy in Wellington (Nieu-Seeland) kan gaan sit en sê: 'Dit het niks met my te doen nie. Dis nie my geskiedenis nie; ek hoef dit nie op my skouers te neem nie.' Ons wat hiér is, kan dit nie sê nie."

die vol lewe van Ruda Landman

Ruda *die Matie*

Ruda was in haar studentedae in Huis ten Bosch op die HuisKomitee; prim vir 'n jaar, en op die Studenteraad in haar laaste jaar as Matie. Sy en onder meer Thys Loubser, Willie du Preez, Tobie de Villiers en Edwin Cameron was "die linkse vleuel" op die Studenteraad, "eintlik net omdat ons nie deel was van die Ruitewag en klie nie".

"Iets waaroor ek absoluut skaam is in my lewe, is hoe min ons geweet het van wat in die land aangaan, en óns was studenteiers in 1976. Ons wêreld was so klein.

"Vandag se kinders is soveel meer bewus van dinge. Maar dan staan ek ook voor 'n Joernalistiekklas met swart studente, en ek praat van Steve Biko, en hulle kyk my met sulke blank oë aan."

BEROU SY IETS UIT HAAR STUDENTEDAE?

"Weet jy, youth is wasted on the young. Die universiteit is 'n ongelooflik ryk omgewing, en 'n mens coast maar net deur, doen jou ding en loop jou klein paadjie, en jy gebruik nie 'n tiende van wat beskikbaar is nie. Daaroor is ek nogal soms spyt.

"Byvoorbeeld, my studie. Ek het my honneurs in Engels gedoen. Ek was so verskrik oor die Engelse letterkunde wat hier voor my ooplê, ek het maar net gedoen wat ek moes. Ek het nie ontspan en dit geniet nie - wat die Britte noem reading a subject. Ons 'bestudeer' dit, en alles gaan oor prestasie en waar jy uitkom.

"Ons almal was darem maar in sulke boksies in die sewentigs in hierdie land; jy't net mense geken wat soos jyself is. Die nuwe Suid-Afrika is in daardie opsig vir my ongelooflik opwindend."

Met ons gesprek op 'n einde, vertel sy van die getimmer wat tuis op haar wag terwyl die restaurasie van hul huis se vloere nog aan die gang is. Duidelik gaan die Landmans nog lank hier af in die straat woon - hoe dan anders as jy pas in nuwe houtvloere belê het? 📺



Ruda sit regs voor, afgeneem voor Huis ten Bosch

En as sy haarself 'n vraag kon vra?

"Ek sou graag wou praat oor wat joernalistiek is en wat ons probeer regkry. Dit is vir my die beste van *Carte Blanche* (die aktualiteitsprogram waarvan sy tot 2007 'n mede-aanbieder was) - dat dit 'n geweldige groot kwessie kan vat en dit vir die kyker werklik en verteerbaar maak omdat dit persoonlike stories vertel, mense se individuele stories, maar dan gegrond op deeglike navorsing. En dit gee ook die groter agtergrond, en hoekom en hoeveel.

"Die Stellenbosse model van Joernalistiekonderrig is die beste. Jy kan iemand binne 'n jaar die tegniese vaardighede leer, maar as hy reeds Ekonomie, Geskiedenis, Filosofie of Politieke Wetenskap op derdejaarsvlak het, gaan hy 'n beter Joernalis wees. Jy moet verstaan wát jy kommunikeer, nie net hóé nie.

"Mense wat sê alles is deurmekaar en alles val uitmekaar: Gaan staan net 'n oomblik stil en dink waar wás ons, sê maar in 1985.

Dink dááran."



Mense wat sê alles is deurmekaar en alles val uitmekaar: Gaan staan net 'n oomblik stil en dink waar wás ons sê maar in 1985

HOOP

Projek ontlok groot geesdrif by MatiesAlumni in die buiteland

Die Universiteit Stellenbosch (US) se HOOP Projek het oor die afgelope paar maande groot geesdrif by MatiesAlumni in die buiteland ontlok. Bekendstellingsgeleenthede is in Oktober gehou in Londen, Amsterdam en Berlyn. Nader tuis is geleenthede in Windhoek in Namibië, in Port Elizabeth en in Durban gehou. Die HOOP Projek, die US se langtermyn strategiese plan, is amptelik in Julie in Stellenbosch en in Johannesburg bekendgestel (sien artikel hiernaas).



1. De Wet en Hilze Strauss, onderskeidelik 'n predikant en 'n kliniese sielkundige van Windhoek, het die bekendstelling in Windhoek bygewoon.
2. Patrick Prah, Andrea Kühn en Ismail Esau, was by die bekendstelling in Berlyn in Duitsland.
3. Dr Sean en me Karen Plaatjies, saam met prof Russel Botman, by die bekendstelling van die HOOP Projek in Port Elizabeth.
4. Ettiëne en Roelien Jordaan en Louise Enslin was by die bekendstelling in Londen.
5. Voor is me Bev Witten, Direkteur Alumniverhoudinge, Derk de Wolf, mnr Michiel Huisman en Aad Goudriaan. Agter is Arnout Schothorst, Inge Van Borerijien, Wieteke de Best en Sophie Bloem by die bekendstellingsgeleentheid in Amsterdam.
6. Amon en Tiba Kasambala saam met me Beryl en prof Russel Botman by 'n geleentheid in Durban waar die HOOP Projek bekendgestel is.

By elk van die bekendstellingsgeleenthede het tientalle MatiesAlumni en vriende van die Universiteit reeds onderneem om die HOOP Projek lewenslank te ondersteun. By baie van hulle was dit 'n manier om iets aan Suid-Afrika en die res van Afrika terug te gee, om die handhawing van die US se akademiese uitnemendheid te verseker, en om te help om beduidende en betekenisvolle verandering op verskeie vlakke te bewerkstellig.

Die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, het by elk van die buitelandse geleenthede opgetree om persoonlik die HOOP Projek bekend te stel. In Duitsland is hy deur prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing, ondersteun en in Londen deur prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig en Gerhard Lubbe, Dekaan van Regsgeleerdheid.

WINDHOEK

By die eerste geleentheid buite Suid-Afrika, in Windhoek, het alumni gesê hulle wil samewerkings-geleenthede met die Universiteit verken om te help verseker die HOOP Projek

beteken ook iets vir dié land. Hierop het prof Botman gesê dat die vraagstukke wat ons met die HOOP Projek aanspreek, die hele vasteland raak. Daar was ook entoesiasme vir die klasse wat die Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste na Namibië uitsaai.

BERLYN

In 'n yskoue Berlyn was die hoogtepunt die aankondiging dat dr Wolfgang Huber, welbekende Duitse teoloog en genoot van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS), ingewillig het om as 'n beskermheer van die HOOP Projek op te tree. Ander beskermheer sluit in sir Duncan Rice, voormalige prinsipaal van die Universiteit van Aberdeen, en dr Shirley Ann Jackson, president van die Rensselaer Polytechnic Institute in die USA.

LONDEN

Die bekendstellingsgeleentheid in Londen het 'n energie onder alumni in die Verenigde Koninkryk ontketen wat in terme van steun van die HOOP Projek moeilik deur ander sentra

geklop sal kan word. By die geleentheid wou 'n alumnus weet of die US die veldtog steun om Suid-Afrikaners uit die diaspora uit terug te lok. Hierop het prof Botman geantwoord dat Suid-Afrikaners in die buiteland 'n belangrike rol ter ondersteuning van die Universiteit en sy HOOP Projek kan speel. Dit sal goed wees as almal hul ervaring terugploeg, en alumni - waar hulle ook al is - kan 'n belangrike bydrae lewer deur in hul alma mater te belê.

In Londen het prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, en Gerhard Lubbe, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, by 'n afsonderlike geleentheid met onderskeidelik alumni in die regsweese en vroue-alumni in Londen vergader. (Sien artikel op bl. 19.)

AMSTERDAM

In Amsterdam was daar veral belangstelling in die US se samewerking met ander universiteite deur die Nagraadse Skool van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Afrika Doktorale Akademie en die Vennootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici, oftewel PANGeA (sien artikel op bl. 18).

PORT ELIZABETH

In Port Elizabeth het prof Botman gesê dat die HOOP Projek alumni verskeie geleenthede bied om hul *alma mater* te ondersteun en die probleme van die land aan te spreek. Daar is ook gesprek gevoer oor die armoede en nood in die Oos-Kaap, en hoe die HOOP Projek hiermee kan help. Prof Botman het verduidelik dat die HOOP Projek dit vir die US moontlik maak om oor grense en dissiplines heen 'n verskil in mense se lewens te maak.

DURBAN

In Durban het prof Botman dit beklemtoon dat dit veral in vandag se mededingende beroepswêreld vir alumni van groot belang is om in die voortgesette sukses van hul alma mater te belê. "Deel van ons strategie is om die hoeveelheid alumni wat geldelik terugploeg in hul *alma mater* op te stoot van die huidige 2% na 10%. Stellenbosch is in die bevoorregte posisie dat hy 'n sterk korps alumni het."

Durban-alumni was ook aangenaam verras met die groot sukses wat die Universiteit reeds behaal het en veral geïnteresseerd in die teesakkie-waterfilter van die Waterinstituut en hoe dit in landelike gemeenskappe gebruik kan word.

Die HOOP Projek in 'n neutedop

"Ambisieus, omvattend en geïntegreerd." Dis hoe prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, die HOOP Projek van die Universiteit Stellenbosch (US) tydens die amptelike bekendstelling in Julie beskryf het.

Opgesom is die HOOP Projek wêreldgehalte navorsing oor plaaslike, streeks- en Afrikawessies in ultramoderne fasiliteite met die voorste kundigheid om die beste geleenthede te skep vir onderrig en leer en die ontwikkeling van 'n nuwe generasie denkleiers.

Die oogmerk is om die Universiteit as 'n voorloperinstansie van die 21ste eeu te verskans.

Die US se drie kernfunksies - onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie - stut die HOOP Projek.

Deur die HOOP Projek ondersteun die US die internasionale ontwikkelingsagenda deur van sy sleutel-akademiese en navorsingsprogramme te fokus op die uitwissing van armoede; die bevordering van menswaardigheid en gesondheid; die bevordering van vrede en veiligheid; en die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n kompeterende industrie.

Die Universiteit ondersteun hierdie spesifieke ontwikkelings temas deur 'n verskeidenheid akademiese inisiatiewe wat deur akademië en navorsers voorgelê is. Hierdie inisiatiewe dien as voertuig vir innoverende onderrig en leer, die toepassing van nuwe kennis en om die grense van wetenskap-gebaseerde gemeenskapsbetrokkenheid te versit. Die Projek soek na volhoubare wetenskaplike oplossings vir Afrika se uitdagings vanuit die hoëronderrigssfeer: van die voorsiening van

gesogte gegradueerdes en die wêreldgehalte navorsing in moderne fasiliteite, tot die aanwending van bewese kundigheid om die kontinent se politieke, sosio-ekonomiese en omgewingskewessies op te los.

Deur die US se wetenskap- en 'n-beter-wêreld-benadering sal die HOOP Projek fokus op toekomstige nisnavorsingsareas; tegnologie-gedrewe onderrig en navorsing; dwarsliggende, interdisiplinêre samewerking; pasgemaakte oplossings vir Afrika se probleme; nagraadse studiegeleenthede; ontwikkeling van akademië en gegradueerdes vir die toekomstige kennisekonomie; en die vestiging van gemeenskapsinteraksie wat deur ontwikkeling gedryf word.

- **Sien *Matieland 2010:1* vir volledige beriggewing oor die HOOP Projek.**
- **Sien www.diehooprojek.co.za vir meer inligting, belastingvoordele en hoe maklik dit is om veilig aanlyn te skenk. Skakel met die Ontwikkelingskantoor by ontwikkeling@sun.ac.za of tel: 021 808-4645.**



UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY

HOOP PROJEK

Só help MatiesAlumni om **sukses** van die **HOOP Projek** te verseker

Die ondersteuning van MatiesAlumni is onontbeerlik vir die sukses van die HOOP Projek. In Matieland 2010-1, skryf prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier dat daar nog 'n ontbrekende element in die HOOP Projek is. "Dit is die deelname en insette van ons alumni. Hieroor voel ek baie sterk. Ja, ons is baie bly oor skenkings deur groot instansies, maar die deelname deur die h le Matiesfamilie

is iets waarvoor ek my persoonlik oor die volgende paar jaar gaan beywer - juis omdat ek glo dat 'n universiteit nie werklik suksesvol vorentoe kan wees, as daar nie 'n bre  inkoop deur sy alumni is nie."

Tans is minder as 2% alumni ook donateurs. 'n Doelwit van die HOOP Projek is om dit tot 10% te verhoog. "In dieselfde asem moet ek beklemtoon dat

bydraes aan die HOOP Projek aangewend sal word daar waar dit die nodigste is: vir beurse, navorsing en fasiliteite om ons 'n nog beter universiteit te maak," skryf prof Botman.

• Die artikels op hierdie bladsye, is die eerste in 'n reeks oor MatiesAlumni wat via skenkings by hul *alma mater* betrokke is.

"Ek sien dit as 'n ieder en 'n elk se plig om terug te ploeg in jou gemeenskap en daardeur ook in die jeug en uiteindelik so in ons eie toekoms te bel . Wat ek by my pa, 'n gemeenskapsleier wat baie vir sy mense opgeoffer het, geleer het is, is dat mens soms dink jy het min, maar dat daar altyd ander is wat minder het en steeds oor het om vir iemand anders te gee."

My beurt om ander te help

s  MatiesAlumnus Rodney Africa

S  vertel mnr Rodney Africa, 'n MatiesAlumnus, wat onlangs 'n beursfonds aan die Universiteit Stellenbosch vir verdienstelike studente uit die Stellenbosch-omgewing begin het. Die bedrag beloop die jaarlikse klasgeld van 'n LLB-graad.

Di  Stellenbosser van geboorte woon steeds in die Eikestad en is tans 'n vennoot by die regsfirma Webber Wentzel. Hy het die grade BA Regte en LLB aan die US verwerf en daarna sy leerklerkskap as kandidaatprokureur by Cluver Markotter begin. Hy het in 2001 'n direkteur van die firma geword en in 2004 ondervoorster.

"Ek het in my voorfinale jaar, dit wil s  in my tweedejaar LLB, 'n beurs van Steven Georgala ontvang. Hy was toe 'n vennoot by Webber Wentzel en tans besturende direkteur van die Maitland Groep. Ek weet dus alte goed wat dit beteken om 'n beurs te ontvang in tye wanneer dit uiters moeilik gaan en het lank gelede reeds besluit dat ek ook graag 'n beurs sou wou skenk."

Voor die beurs het dit maar broekskeur gegaan. "Daar was nie voldoende geld om my studies te finansier nie. My ma het gehelp en addisioneel daartoe het ek van kleintyd af naweke en skoolvakansies by Shoprite Checkers vir sakgeld, boekgeld, vervoer en klere gewerk. Saans het ek meranti vensterrame verkoop. My pa is in my tweedejaar op universiteit oorlede." "Tans staan die beurs bekend as die

"Rodney Africa Voorgraadse Beursfonds", maar die idee is dat ander alumni met dieselfde oogmerke ook daartoe kan bydra om die impak daarvan groter te maak, in welke geval die naam van die beurs sal verander na 'n naam met 'n meer algemene strekking," vertel mnr Africa entoesiasies.

Met die skep van die beurs wil ek geensins die idee skep dat ek finansi el beter as ander daaraan toe is nie, maar ek weeg die wil om terug te ploeg in die gemeenskap waaruit ek kom en sodoende in

ons dorp en land se toekoms te bel , baie groter as my eie persoonlike finansi le behoeftes. My eie agtergrond en die wete van hoe swaar ons mense kry, speel ook 'n kardinale rol in my besluit.

"Oor die jare, en in my eie praktyk, het ek die talent gesien wat uit die armste van ons gemeenskappe kan kom, maar ook hoe dit verlore gaan bloot as gevolg van die afwesigheid van finansi le steun. Ek het ook besluit om self 'n pad met die ontvanger te stap en deurentyd die nodige steun te bied. Dit wil ek doen omdat ek uit ondervinding weet - as iemand wat self uit moeilike omstandighede kom - dat mens niteenstaande akademiese prestasie, moeiliker binne die korporatiewe omgewing aanpas. Dit is inderdaad ook daardie agterstand wat ingehaal moet word." ■

• Skakel met Rodney Africa by tel 021 431 7241 of per e-pos by rodney.africa@webberwentzel.com

Oud-Dagbrekers se beursfonds groei sterk

Vertel ons meer van van die Oud-Dagbreker Bond Beursfonds

Met Dagbreek-manskoshuis se 85ste reunie in 2006 het 'n paar oud-Dagbrekers vertel van hul visie vir 'n beursfonds om huidige, behoeftige inwoners van die koshuis met beurse by te staan. Hierdie droom het intussen 'n werklikheid geword. Onder leiding van Paul Bosman (met aanvanklike insette deur voormalige ODB-voorsitters Martin Viljoen en Roelou Slabbert), het die fonds in 2007 sy eerste beurs toegeken. In 2008 kon ons 'n tweede student bystaan; in 2009 is drie beurse toegeken (van die beurse was hernuwings), en in 2010 was daar vier beurse. Meer as R80 000 is in 2010 aan studente oorbetal.

Tot op hede is ses studente al gehelp; twee B-grade is verwerf, en as alle volgens plan verloop, sal 'n verdere drie beurshouers in 2010 graduate. Die beursfonds bied finansi le bystand om studenterekeninge te betaal, maar gee ook maandelikse sakgeld - ons voel dis belangrik dat studente ook aan die sosiale aktiwiteite deelneem wat die lewe in Dagbreek en op die kampus bied. Sodoende sal die beurshouers die Universiteit met meer as net akademiese suksesse verlaat.

Die beursfonds word deur 'n bre  basis van oud-Dagbrekers ondersteun, met sowat 40 oudinwoners wat maandeliks per debietorder skenk. Die Dagbreek-wynveiling, wat jaarliks deur meer as 100 oud-Dagbrekers bygewoon word, het in 2010 R80 000 tot die beursfonds bygedra!

Is daar 'n spesifieke mikpunt wat julle as oud-Dagbrekers vir juiself gestel het?

Die 'mikpunt' van die beursfonds is dat ons graag wil voorkom dat huidige Dagbrekers ooit in omstandighede beland wat hulle forseer om op te skop weens finansi le nood. Om daardie rede word die beursfonds na gelang van finansi le behoefte toegeken, met akademiese prestasie as die ander hoofkriterium.

Die indruk word soms gewek dat dit net ouer alumni is wat skenkings aan die Universiteit maak. Wat motiveer jou om te gee?

Vir my was dit eenvoudig. My tyd op universiteit was die beste van my lewe, en hier is 'n geleentheid om terug te ploeg en dankie te s  deur betrokke te raak by 'n projek wat suksesvol is en werklik 'n verskil maak. Ek dink dit is verkeerd om te dink dat net ouer alumni skenk. Meer as die helfte van die manne wat maandeliks skenk, is jonger as 30.


Wat is jou raad aan alumni wat dink 'n eie beursfonds wil begin?

Doen dit! Ek dink een van die hoofredes waarom so 'n groot aantal oud-Dagbrekers bereid is om te skenk, is dat die saak hulle na aan die hart l  en dat hulle seker is waarvoor die geld gebruik word. Jy kan sien waar jou skenking 'n verskil maak. ■

• Vir meer inligting oor die ODB-beursfonds, bel mnr Sidney van Heerden in die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudings by 021 808 4921, of stuur 'n e-pos na beurse@dagbreek.com. Besoek ook die webtuiste by www.dagbreek.com en klik op die "ODB"-skakel.



Rodney Africa
Fotokrediet: Webber Wentzel



Henno Vermaak (Foto: Hennie Rudman)

MatiesAlumnus Henno Vermaak is deel van 'n jonger geslag donateurs, maar het reeds 'n stewige rekord wat terugploeg in sy *alma mater* betref. Henno is uitvoerende trustee van die raad van trustees van die Oud-Dagbrekerbond (ODB) Beursfonds. *Matieland* het hom oor die Beurs uitgepra.

'n Multilaterale memorandum van ooreenkoms (MMvO) wat op 12 November tussen ses Afrika-universiteite onderteken is, sal nie net bydra tot die ontwikkeling van vakkundigheid op en oor die vasteland nie, maar ook tot die ontwikkeling van die volgende generasie Afrika-akademië en -beroepslui.

Die MMvO van die Vennootskap vir Afrika se Volgende Generasie Akademië (PANGeA), is op Afrika-universiteitdag deur die Universiteit Stellenbosch (US), die Universiteit van Botswana, Makerere-universiteit in Uganda, die Universiteit van Malawi, die Universiteit van Dar es Salaam in Tanzanië, en die Universiteit van Nairobi in Kenia onderteken.

"Kierdie vennootskap gee ons toegang tot Afrika-kundigheid, vergroot ons voetspoor, en versterk ons samewerking oor probleme op die vasteland wat almal raak," verduidelik prof. Johann Groenewald, koördineerder, Vlagskipprojek in die US se Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

"Namate Afrika al hoe meer deel word van die wêreld ekonomie, moet Afrika se deelname verander van die ontginning en verskaffing van grondstowwe, na produksie en handel gegrond op hoërdevaardighede en -kennis. Die rol van hoër onderwys en opleiding sal al hoe belangriker raak in die skep en handhawing van die vaardigheds- en kennisbasis waarop Afrika se integrasie by die wêreld ekonomie berus," sê Groenewald.

PANGeA sal die ontwikkeling van hoër onderwys in Afrika bevorder deur geleentheid te skep vir samewerkende navorsing en kennisuitruiling onder eweknie-instellings, metodologiese ontwikkeling, voltydse doktorsale studie en, op langer termyn, die ontwikkeling van gesamenlike doktorsale



Ooreenkoms blaas nuwe lewe in die ontwikkeling van vakkundigheid in en oor Afrika

Deur Lynne Rippenaar

programme.

Volgens prof. Ephraim Chirwa, Dekaan van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe by die Universiteit van Malawi (UNIMA), sal PANGeA die wye verskeidenheid menslike hulpbronne en vakkundigheid in Afrika benut om die volgende generasie Afrika-akademië te ontwikkel.

"Wat PANGeA uniek maak, is die uiteenlopende dissiplines en akademiese bronne vir nagraadse onderrig en navorsing wat in die vennootinstansies bestaan. Alhoewel die Fakulteit Sosiale Wetenskappe by UNIMA reeds doktorsale programme op verskeie gebiede in die Sosiale Wetenskappe aanbied, glo ons dat PANGeA ons programme net verder sal versterk deur middel van vermoëbou, gesamenlike studieleiding en navorsing, mentorskap, personeel- en truuilgeentheid en gehalteversekering. PANGeA is 'n ware Afrika-inisiatief tot die gemeenskaplike voordeel van die ses geleëde vennote," sê Chirwa.

DRIELEDIGE INISIATIEF

PANGeA, die Nagraadse Skool en die Afrika Doktorsale Akademie (ADA) is die drie afdelings van 'n omvattende akademiese inisiatief in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, en maak deel uit van die US se HOOP Projek. Die Nagraadse Skool koördineer navorsingstemas wat betref Afrika se ontwikkeling; bestuur die doktorsale programme en voltydse doktorsale studiebeurse; werf en skryf doktorsale studente van oor die hele Afrikavasteland in; stel studieleiers en eksaminatore aan, en monitor en beoordeel bedrywighede om gehalte te verseker. Gekoppel aan die Nagraadse Skool, het die Fakulteit ook die ADA as 'n steunstruktuur op die been gebring om gevorderde vakkundigheid en navorsing aan te moedig.

"Steun op die mees gevorderde vlakke van studie en navorsing is noodsaaklik om doktorsale programme van wêreldgehalte te ontwikkel en te handhaaf. Hoewel die ADA aanvanklik op die Sosiale en Geesteswetenskappe sal konsentreer, is baie van die vaardighede en benaderings in gevorderde vakkundigheid en navorsing generies. Met die nodige aanpassing kan die opleiding wat die ADA bied ook

Hierdie vennootskap gee ons toegang tot Afrika-kundigheid; vergroot ons voetspoor, en versterk ons samewerking oor probleme op die vasteland wat almal raak.

in die toekoms uitgebrei word om die hele spektrum dissiplines van waard te wees," sê Groenewald.

Tans is 'n doktorsale studente uit 11 Afrikalande as voltydse beurshouers by die US ingeskryf.

Ons is nie net relevant vir Suid-Afrika nie, maar ook

vir die vasteland waarop ons ons bevind. En omdat Suid-Afrika dikwels as die poort tot Afrika oorgehou word, is dit van groot belang dat ons 'n kopskul ondergaan om Afrika by ons verwysingsraamwerk in te sluit," sê prof. Groenewald.

Die MMvO verbreed US-personeel se toegang tot medewerkers elders op die kontinent. Samewerking tussen die vennote kan projekte wat andersins weens gebrek aan hulpbronne tot stilstand kan kom, stimuleer tot voordeel van studente en die samelewing oor die hele Afrika.

"Die studente vind baat by die verruiming van hul ervaring sowel as blootstelling aan 'n groter verskeidenheid gesigspunte, wat hulle op die lange duur beter voorberei vir die lewe op die vasteland," sê hy.



Besoek die [Matieland-aanlynweergawe by www.matiesalumni.net](http://www.matiesalumni.net) vir 'n kort video oor PANGeA.

Die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit Stellenbosch (US) het 'n innoverende inisiatief van stapel gestuur om sosio-ekonomiese geregtigheid deur middel van die reg te bevorder. Om die doelwit te bereik, konsentreer die Fakulteit op die potensiaal van Suid-Afrika se Grondwet van 1996.

REGTE-INISIATIEF bevorder GEREGTIGHEID

"Tradisioneel is die reg gebruik om die status quo te handhaaf. Die Suid-Afrikaanse Grondwet bevat egter regte en meganismes om transformasie teweeg te bring. Kwessies soos armoede en ongelukkigheid word daarin hanteer en die regstelsel moet hiermee tred hou," verduidelik prof. Sandy Liebenberg, bekleër van die HF Oppenheimer-navorsingsleerstoel in Menseregte aan die US.

Die Fakulteit se inisiatief, wat deel uitmaak van die US se HOOP Projek, is bekend as "Bekamping van Armoede, Dakloosheid en Sosio-ekonomiese Kwesbaarheid ingevolge die Grondwet". Dit is eerstens afgestem op die opleiding van 'n nuwe generasie regsliu wat die reg kan gebruik om mense hul sosio-ekonomiese regte te help uitoefen. "Daar is 'n behoefte aan spesialiste wat die reg kan gebruik om menslike ontwikkeling te bevorder," sê Liebenberg, wat ook as Direkteur van die inisiatief dien.

Die HOOP Projek is eensydig 'n stel ontwikkelingsdoelwitte en akademiese inisiatiewe waarmee die US sy kundigheid tot voordeel van die samelewing aanwend. Andersyds is dit 'n interne oefening om die Universiteit se voortgesette sukses ten opsigte van personeel, studente en fasiliteite te verseker.

Tweedens behels die Fakulteit se HOOP Projek-inisiatief tersaaklike navorsing oor hoe die reg doeltreffender gebruik kan word om benadeelde burgers te bemagtig. Senior Fakulteitslede is besig met navorsing oor sosio-ekonomiese regte, herskeppende elendomsreg, grondhervorming en sekerheid van besitreg, armoedeverligting, administratiewe geregtigheid, asook konsolidering van die demokrasie.

Die derde hoofklim van die inisiatief is die versterking van die bystand wat die US se Regshulpklyniek aan gemarginaliseerde gemeenskappe bied, veral dié in en om Stellenbosch, Ceres, Klipmuts en Franschhoek. Die Regshulpklyniek word meestal aan sake wat verband hou met afsettings van grond en uitsettings uit verblyf, skuldverligting, gesinsgeweld en toegang tot maatskaplike toelaes.

Volgens prof. Gerhard Lubbe, Dekaan van die Fakulteit, het baie oorsese alumni ook reeds hul steun aan die HOOP Projek en die Fakulteit se inisiatief toegesê. Hy het in Oktober 'n bekendstellingsgeleentheid in Londen bygewoon.



"Dit was vir my verblydend om bande met verskeie oudstude te kontak herno en om hul ondersteuning vir die Fakulteit te ervaar," het hy gesê.

Vir meer inligting oor die Fakulteit se HOOP Projek-inisiatief, besoek www.diehooprojek/armoederegte, of e-pos mnr. Gustav Muller by gustavm@sun.ac.za.

Buitelandse steun vir Amicus Fonds

Oorsese alumni van die Fakulteit Regsgeleerdheid het hul gewig by 'n beursfonds vir behoeftige regstudente ingegooi. Die Amicus Fonds, wat in 1996 deur drie oud-Maties in Suid-Afrika gestig is, is in Oktober na Brittanje uitgebrei.

Dit is by Investec Batebestuur se hoofkantoor in Londen, danksy 'n borgskap van die maatskappy, bekend gestel. Die Fonds fokus daal op om dit vir bejowende maar behoeftige studente wat verlieslik kom uit voormalig benadeelde gemeenskappe moontlik te maak om die graad LLB aan die US te verwerf.

Die Fonds het sedert sy ontstaan 49 studente geldelik bygestaan en beurse ter waarde van bykans R1 miljoen is al uitbetaal. Die Fonds het 'n sukseskoers van 100% - al die beurshouers het die graad LLB behaal, en luidens 'n inligtingstuk blink almal in hul onderskeie loopbane uit.

Vir meer inligting oor die Amicus Fonds, kontak prof. Jacques du Plessis by jedp@sun.ac.za of Robert Bricout by bricout@btinternet.com.



Regsgeleerdheid-alumni en donateurs van die Fakulteit, Robert Bricout (middel) en VK Trustee, Steve Georgala (regs) saam met die Dekaan van die Fakulteit, prof. Gerhard Lubbe. Die Fakulteit het donateurs by die geleentheid in Londen bedank met 'n skets van die Oa Hoofgebou deur die kunstenaar Lyn Smuts.

Standard Bank Sentrum is strategiese vennoot in Agribesigheidsleierskap

Agribesigheid moet die uitdaging aanvaar om nuwe boere met kommersiële waardekettings te verbind. Daarvoor is sterk mentors nodig wat opkomende boere kan help om sakegeleenthede en marktoegang te benut

Deur Stephanie Nieuwoudt



Die Standard Bank Sentrum vir Agribesigheidsleierskap en -mentorskapsontwikkeling van die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit AgriWetenskappe, wat in April bekendgestel is, is oorgehaal om hierdie uitdagings die hoof te bied. Die Sentrum, 'n vennootskap tussen Standard Bank en die US en die eerste van sy soort in die land, vorm deel van die US se HOOP Projek.

"Nuwe en opkomende boere, veral binne die grondhervormingsprogram, moet deur agribesigheid bygestaan word om steundienste te bekom en toegang tot kommersieel lewensvatbare markte te verkry; "Toegang tot 'n ononderbroke plaas-tot-tafel-agri-voedselketting is nodig," sê prof Johan van Rooyen, Direkteur van die Sentrum.

"Rolspelers in agribesigheid het 'n behoefte uitgewys aan markgerigte programme en sterk mentors om die proses te bestuur. Daarom het ons besluit om, as die eerste afdeling van die Sentrum se aktiwiteite, op 'n agri-mentorskapsprogram te konsentreer."

Die kortkurse in Agri-mentorskapsontwikkeling word in vennootskap met PricewaterhouseCoopers

(PwC) aangebied. Tutors kom uit die gelede van PwC en die US, en die kurse het volle vlak 6-akkreditering ingevolge die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

In ooreenstemming met die agribedryf fokus die kurse op onder meer sakebeplanning, agrisakebestuur, projekbestuur, finansies en ook menslike aspekte soos spanbou en konflikbestuur.

Die tweede afdeling van die Sentrum se aktiwiteite is leierskapsontwikkeling - meer bepaald 'n agri-leierskapslaboratoriumprogram wat uit 'n reeks imbizos bestaan, gefokus op aktuele onderwerpe in Suid-Afrikaanse landbou.

"Hierdie program het ontstaan vanweë die behoefte aan waagmoedige, ingeligte, besliste en besielende leierskap in Suid-Afrikaanse landbou," sê Van Rooyen.

Suid-Afrika se voorste boere, sake- en landboueiers word na hierdie imbizos genooi. "By ons eerste Imbizo in Augustus is besluit dat grondhervorming onlosmaaklik deel uitmaak van Suid-Afrika se toekoms - politiek, ekonomies, maatskaplik én in omgewingsverband," sê Van Rooyen.

Daarbenewens is die ekonomies - volhoubare benutting van sodanige gronde as die sleutel tot voorspoed, voedselkennikheid en landelike ontwikkeling geïdentifiseer, ook 'n behoefte aan 'n ondersteuningstelsel wat op die vestiging van 'n nuwe klas jong, innoverende en energieke landbouers afgestem is.

Die derde afdeling van die Sentrum se bedrywighede is multidissiplinêre nagraadse onderrig aan die US. Studente kan PhD- en magistergrade in Landbou-ekonomie en Landboubestuur verwerf.

Nuwe kennis en navorsing, met die klem op die koppeling van nuwe boere aan lewensvatbare markte en toegevoegde waarde-geleenthede, sal in kursusmateriaal en in die landbousektor in werking gestel word.

"Ons het onlangs 'n gevallestudie oor die kommersiële inskakeling van navorsing onder nuwe boere onderneem. Dit is in samewerking met lede van die Landboubesigheidskamer (LBK) gedoen en die resultate word reeds by die Sentrum se opleidingsprogramme ingesluit." sê Van Rooyen.

Só word daar oor grondhervorming gedink

Grondhervorming is tans 'n groot prioriteit in Suid-Afrika, met die ideaal dat 30% van landbougrond teen 2014 in swart besit moet wees. Dit is veral die mislukking van grondhervormingsprojekte wat aanleiding tot die stigting van die Sentrum (sien artikel hierbo), met sy klem op vestigingsondersteuning en sakegedrewe toegang tot landbougeleenthede vir nuwe en opkomende boere, gegee het.

"Hierdie nuwe generasie opkomende boere in Suid-Afrika het nie outomaties gespesialiseerde kennis van en insig in die boerderybedryf nie," sê prof Johan van Rooyen, Direkteur van die Sentrum. "Dis 'n wonder dat soveel grondhervormingsprojekte as gevolg van gebrekkige

na-vestigingsondersteuning as mislukkinge beskou word nie. Ons glo die antwoord lê grootliks in die ondersteuning van die mensfaktor deur tegniese en bestuurskennis, maar ook in gestruktureerde begeleiding en mentorskap aan nuwe boere."

"Landbou speel 'n kernrol in sowel ekonomiese groei as die ontwikkeling hulpbronne in Suid-Afrika en op die vasteland het prof Mohammad Karaan, Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe bygevoeg "Suid-Afrika se landbouproduksie moet mededingend, maatskaplik regverdig en omgewingsvriendelike wees. Dit kan net deur landbou-ontwikkeling en suksesvolle sakegedrewe grondhervormingsprogramme vermag word."



Prof Johan van Rooyen, Direkteur van die Standard Bank Sentrum vir Agribesigheidsleierskap en -mentorskapsontwikkeling van die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit AgriWetenskappe.

Sien www.diehoopprojek.co.za, vir 'n video oor die Sentrum.

Maandagoggende begin klas reeds vroeg vir die tiental honneursstudente in Publieke Administrasie (Openbare en Ontwikkelingsbestuur). Presies om 09:00 staan hul dosent, prof Johan Burger, gereed. Dis egter 'n klas met 'n verskil, want prof Burger is op Stellenbosch en die studente in Durban, terwyl meer as 150 ander studente in sentra oor die hele land ook by die lesing inskakel.

Virtuele klaskamer neem US na studente



Die Universiteit Stellenbosch (US) bied reeds sedert 1998 'n telematiese platform aan verskeie fakulteite om met behulp van satelliettegnologie interaktiewe lesings na 20 sentra in Suid-Afrika en Namibië te beeldsend. Sedert 2008, met die totstandkoming van die Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste (iTD), is die satelliettegnologie ook met selfoon-, webgebaseerde en videokonferensietegnologie aangevul vir selfs beter intydse interaksie tussen dosent en student.

"Die Virtuele Nagraadse Leerondersteuningsprojek is 'n interaktiewe tegnologiegesteunde proses wat die grense tussen kampus- en weg-van-die-kampus-onderrig laat verdoof deur studente se virtuele mobiliteit te verhoog," sê prof Tom Park, Senior Direkteur van die iTD.

"Die doeltreffende vermenging van kampusonderrig en virtuele studieruimtes maak dit vir werkende mense moontlik om gevorderde studie met 'n loopbaan te kombineer en hul verworwe kennis onmiddellik toe te pas. Jy wil verder studeer, maar jy moet ook kos op die tafel sit. Dié tegnologie maak dit vir jou moontlik om jou brood aan albei kante te botter," sê prof Park.

Alle studente op die telematiese platform het via die studenteportal aanlyntoegang tot die Biblioteek se 70 000 vaktyskrifte en byna 450 databasisse, die Taalsentrum se dienste (soos hulp met akademiese skryfvaardighede), en selfs die dienste van die Sentrum vir Studentevooriging en -ontwikkeling, soos bystand met studievaardighede, tydsbestuur en stresregering.

Die Afdeling iTD beskik oor 'n moderne uitsaai-ateljee en kontrolekamer op die Stellenbosch-kampus, van waar klasse vir nagraadse programme in die fakulteite Gesondheidswetenskappe, Opvoedkunde en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe - ook Bestuurskoolkurse soos die MPhil in Toekomsstudies, en die gewilde programme van die Afrikasentrum vir MIV/vigsbestuur - aangebied word.

In 2010 het nagenoeg 2200 nagraadse studente (byna 20%) op hierdie manier klas 'bygewoon'. Dié syfers is in pas met die wêreldtendens dat universiteite van die 21ste eeu moet voldoen aan studente se toenemende behoefte aan groter buigsaamheid in terme van "enige tyd" en "enige plek" toegang tot nagraadse studie.

Die inisiatief maak deel uit van die US se HOOP Projek, waarvolgens die Universiteit sy bedrywighede met internasionale ontwikkelings temas - in dié geval die uitwissing van armoede en verwante toestande - versoek. Dit geskied teen die agtergrond van navorsing wat toon dat suksesvolle deelname aan hoër onderwys welvaart help skep.

Interaktiewe leer

"Wat ons doen, moenie met opvoedkundige TV of afstandsonderwys verwar word nie. Ons vuur nie akademiese haelgeweerskote die niet in nie. Dis 'n interaktiewe proses," beklemtoon dr Antoinette van der Merwe, Direkteur van die iTD. "Studente kan aanlyn of per SMS vrae stel. En as jy 'n SMS met die letter 'H' na die ateljee stuur, bel die dosent jou sodat jy jou vraag kan vra - terwyl almal by al die sentra ook daarna kan luister."

In die leersentra sien die studente die dosent, wat die beeld met 'n PowerPoint- of video-aanbieding of 'n demonstrasie of objek via die beeld van die oorhoofse kamera kan afwissel.

Satelliettegnologie word na gelang van die studente se leerbehoefte met webtoepassings sowel as mobiele en videokonferensietegnologie aangevul om 'n ryk geskakeerde leerervaring vir die studente te skep. Met fisiese kampusbesoeke wat wél van tyd tot tyd gereë word, is studente boonop nie heeltemal verwyderd van die residensiële universiteit nie.

• Vir meer inligting, skakel met prof Tom Park, Senior Direkteur: iTD, by 021 808 3077 of tp@sun.ac.za, of besoek die Afdeling se webtuiste by www.sun.ac.za/ite.

Jy wil verder studeer, maar jy moet ook kos op die tafel sit. Dié tegnologie maak dit vir jou moontlik om jou brood aan albei kante te botter.

Virtuele leer ook vir skole

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het die Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste in 2009 genader om 'n telematiese platform beskikbaar te stel waardeur bykomende leerondersteuning op 'n proefgrondslag aan tien skole in die Wes-Kaap gebied kon word. By elkeen van die skole is dekodeerders en satellietkottels aangebring om die uitsendings, wat meestal op Sondagmiddae plaasgevind het, te kon ontvang.

Die projek was so suksesvol dat 120 skole in 2010 daarby ingeskakel het. Dié skole verteenwoordig nagenoeg 14 000 graad 12-leerders wat ekstra leerondersteuning in ses skoolvakke ontvang het. Die projek sal waarskynlik selfs verder uitgebrei word in 2011.



Sien www.diehoopprojek.co.za, vir 'n video oor virtuele leer.



Volhoubaarheid is lankal nie meer net 'n gawe ekstra nie. Dit moet 'n integrale deel wees van alles wat die Universiteit doen, skryf dr Barbara Pool, Direkteur: Projekte aan die Universiteit Stellenbosch (US).

GROEN...

is die nuwe maroen.....

op Matie-kampusse



By Maties is groen die nuwe maroen. Om volhoubaar, oftewel 'groen', te wees strek egter baie verder as om 'n paar ligte af te skakel en 'n inheemse boom of twee te plant.

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, stel dit só: "Vir die US behels volhoubaarheid nie net die kiem op omgewingsgroen nie, maar ook 'n klem op die balans tussen natuur, mense en die ekonomie. Volhoubaarheid is ook nie 'n bykomende intervensie nie, maar maak deel uit van elk van ons drie kernfunksies van leer en onderrig, navorsing, en gemeenskapsinteraksie, en moet by die hele wese van die Universiteit geïntegreer word."

In aansluiting by die internasionale ontwikkelingsstemas, wat onder meer 'n volhoubare omgewing en kompeterende nywerheid ten doel stel, is volhoubaarheid een van die oogmerke van die US se HOOP Projek. 'n Inisiatief om die Universiteit se wetenskaplike kundigheid tot voordeel van die samelewing aan te wend.

AKADEMIESE INISIATIEWE

'n Hele aantal akademiese inisiatiewe vir beter volhoubaarheid is reeds aan die gang. As deel van die Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie se inisiatief oor die uitwerking van klimaatsverandering op insekte wat slaapslekte en malaria oordra, sal toeriste voortaan kan besluit waar in Afrika hulle op safari wil gaan deur kaarte te raadpleeg wat die gebiede toon waar slaapslekte voorkom. Wat water betref, is 'n gevorderde filter ontwikkel wat soos 'n teesakkie lyk en in die nek van 'n waterbottel pas sodat dit die water suiwer terwyl jy drink (sien artikel op bl 28). Die Sentrum vir Kruisdissiplinariteit, Volhoubaarheid, Beoordeling, Modellering en Ontleding (TsamaHub) soek weer

na langtermyn- en volhoubare oplossings vir die dubbele krisis van endemiese armoede en ekologiese ineenstorting. Hulle het reeds bevind dat sekere plante wat tans as onkruid beskou word, in werklikheid voedsaam is en só herklassifiseer kan word, wat tot groter voedselsekuriteit in veral Afrika kan lei (sien artikel in Matieland 2010:1).

Ander inisiatiewe sluit die volgende in:

- Die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies werk aan verskeie projekte om die nasionale vermoë wat betref hernubare en

Vir die US behels volhoubaarheid nie net die fokus op omgewingsgroen nie, maar wél 'n fokus op die balans tussen natuur, mense en die ekonomie.

- volhoubare energie uit te bou (sien artikel op bl 32).
- 'n Span van die Fakulteit Ingenieurswese het onlangs die eerste van drie beplande windturbines op die Suid-Afrikaanse basis in Antarktika geïnstalleer. Dié navorsing en vervaardigingsprosesse ondersteun Suid-Afrika se groeiende windenergiebedryf.
- Die Geografiese Inligtingsinisiatief (sien artikel op bl 36)

- Die werk van die Standard Bank-sentrum vir Agrisakeleierskap- en -mentorskapsontwikkeling (sien artikel op bl 20)
- Die Volhoubaarheidsinstituut in samewerking met die Universiteit se Skool vir Publieke Leierskap konsentreer op ekologie en gemeenskaps- en geestesontwikkeling.

US-STEUNOMGEWINGS

Verskeie steundiensomgewings woeker ook met volhoubaarheidsaksies. Informatietegnologie (IT) verbeter die ekodoeltreffendheid van informasie- en kommunikasietegnologie deur die lewensiklus van rekenaar- en netwerkgereedskap te verleng. Energie- en materiaaltoevoer en energieverbruik word verminder deurdat daar nie net na die aankoopkoste gekyk word nie, maar ook na die koste van instandhouding en verantwoordelike wegdoening

met ou rekenaars (e-afval).

Fasiliteitsbestuur, wat na al die Universiteit se geboue en terreine omsien, is deurlopend besig om maniere te vind om volhoubaarheid uit te bou. Van dié inisiatiewe is die volgende:

- Energie-oudits van energie-intensiewe kampusgeboue, en 'n moderne bedryfs- en bestuurstelsel vir geboue vir onder meer die beheer en bestuur van lugversorging en noodkragopwekking
- 'n Ondersoek na warmwatervoorsiening aan koshuise ter aanvulling van die bestaande kragbesparende hittepompe, en alternatiewe energiebronne soos sonwaterverhitters (Alle storkoppe in koshuise is reeds met die swakstroom-soort vervang om krag en water te bespaar.)
- InnovUS Tegnologieoordrag (Edms) Bpk, die US se tegnologieoordragmaatskappy, het onlangs die Universiteit se eerste administratiewe gebou op die Stellenbosch-kampus geword wat fotovoltaiëse (PV) sonkragpaneel geïnstalleer het om hul eie elektrisiteit op te wek.
- Die verwerking van tuinafval tot kompos vir herbenutting in Universiteitstuine
- Die installering van uilhuise vir knaagdierbeheer (in samewerking met Stellenbosch Munisipaliteit en Spier-wynlandgoed)
- Die gebruik van roofvoëls, voëlnette en ultrasoniese toestelle om skadelike voëlspesies doeltreffend te beheer
- Die herstel van paaie en erosiegebiede op bergterreine, en die herleiding van reënwater na damme. Wandelpaaie en bergfietsroetes word herstel met bome en takke uit bloekomplantasies.
- Dertig bome uit die kusfynbos- en strandveldbiome is reeds op Tygerbergkampus geplant. Daar is 'n soortgelyke inisiatief by die Stellenbosch-arboretum.
- 'n Bewusmakingsveldtog vir energiebesparing op elk van die US-kampusse. ■

EcoMaties wek volhoubaarheidsbewustheid

Matiestudente is baie aktief wat volhoubaarheid betref. Nie net het die Studenteraadsportefeuje vir Omgewingsake hierdie jaar daarin geslaag om 'n herwinningstelsel in die koshuise te vestig nie, maar aktiewe studenteverenigings op kampus voor onder meer deelname aan die jaarlikse Earth Hour-veldtog aan sowel as 'n kompetisie om te bepaal watter koshuis die 'groenste' kan leef.

Die onlangs gestigte studentevereniging EcoMaties het vanjaar deur middel van 'n hele paar vindingryke projekte gehelp om studente van volhoubaarheid bewus te maak.

Die projekte sluit in 'n inisiatief om bottelwater op kampus te verminder en drinkwaterfonteine te laat installeer; studente wat hul eie koffiebekers saamneem Studentesentrum toe om weggooi-koppies te verminder (én in die proses afslag te kry); rivier- en strandkoonmaakuitstappies; die verwydering van indringerplante, en 'n veldtog om meer studente te laat fietsry.

Die vereniging werk ook aan 'n projek vir studente om hul eie groente op kampus te kweek. Hulle sal voorts alle eerstejaars in 2011 van 'n inkopiesak voorsien om plastieksakke te verminder. EcoMaties

vertoon ook gereeld films oor volhoubaarheid.

Die vereniging het in Augustus 'n innovasieprys van die Suid-Afrikaanse kantoor van ACUHO-I, die internasionale vereniging vir kollege- en universiteitshuisvestingsbeamptes, by 'n kongres in Durban ontvang.

Pieka Grobbelaar, een van die stigters van EcoMaties, sê: "Vir ons is die dramatiese agteruitgang van die omgewing die stryd van ons tyd - dis as't ware die apartheid van hierdie generasie. Ons glo dat ons 'n groot verskil kan maak deur die kwessie by ons medestudente, die politieke en ekonomiese leiers van môre, tuis te bring. Ons is baie bly oor die beleid oor volhoubaarheid wat prof Leopold van Huyssteen, die US se Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies, en dr Barbara Pool, Direkteur: Projekte, vanjaar opgestel het. Ons wag nou om te sien of die Universiteitsbestuur die daad by die woord gaan voeg."

• Besoek www.sun.ac.za/ecomaties vir meer inligting.



Op Park(ing) Day, gehou op 17 September, het EcoMaties 'n parkeer ruimte op kampus "beset" en dit in 'n mini-park omskep om studente bewus te maak van openbare ruimtes en die spasie wat karre opneem.



Op Bomeindag 2010, in Augustus gehou, het EcoMaties in samewerking met onder meer die Studenteraad van die US en dié van die Universiteit van Antard, UNASA en Habitat for Humanity, hande gevat met die gemeenskap van Mitchellsplain om 300 bome te plant.

US se volhoubaarheidstrewes trek internasionale aandag

Die Universiteit Stellenbosch (US) se volhoubaarheidsinisiatiewe het die afgelope paar maande internasionaal aandag getrek.

Op 24 November het die US 'n geleentheid oor volhoubaarheid vir die Verenigde Nasies-omgewingsprogram (UNEP) se Internasionale Paneel oor Volhoubare Hulpbronne aangebied.

Prof Mark Swilling van die Skool vir Publieke Leierskap (SPL) aan die US sowel as Projekleier van die TsamaHub - 'n deel van die HOOP Projek - verteenwoordig Suid-Afrika in hierdie Paneel. Die Paneel, wat in 2007 gestig is, het sy eerste byeenkoms op Afrikabodem by die Volhoubaarheidsinstituut buite Stellenbosch gehad, waar prof Swilling ook Direkteur is.

In sy toespraak by die geleentheid het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, gesê volhoubaarheid is een van die oogmerke van die US se HOOP Projek, 'n inisiatief om die Universiteit

se wetenskaplike kundigheid tot voordeel van die samelewing aan te wend.

"Suid-Afrika se ekonomie moet sy hulpbronne energie-intensiewe aard te bowe kom. Nywerheidsontwikkeling is belangrik vir ekonomiese groei, maar ons het nou 'n goue geleentheid om ook 'n volhoubare omgewing te bevorder," het hy gesê.

"By die Universiteit Stellenbosch streef ons na 'n balans tussen die omgewing en nywerheid, en dit kom tot uiting in ons benadering tot volhoubaarheid aan die Universiteit."

Prof Ernst von Weizsäcker, die medevoorsitter van die Paneel, het die HOOP Projek lof toegeswaai en gesê dit verteenwoordig die soort waagmoedige benadering wat nodig is om 'n volhoubare toekoms te verseker. "Universiteite bemoei huiself gewoonlik met die wetenskaplike ontleding van feite, die sistematiserings daarvan, en die publikasie van die resultate. Feite lê egter by implikasie in die verlede.

"Wat julle met die HOOP Projek doen, is om na die toekoms te kyk - om die toekoms vir die mense van julle land én die wêreld te verbeter. Jul metodologie is anders, in sy geheel meer riskant, maar ek loof julle daarvoor. Ek dink méér instellings moet hierdie benadering volg, wat goeie wetenskap met hoop vir die samelewing kombineer," het hy gesê. ■



Prof Ernst von Weizsäcker, Medevoorsitter van die Verenigde Nasies-omgewingsprogram (UNEP) se Internasionale Paneel oor Volhoubare Hulpbronne, het Prof. Justin Alberts

A 'people first' agenda, focused on an inclusive environment where a diverse community of students and staff feels supported, respected, affirmed, acknowledged and valued. This is the point of departure for Prof Jimmy Volmink, newly appointed Dean of the Faculty of Health Sciences (FHS).

'People first' agenda for new Dean at Health Sciences

This agenda will include nation building, he says. "And I'd also like us to talk honestly about how we, as South Africans - regardless of skin colour, language, culture, religion or any other factor that has divided us in the past - can unite to build a healthy and prosperous country for ourselves and our children. I believe that Stellenbosch University, with its unique history, now has a historic opportunity to create a culture of reconciliation and harmony that can serve as a model to the rest of South Africa and to the world."

A Capetonian to the bone and the middle child in a family of seven siblings, Prof Volmink grew up and completed his schooling in Athlone, in the shadow of the old 'twin towers'.

"To see them go down was a sad moment - and I hope not a bad sign," he says jokingly.

While neither of his parents had much education, they instilled respect for education in their children, encouraging and supporting them to the extent that all seven of them received a tertiary education of some sort, Prof Volmink says. At

the same time, their involvement in the community has left a lasting impression on the children - so much so that Prof Jimmy chose to spend his post-internship in the depths of rural Swaziland, at the Emkhuzweni Rural Health Centre, where, at night, he often had to work in lamp light to tend to his patients and find his way back to his living quarters through long grass infested with snakes!

Prof Volmink worked in the community as a family doctor and district surgeon for

a number of years before he developed an interest in research, which took him to the Medical Research Council (MRC) for five years, to Harvard for a Master's Degree in Public Health and, eventually, to Oxford University in the United Kingdom, where he completed his Doctorate in Cardiovascular Epidemiology.

On his return to South Africa, Prof Volmink set up the South African Cochrane Centre (SACC), an intramural MRC unit that plays a leading role in advancing evidence-based medicine on the continent. The SACC - one of 13 such centres worldwide - is the only one in Africa. He also spent a year in Washington DC in the United States, where he was invited by the Global Health Council to

With his strong commitment to research, Prof Volmink will strive to promote and sustain a strong research culture, encouraging research productivity and visibility in both clinical and pre-clinical sciences.

set up the Division of Research and Analysis in global health.

As Deputy Dean: Research at the FHS since 2006, Prof Volmink has been greatly encouraged by the huge strides made by the Faculty in this field.

"It's encouraging that our institution doesn't behave as if it has nothing to learn. We realise that we can still do better. I believe that we have the building blocks in place to become a truly great university in the field of research. While we currently have world-class expertise in areas such as HIV and TB, I'd like to see this excellence spread to other areas as well - like chronic diseases, non-communicable diseases and health-systems research."

With his strong commitment to research, Prof Volmink will strive to



Prof Jimmy Volmink
Foto Anton Jordaan (SSFD)

promote and sustain a strong research culture, encouraging research productivity and visibility in both clinical and pre-clinical sciences.

"We'll seek to attract and recruit top-class researchers, to retain and develop promising postgraduate students and researchers and to develop the research infrastructure. At the same time, we'll monitor the external environment to ensure that our research is aligned with the health needs of the population and that research opportunities in the form of large-scale funding and research partnerships are identified early."

In the field of education, Prof Volmink sees the Centre for Health Sciences Education becoming a world leader in the scholarship of teaching and learning in the health sciences. "As Dean, I'll actively support the Centre's development by, inter alia, ensuring a critical mass of researchers and facilitating research collaborations and other partnerships with leading institutions in the field."

And with regard to the Faculty's interaction with the external environment, he says that he will strongly encourage a mind-set that favours adaptability and innovation over resistance and bureaucracy. He will therefore ensure, inter alia, constructive dialogue with provincial authorities to address conflicts around posts, beds and budgets.

Prof Volmink and his wife Blossom are the parents of three children - two girls and a boy.

'Architect of transformation initiatives' not lost to Stellenbosch

Prof Jimmy Volmink takes over the reins at the Faculty of Health Sciences (FHS) from Prof Wynand van der Merwe, who has been Dean for the last 10 years. Establishing himself as the architect of a remarkable series of inclusive and transparent transformation initiatives, Prof Van der Merwe was instrumental in positioning the Faculty as one of the most respected and sought-after institutions of training in South Africa and as a popular destination for a great number of students from Africa and other areas of the world.

Not only did he take the lead in revising the Faculty's curricula but he was also involved in restructuring the Faculty on two occasions: first with the amalgamation of the Faculties of Medicine and Dentistry (into the Faculty of Health Sciences) and later as part of a University-wide financial restructuring process that saw the FHS reduce its number of departments from 33 to 10.

Some of Prof Van der Merwe's achievements include:

- a growth in external research funding from less than R20 million in 2005 to nearly R120 million in 2009;
 - diversity figures at the Faculty being 60% generic black for the last five years;
 - postgraduate student numbers more than doubling, from 600 in 2001 to some 1 600 in 2010; and
 - the great strides taken in extending rural training and the pioneering role that the Faculty has played in establishing the first Rural Clinical School in South Africa.
- Prof Van der Merwe does not leave the services of the University but is to be involved in research on managerial issues on campus. ■




Prof Wynand van der Merwe
Foto Anton Jordaan (SSFD)

US ontvang \$10 miljoen

vir mediese onderrig en navorsingsopleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US) sal vir die volgende vyf jaar een van die begunstigdes wees van 'n Amerikaanse regeringsprojek van etlike miljoene dollars, waarby mediese onderrig en navorsingsopleiding in Suid- en Suider-Afrika sal baat vind.



Dr Jean Nachega

Die US se vennootskapsinisiatief vir landelike mediese onderrig (SURMEPI) sal vyf jaar lank jaarliks \$2 miljoen via die Amerikaanse vennootskapsinisiatief vir mediese onderrig (MEPI) ontvang. Dit bring die totale bewilliging aan die Universiteit op \$10 miljoen te staan.

Deur platforms soos MEPI, beplan die Amerikaanse Gesondheidsdepartement, in vennootskap met die Amerikaanse president se noodplan vir vigsverligting (PEPFAR), om altesaam \$130 miljoen te belê in die transformasie van mediese onderrig en die aansienlike uitbreiding van die aantal gesondheidsorgwerkers in Afrika.

MEPI is ontwerp om PEPFAR in sy doelwitte te ondersteun, naamlik die opleiding en behoud van nagenoeg 140 000 nuwe gesondheidsorgwerkers en die verbetering van vennootland se vermoë om primêre gesondheidsorg te bied.

Ingevolge dié inisiatief ontvang instellings in 12 Afrikalande direkte toelaes via die MEPI-platform, in samewerking met mediese skole en universiteite in Amerika. Die inisiatief bestaan uit 'n netwerk van naastenby 30 plaaslike vennote, staatsdepartemente van gesondheid en onderwys, en meer as 20 Amerikaanse medewerkers.

"Die US-span is geëerd en dankbaar vir die vertroue in ons navorsing en opleiding. Talle van ons navorsers werk in goed gevestigde navorsingsnodusse in stedelike en landelike gemeenskappe, terwyl ander by toonaangewende laboratoriumnavorsing betrokke is. Die insluiting van innoverende geneeskundige kennis en

vaardighede in 'n landelike omgewing (waar die behoefte die grootste is) sowel as kliniese en gemeenskapsgesondheidsnavorsingsprojekte het ons aansoek mededingend en op die ou einde suksesvol gemaak," sê prof Jean Nachega, Direkteur: Infeksiesiektesentrum van die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe, en hoofnavorsers vir die SURMEPI-aansoek.

Die finansiering sal aanvanklik vir vermoëbou in mediese onderrig en navorsingsopleiding by die Ukwanda Landelike Kliniese Skool op Worcester aangewend word, waarna dit ook na ander landelike gebiede uitgebrei sal word.

Spesifieke projekte sluit in die ontwikkeling van kliniese vaardighede in antiretrovirale en tuberkulosebehandeling by professionele gesondheidswerkers; navorsing oor gesondheidswetenskap, epidemiologie, biostatistiek en gemeenskapsgesondheid; infeksievoorkoming en -beheer, en opleiding in aansteeklike siektes.

Ingevolge die toelaagkema sal die US met 'n aantal eksterne gesondheidsinstellings saamwerk, onder meer die Johns Hopkins-universiteit in Amerika, die Makerere-universiteit in Uganda, die Eenheid vir Kennisoorsplasing ("Knowledge Translation") in die Universiteit van Kaapstad se Longinstituut, en die Karolinska-instituut in Swede. ■

- Die befondsing sluit nou aan by die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek en spesifiek wat betref die inisiatiewe Voedselakeurigheid en die Ukwanda Landelike Kliniese Skool.



BEN VAN HEERDEN MET GESOGTE ONDERRIG-PRYS VEREER

By die konferensie van HELTASA, die Suid-Afrikaanse vereniging vir hoëronderswyser en -onderrig, wat in November by die Universiteit van Limpopo gehou is, is prof Ben van Heerden, Direkteur van die Sentrum vir Gesondheidswetenskappe-onderrig in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, vir sy besondere bydrae tot onderrig en leer vereer.

Prof Van Heerden is ook die voorsitter van die MB, ChB-programkomitee sowel as koördineerder vir die programme MB, ChB en MPhil in Gesondheidswetenskappe-onderrig.

In samewerking met die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys, maak HELTASA jaarliks toekennings aan akademië van hoëronderswyinstellings ter erkenning van uitnemendheid in onderrig en leer.

Prof Van Heerden het 'n lewendige belangstelling in onderrig en leer ontwikkel toe hy in 2001 as hoof van die destydse Skool vir Geneeskunde aangestel is.

"Die prys behoort ewe veel aan die groot aantal kollegas by die Fakulteit en Universiteit wat my entoesiasme vir onderrig van gehalte deel, met wie ek die voorreg het om te kan saamwerk, en wie se samewerking onontbeerlik is om uitnemendheid in leer en onderrig voortdurend te bevorder," het prof Van Heerden gesê. ■

SA Medical Association honours anatomical pathologist

The outstanding work that Prof Colleen Wright, Head of the Anatomical Pathology Division in the Faculty of Health Sciences, has been doing in the field of fine-needle aspiration (FNA) and placental pathology received special recognition when the SA Medical Association honoured her with a special Medical Service Award.

The award specifically acknowledges contributions that, at the time of their execution, made a positive difference to the practice of medicine and health-care delivery.

Prof Wright is an anatomical pathologist with a particular interest in both paediatric pathology and the use of FNA biopsy as a diagnostic modality in resource-limited countries.

This natural synergy led to her research into the diagnosis of paediatric tuberculosis using FNA, the topic of her doctoral dissertation. She promotes the use of FNA in both neo-plastic and infectious diseases in countries with limited financial and medical-personnel resources.

Prof Wright has been training medical and nursing staff at both under and postgraduate level in the FNA technique. In 2005, she also initiated the first distance-mediated master's degree in Cytopathology through Stellenbosch University, thus making specialist training in cytopathology accessible to students throughout Africa.

Prof Wright has a research and diagnostic interest in perinatal and placental pathology. This has led to her appointment as a co-investigator in the Prenatal Alcohol and SIDS (sudden infant-death syndrome) and Stillbirth Research network, a five-year international collaborative study funded by the National Institute of Child Health and Human Development and by the National Institute on Alcohol Abuse and Alcoholism in the



USA to investigate the hypothesis that perinatal alcohol exposure increases the risk of SIDS and stillbirth. As part of this study, she was appointed Affiliate Professor of Pathology at the Children's Hospital Boston.

Prof Wright promotes the recognition of the contribution of placental pathology to the understanding and management of adverse pregnancy outcome, convening courses on placental pathology for pathologists from South and from Southern Africa and lecturing to obstetricians and neonatologists. ■

• Prof Wright's work received a further accolade when she received an invitation in October from the International Academy of Cytology to become a member of the International Board of Cytopathology. This recognition is a rare and sought-after honour that reflects the international respect and status that she enjoys as a leading cytopathologist.



US-navorsers aan voorpunt van kankerdeurbraak

Navorsers in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe staan aan die voorpunt van die eerste kliniese studie vir die evaluering van nuwe tegnologie waarmee die presiese ligging van kankergewasse gedurende radioterapie bepaal kan word.

Hierdie internasionale studie word in samewerking met Calypso Medical Technologies Geïnkorporeerd van Amerika onderneem.

Die hoë standaard van, en internasionale erkenning vir, die werk van die Fakulteit se Afdeling Pulmonologie, en spesifiek die werk van prof Chris Bolliger, het die Universiteit Stellenbosch die voorkeur-kliniese toetsomgewing uit 20 instellings

van oor die hele wêreld gemaak.

Prof Bolliger, Hoof van Respiratoriese Navorsing in die Afdeling Pulmonologie, het die eerste menslike implanting van die gepatenteerde Beacon-sender in die eerste week van Oktober gedoen. Die senders sal presiese inligting oor die ligging van kankergewasse aan stralingsonkoloë voorsien, wat veral van groot nut kan wees by langgewasse, wat vinniger as ander gewasse beweeg en dus besonder moeilik is om akkuraat met radiobestraling te behandel. Die nuwe tegnologie sal na verwagting die uitkomst van stralingsbehandeling verbeter en die nuwe-effekte daarvan verminder. ■

SU scientists discover new TB-causing organism

Prof Nico Gey van Pittius, research scientist at the Department of Science and Technology and National Research Foundation Centre of Excellence in Biomedical Tuberculosis Research on the Tygerberg Campus of Stellenbosch University (SU), was at the forefront of the discovery and identification of the first new TB species in the *Mycobacterium tuberculosis complex*, a group of organisms adapted to using mammals as hosts.

The last time that a new organism was identified in this group was almost 20 years ago.

The new organism first came to the attention of SU scientists in 2008 when a USA research team - led by veterinary scientist Prof Kathy Alexander of the Virginia Tech College of Natural Resources and Environment - approached them for help after Prof Alexander's team discovered that a troop of banded mongoose in northern Botswana was dying of a mysterious, TB-like disease.

"Initially, we thought that the disease in the mongooses was caused by

Mycobacterium bovis, the organism causing TB in cattle that is running rampant in buffalo and other wildlife populations in parts of Southern Africa. That turned out to be wrong and we then looked at the possibility of human TB spreading to the animals across the human-animal interface; the infected mongooses were living in close proximity to human-waste systems in the Chobe area."

When that theory also fell by the wayside and none of the markers for the different known species could identify the organism, Prof Gey van Pittius realised that they were dealing with an unidentified new organism that had never before been seen either in Southern Africa or elsewhere in the world.

Named *Mycobacterium mungi* by the Stellenbosch TB group, the new organism is the latest species identified in the *Mycobacterium tuberculosis complex*. It includes other animal-adapted organisms that infect, among others, seals, dassies, oryx, voles, goats and cattle. ■



Laserfisikus wil ander wetenskaplikes inspireer

"Deur hierdie toekening kry ek die kans om as rolmodel vir ander talentvolle jong vroue te wys dat hulle 'n verskil kan maak."

So sê laserfisikus dr Christine Steenkamp van die Universiteit Stellenbosch (US) se Lasernavorsingsinstituut, en senior dosent in die Departement Fisika, oor die prys wat sy in China van TWOWS, die Derdewêreldorganisasie vir vroue in die wetenskap, ontvang het. Sy is saam met 11 ander vrouewetenskaplikes uit Afrika, die Midde-Ooste, Asië, en Latyns-Amerika en die Karibiese Eilande vereer.

TWOWS is die eerste internasionale forum wat vrouewetenskaplikes van ontwikkelende lande byeenbring om hulle as groter rolspelers in die ontwikkelingsproses en as volwaardige wetenskap- en tegnologieleiers te vestig.

Dr Steenkamp se prys in die kategorie Fisika/Wiskunde vir die Afrikastreek is ter erkenning van haar uitmuntende werk, veral oor vakuultra violet-laserspektroskopie. Wat haar prestasies so merkwaardig maak, is dat sy haar wetenskaplike uitset op die gebied van proefondervindelike fisika behaal het - 'n vakgebied waarvoor daar geen navorsingsinfrastruktuur beskikbaar was toe sy in die 1990's as Matie haar fisikaloopbaan in Suid-Afrika begin het nie.

Dr Steenkamp het by die prysuitdeling 'n lesing oor haar werk aangebied. Van die tegnieke wat sy ontwikkel het, het sedertdien data opgelewer wat astrofisici kan gebruik om die resultate te vertolk wat hulle uit ruimtestasiewaarnemings van die interstellêre ruimte bekom. ■



Tracing the history of Africa's mammals

Photo by Engela Duvenage

Where do Africa's mammals come from and what can their genes tell us about their evolution?

These are questions that keep zoologist

Prof Terry Robinson and his Evolutionary Genomics Research Group at the Department of Botany and Zoology busy in their search for genetic clues about the most primitive of African mammals, the Afrotheria.

Prof Robinson has become the 14th scientist at Stellenbosch University to receive an A-rating from the National Research Foundation. A-rated scientists are unequivocally accepted by their peers as world leaders in their fields of interest based on, among others, the high quality of their research outputs of the past eight years.


In his work in the fields of evolutionary genetics

and aspects of chromosome biology, Prof Robinson uses technical advances in contemporary flow cytometry and data from human and other sequenced genomes.

"We're searching for clues about the common ancestor of mammals such as the aardvark, elephant, golden mole and elephant shrew,"

Prof Robinson said in explaining his work on the genome structure of mammals originating from Africa. "I want to find out just how the genetic material contained within these animals has been reshuffled in the evolutionary past, how species evolved and how these animals are related to one another."

Aspects of this research, which was initially funded by the Wellcome Trust, are done in collaboration with scientists at Cambridge University, the University of California, the University of Barcelona, the Australian National University in Canberra and the Institute of Cytology and Genetics of the Russian Academy of Sciences. ■



Mark Swilling



Prof Mark Swilling van die Skool vir Publieke Leierskap (SPL) aan die Universiteit Stellenbosch (US) is deur die invloedryke Amerikaanse Aspen-instituut se Sentrum vir Sake-opleiding (CBE) as vanjaar se 'fakulteitspionier' aangewys.

Die prys verleen erkenning aan sakeskooldosente wat leierskap en waagmoed aan die dag lê deur maatskaplike, etiese en omgewingskwessies by die MBA-kurrikulum te integreer.

Prof Swilling is vereer as deel van die Instituut se

met toonaangewende Aspenprys vereer

jaarforum "Aspen in New York Business and Society" wat in Oktober aangebied is.

Buiten sy professorskapskap in Volhoubare Ontwikkeling by die SPL, is Swilling ook Akademiese Direkteur van die US se Volhoubaarheidsinstituut, waar hy verantwoordelik is vir die magister- en doktorale program in Volhoubare Ontwikkeling.

Volgens prof Swilling bevestig die prys "dat volhoubaarheid wêreldwyd erken word as 'n hoeksteen van leierskapsopleiding".

Prof Johann de Villiers, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, sê prof Swilling het al verskeie oorspronklike bydraes gelewer om een van die groot uitdagings van ons eeu, naamlik beplanning vir volhoubare ontwikkeling, die hoof te help bied. "Hierdie bydraes het die akademiese debatvoering in ons Fakulteit geweldig verryk. Met die daarstelling van die inisiatief vir transdisiplinêre navorsing verbreed prof Swilling sy akademiese invloed tot ver buite die sfeer van ons Fakulteit, en dra hy by tot die skep van 'n opwindende ruimte vir oorspronklike akademiese debatvoering in die internasionale navorsersnetwerk wat aan hierdie inisiatief deelneem."

Prof Swilling is ook die projekteur van die Sentrum vir Kruisdisiplinariteit, Volhoubaarheid, Beoordeling, Modellering en Ontleding (TsamaHub), wat streef na volhoubare langtermynoplossings vir die volhoubaarheidskrisis op die Afrikavasteland. Die TsamaHub is deel van die US se HOOP Projek. ■

'Teesakkie'-prof bly in die nuus

Vir prof Eugene Cloete, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, was 2010 werklik 'n besondere jaar.

Dié gerekende waternavorsers en mikrobioloog was een van twee ontvangers van die "Science for Society"- goue medalje van ASSAF, die Suid-Afrikaanse Wetenskapakademie, ter erkenning van sy navorsing en rol in beleidsbepaling tot voordeel van die gemeenskap.

Volgens ASSAF het prof Cloete reeds talle beduidende bydraes op die gebied van mikrobiologie in Suid-Afrika én elders gelewer. Daarby het baie van sy navorsingsuitsette beleid op nasionale en internasionale vlak help rig.

Vroeër vanjaar is prof Cloete boonop ingelyf as die enigste Afrikaverteenwoordiger in die nuwe genoteprogram van die Internasionale Watervereniging (IWA), die wêreld se grootste vereniging vir waterberoepslui.

Prof Cloete, 'n voormalige IWA-voisepresident, dien tans in die Vereniging se spesialisgroep oor biovliese, sowel as in die internasionale Coca-Cola-paneel oor watersake.

Daarbenewens is hy voortdurend in die nuus as uitvinder van die sogenaamde 'teesakkiewaterfilter', wat, as 'n inisiatief van die US se Waterinstituut en die HOOP Projek, waardevolle plaaslike en internasionale publisiteit vir US-navorsing verseker. Die filter, wat soos 'n teesakkie lyk, het boonop waterkeners, filantropes en verspreiders van oor die hele wêreld se aandag getrek.

Danksy 'n kombinasie van onder meer nanovesels, siektewerende mikrobies en geaktiveerde koolstofkorrels, word patogene en skadelike chemikalieë uit besoedelde water gefiltreer terwyl 'n mens uit die bottel drink. Prof Cloete se navorsingspan van mikrobioloog en polimeerwetenskaplikes werk onverpoos om die bioafbreekbare filter te vervolmaak. Volskaalse produksie sal na verwagting vroeg in 2011 begin, waarna die filter gereed sal wees vir verspreiding na kwesbare gemeenskappe wat van besoedelde waterbronne afhanklik is, sowel as na die buiteland.

Innovus, die Universiteit se tegnologie-oordragmaatskappy, help die navorsingspan met die kommersialisering van die produk. ■

• Besoek www.diehooprojek.co.za vir meer inligting.



Prof. Jakes Gerwel het namens ASSAF die "Science for Society" goue medalje aan natuurwetenskappe dekaan, prof Eugene Cloete (regs), oorhandig. Foto: ASSAF



Verwerf só jou kwalifikasie in Finansiële Beplanning

Vir matrikulante met 'n aanleg vir syfers dog ook 'n mensgerigte benadering tot die beroepslewe, is 'n kwalifikasie in Finansiële Beplanning 'n goeie keuse.

"Die eerste stap is om die program BComm (Finansiële Beplanning), wat sedert 2007 in die Departement Ondernemingsbestuur aangebied word, aan die Universiteit Stellenbosch te volg," sê dr Ria Hugo, Programbestuurder: Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning in die Departement Ondernemingsbestuur. "Hierdie BComm-grad behels twee nuwe kursusse in Finansiële Beplanning: Finansiële Beplanning 214 in die tweede jaar, en Finansiële Beplanning 378 in die derde jaar."

Hierna volg die student die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning, 'n program wat die Departement nauurs op die Bellvillepark-kampus aanbied.

"Sodoende kan die student bedags werk, maar terselfdertyd verder studeer deur een aand per week die lesings by te woon," sê dr Hugo.

Ander studente met 'n gewone BComm, LLB of enige ander baccalaureusgraad wat deur die Senaat goedgekeur is, kan ook in hierdie stadium om toelating tot die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning aansoek doen.

Nadat die vier diploma-modules suksesvol voltooi is, kan kandidate die Raadseksamen van die Finansiële Beplanningsinstituut van Suid-Afrika (FPI) aflê, wat op sy beurt tot die gesogte internasionale CFP ("Certified Financial Planner") akkrediasie lei. ■

• Vir meer inligting, skakel 021 808 2500, stuur 'n e-pos na finplan@sun.ac.za, of besoek www.sun.ac.za/dfp.



Die 2009-groep wat in Maart 2010 by 'n spesiale inlywingsfunksie deur die FPI as CFPs ("Certified Financial Planners") geakkrediteer is. Voor, in die swart togas, is mnr Godfrey Nti, Hoofuitvoerende Beampte van die FPI, mnr Anthony Campher, Hoof: Sertifisering en Lidmaatskap van die FPI, en mnr Solly Keetse, FPI-ondervoorsitter. Foto: Hennie Rudman



Koester jou talent

Dit verg 'n leier om 'n ander leier raak te sien. Identifiseer die jong leiers in jou maatskappy en help hulle om ingeligte innoverders te word wat die pad na 'n volhoubare toekoms kan uitwys deur hulle na die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) te stuur. Want ons kan jou help om hulle tot hul reg te laat kom.

Laat die USB dus jou talentvolste mense slyp. Ons bied 'n MBA, Meesters in Ontwikkelingsfinansies, MPhil in Bestuursafrigting, MPhil in Toekomststudie, PhD en bestuursontwikkelingskursusse aan.

Kom ons praat. Skakel 0860 USBUSB / 021 918 4114
Of kry meer inligting by usbcom@usb.ac.za
of www.usb.ac.za

USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die wêreld se opsies. Een keuse.



Die enigste bestuurskool van 'n SA-universiteit met twee internasionale akkrediasies - EQUIS en AMBA

SUID-AFRIKA SE SONENERGIETOEKOMS BLINK

Suid-Afrika is ideaal geleë vir 'n lewenskragtige sonenergiebedryf, skryf **Wikus van Niekerk** en **Paul Gauché** van die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies, maar daar is uitdagings wat oorkom moet word voordat dié bedryf sy volwaardige plek in die Suid-Afrikaanse son sal kan kry.

Suid-Afrika het 'n oorvloed natuurlike hulpbronne, wonderlike natuurskoon - en sonskyn. Ons het selfs meer sonskyn as Amerika en Spanje - met laasgenoemde wat as die Europese voorloper op die gebied van sonkrag gereken word. Uppington in die Noord-Kaap, met sy meer as 300 sonskyn dae per jaar, het waarskynlik die heel beste ligging ter wêreld vir 'n aanleg vir gekonsentreerde sonenergie.

Sonenergie is lankal nie meer 'n hersenskim nie. Die Internasionale Energie-agentskap voorspel dat 11% van die wêreld se elektrisiteit teen 2050 deur gekonsentreerde sonkrag verskaf sal word, en dat die 'sonnigste' lande, wat Suid-Afrika insluit, tot 40% só kan opwek.

Die dringende behoefte om klimaatsverandering teë te werk, gee veral stukrag aan sonenergie as volhoubare alternatief vir fossielbrandstowwe, waarvan daar na raming nog net sowat 300 jaar se voorraad beskikbaar is. Dit kan dalk na toekomstige geslagte se probleem klink, maar feit is dat dit al hoe moeiliker raak om grondstowwe te ontgin, en dat 'n beperkte voorraad fossielbrandstowwe tot sowel hoë energiepryse as ongekende energiekonflik kan lei.

Om 'n grootskaalse inwerkingstelling van sonenergiekragstasies teweeg te bring, sal talle tegnologiese, ekonomiese, omgewings- en sosio-politieke struikelblokke oorkom moet word - waarskynlik die onderwerp van 'n reeks opvolgartikels. Pogings sal ook onmiddellik versnel moet word om die voorgestelde teikens te haal. Volgens voorspellings sal Suid-Afrika in die volgende 30 jaar 80 GW (gigawatt) kragopwekkingsvermoë benodig. (In dié stadium beskik Eskom oor net meer as 40 GW.) Die koste om nuwe aanlegte hiervoor op te rig (volgens die steenkool- of kernkragmodel), beloop meer as \$100 miljard.

Hierdie koste kan beduidend besnoei word indien sonenergie voorkeur geniet. Die voordele is legio. Behalwe die ooglopende voordeel

Gekonsentreerde sonkrag kan reeds teen 2025 op gelyke voet met tradisionele vorme van elektrisiteits-opwekking meeding.



Prof. Wikus van Niekerk by 'n sonoring in die USA. (Foto: Paul Gauché)

van skoner energie (in vergelyking met steenkoolverbranding), vereis die tegnologie in sontermiese kragopwekking nie dieselfde kundigheid as kernkrag- of steenkoolkragstasies nie. Boonop kan werksgeleenthede geskep word deur onderdele en aanlegte plaaslik te vervaardig en te installeer. Om die waarheid te sê, gekonsentreerde sonkrag kan reeds teen 2025 op gelyke voet met tradisionele vorme van elektrisiteitsopwekking meeding.

Dit beskik ook oor verskeie eienskappe wat goed by Suid-Afrika se hulpbronne en behoeftes inskakel: gevestigde infrastruktuur vir die vervaardiging van die onderdele, 'n uitstekende bron van sonlig, 'n gevestigde navorsings- en ontwikkelingsomgewing vir tegnologie-ontwikkeling, en 'n gewillige internasionale gemeenskap om programme vir die vermindering van koolstuuurgasvrystellings te finansier.

Die Universiteit doen tans navorsing op verskeie gebiede wat die nuwe bedryf ondersteun. Die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies is die Suid-Afrikaanse voorkeurinstansie om sonenergie te meet en vir gekonsentreerde kragstasies te tipeer, en bedryf tans vier sonmetingstasies in Suid-Afrika en Botswana, met nog twee op pad.

Beskikbare tegnologie

Die waarskynlikste tegnologie wat in Suid-Afrika gebruik sal word, is paraboliese sontrê, wat sonstrale deur middel van paraboliese spieëls op ontvangerbuise konsentreer waarin olie die warmte-energie absorbeer. Die warm olie word na 'n hiteruiler gepomp waar die warmte oorgedra word om stoom te maak, welke stoom deur 'n stoomturbine gelei word om 'n opwekker te laat draai en só elektrisiteit op te wek. Die US het ook navorsingstatus opgebou wat sonerings betref. Groot, beweegbare spieëls (heliostate) konsentreer son strale op 'n sentrale ontvanger op die toring. Die voordeel van sonerings is dat hoër temperature bereik kan word, wat die berging van die warmte-energie meer lewensvatbaar maak.

Die navorsing en kundigheid in droëlugverkoeling wat oor dekades in die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese opgebou is, is van besondere belang, aangesien die meeste van die gebiede wat vir sonkragaanlegte opgesit is ook baie droog is, en konvensionele natverkoeling nie moontlik is nie. Die Departement konsentreer ook op die berging van warmte-energie en die vervaardiging van heliostate.

Die ontwikkeling van 'n lewenskragtige sonenergiebedryf in Suid-Afrika hou voordele in vir die land, sy mense én vir die US, met toenemende belangstelling en belegging in die navorsingsaktiwiteite wat die bedryf ondersteun.

- Sien www.sun.ac.za/crses vir meer inligting.

Medialab verbeter menslike wisselwerking deur rekenaartegnologie

Voertuie wat teen hoofpadsnelhede verby mekaar ry en binne millisekondes 'vlietende netwerke' skep om veiligheidsinligting (soos oor ongelukke en verkeersopeenhopings), podsendinge en ander multimedia teen hoë datatempo's uit te ruil. Dit is die onderwerp van 'n innoverende navorsingsprojek genaamd VANETS, waaraan Leretholi Mojela, 'n magisterstudent, en studieleier Thinus Booyen, 'n PhD-student, werk. Dié studie is maar een van 'n verskeidenheid interessante projekte waarmee personeel en studente van die MIH Medialaboratorium in die Fakulteit Ingenieurswese woeker. Hier val die klem op navorsing met praktiese toepassings, in plaas van lugkasteelteorieë wat kort nadat dit geskep is in vergetelheid raak.

Die Medialab (soos dit algemeen op kampus bekend is) is drie jaar gelede op die been gebring nadat rolspelers uit die bedryf die Universiteit Stellenbosch (US) genader het om iets daadwerkliks te doen aan die groot tekort aan sagteware- (of programmatuur-)ingenieurs en navorsing oor mobiele en inligtingstegnologie.

Dr Gert-Jan van Rooyen, Direkteur van die Medialab, sê die toepassing van ontluikende tegnologie om die wisselwerking tussen mense onderling, en tussen mense, rekenaars en inligting te verbeter, is die kerndoel van die Laboratorium. "Die opvatting bestaan dat rekenaars en die internet mense van mekaar distansieer. By die Medialab span ons egter juis dié tegnologie in om mense bymekaar te bring en ook om hul wisselwerking met inligting te vergemaklik," vertel dr Van Rooyen entoesiasies.

"Ons plaas ook baie groot klem op hoe die span saamgestel word. Ons soek begaafde studente uit uiteenlopende agtergronde - van die Geesteswetenskappe en Ingenieurswese tot Toegepaste Wiskunde en Bemaking - met die hand uit," verduidelik hy. "En danksy ruim finansiering uit die bedryf is dit moontlik om studente aantrekklike beurse, ook 'n navorsingstoelaag, te bied - dié alles

in 'n navorsingsomgewing wat pasgemaak is om kreatiwiteit en innovasie aan te moedig," voeg hy by.

Die resultaat, vertel dr Van Rooyen, is die ontwikkeling van spesialiste op die gebied van web- en mobiele tegnologie, sowel as die skep van intellektuele eiendom met 'n kommersiële waarde. "Boonop moedig ons tegnologiese entrepreneurskap by jong gegradueerdes aan."

Studeerders word ook tydigegun om aan projekte te werk wat nie noodwendig met hul navorsing verband hou nie. "Op hierdie manier hoop ons om studente aan te spoor om ook buite die grense van waarmee hulle meestal besig is te innoveer," voeg dr Herman Engelbrecht, Navorsingsbestuurder van die Medialab, by.

Studeerders word ook deur gereelde kontaksessies aan sakelui uit die bedryf blootgestel om navorsing en die kommersiële toepassing daarvan met hulle te bespreek.

Sedert die Medialab se ontstaan het studentegedagtes die hoogte ingeskiet - van vier studente in 2008 tot 19 in 2010. Na verwagting sal 30 studente in 2011 hul studie hier voortsit. (Studeerders bly steeds by hul tuisfakulteit ingeskryf, maar doen hul navorsing by die Medialaboratorium.)

Die Medialab is ook baie suksesvol wat betref studente wat afstudeer. Al vier die eerste studente het spesialisposte aanvaar by maatskappye wat die Laboratorium borg. Van die studente wat in 2010 gradueer, het reeds planne om hul eie ondernemings te begin of om by aanvangsondernemings aan te sluit. ■

- Skakel met dr Gert-Jan van Rooyen by 021 808 3805 of per e-pos by grooyen@sun.ac.za. Besoek die webblad by www.ml.sun.ac.za



Besoek die **Matieland-aanlynweergawe** by www.matielalumni.net vir 'n kort video oor die Medialab.



Me Helen Zille, Premier van die Wes-Kaap, het in September die Medialaboratorium besoek om kers op te steek oor hoe tegnologie gebruik kan word om dienslewering in die provinsie te verbeter. Op die foto wys Estiaan le Roux, 'n magisterstudent in Ingenieurswese (links), haar hoe 'n driedimensionele rekenaarskerm op die gebied van toegevoegde realiteit gebruik kan word. By hulle staan, van links, dr Herman Engelbrecht, Navorsingsbestuurder van die Medialab; prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, en mnr Jacques van Niekerk, ook van die Medialab. (Foto: Anton Jordaan)



HIER WORD HARD GESPEEL!

Rekenaarspeletjies vorm 'n belangrike element van die Medialab se navorsing.

"Speletjies word nie net aangewend om die moontlike gebruike van die ander navorsing, soos toegevoegde realiteit, oftewel *augmented reality*, te toets nie, maar is in baie gevalle hoe mense aan rekenaartegnologie blootgestel word," sê dr Gert-Jan van Rooyen, Direkteur van die Medialab.

"John Gilmore, 'n PhD-student, doen navorsing oor die aanwending van eweknie-netwerke, in plaas van die tradisionele bediener-kliënt-netwerke, om die aanbied- en onderhoudskoste van massiewe multispeleraanlynspelletjies te verminder deurdat elke speler hulpbronne tot die netwerk bydra. Spelers se rekenaars span saam om die 'wêreld' te onderhou waarin die spelletjies plaasvind."

Met toegevoegde realiteit word digitale inligting met die werklikheid verweef - mens sien dus werklike beelde, maar dit word met virtuele voorwerpe verryk. Byvoorbeeld kan jy deur jou selfoon se videokamera na werklike beelde kyk, maar virtuele beelde is ook sigbaar. 'n Toepassing is landmerke en reisroetes wat met virtuele grafika aangedui word."

Stephan Gouws, ook 'n PhD-student, doen weer navorsing oor hoe soekmasjins verbeter kan word deur die gebruiker se behoeftes beter te verstaan en soekresultate daarvolgens aan te pas. Die webpublikasie Health24 gebruik 'n program wat Stephan ontwikkel het, wat inligting soek oor die onderwerpe waarvoor joernaliste in daardie stadium artikels skryf.

Ander projekte sluit die volgende in:

- SINAD - 'n sagtewarepakket om gebruikergeskepte datastrome te versamel en te ontleed ten einde verskillende tendense in aanlyn-sosiale kommunikasie op te spoor
- VANETS - voertuignetwerke waarin data maklik tussen voertuie en die internet uitgeruil word (sien artikel hiernaas)
- Mediaverspreiding - fiek- en televisienetwerke wat gebruikers verpersoonlike kanale bied wat outomaties na rekenaars of netwerktelevisies versend word



US bied reeds dekade lank opleiding in

Die Universiteit Stellenbosch (US) het reeds in 2000 programme in Finansiële Risikobestuur ingestel om studente op te lei om risiko te meet en die pryse van gesofistikeerde finansiële produkte te bepaal, skryf **prof Willie Conradie**, koördineerder van die programme in Finansiële Risikobestuur van die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap.

Finansiële Risikobestuur



Novare, 'n fondsbestuur- en aktuariële konsultasiemaatskappy, ondersteun die programme finansiële. Hier is (voor) prof Johan de Villiers, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, mnr Pierre Groenewald, Portefeuljbestuurder by Novare, prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig en prof Tertius de Wet, Voorsitter van die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap. Agter is mnr JD van Heerden, Senior Lektor in Finansiële Risikobestuur, mnr Derrick Roper, Besturende Direkteur: Novare en prof Willie Conradie, Koördineerder: Finansiële Risikobestuur programme. Foto: Anton Jordaen (SSFD)

Finansiële Risikobestuur is die betreklik nuwe dissipline wat wiskundige modelle gebruik om risiko te bestudeer en optimale opbrengste te verseker op beleggings wat aan risiko onderworpe is.

Die aannames vir dié modelle moet voortdurend getoets en verfyn word, en hoe wisselvalliger die finansiële markte, hoe moeiliker word dit om die pryse van die toenemende aantal komplekse finansiële instrumente op die markte te bepaal en die risiko's verbonde daaraan te meet.

Teen die laat 1990's het formele

opleidingsprogramme in Finansiële Risikobestuur (wat soms ook Finansiële Wiskunde, Finansiële Ingenieurswese of Kwantitatiewe Finansiële Analise genoem word) wêreldwyd by universiteite begin posvat om kwantitatiewe analiste (sogenaamde "quants") op te lewer - kundiges met 'n grondige kennis van die wiskundige en statistiese teorieë en gedrag grondliggend aan die finansiële markte.

Weens die statistiese en aktuariële kundigheid in die US se Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap, kon dit dié soort programme met

welslae aanbied. Gevolglik het die Departement in 2000 met honneurs- en magisterprogramme in Finansiële Risikobestuur begin, en bied dit sedert 2003 ook Finansiële Risikobestuur op tweede- en derdejaarsvlak aan.

Plaaslik én internasionaal is afgestudeerdes in Finansiële Risikobestuur baie gesog. Aan die US het nagenoeg 90 nagraadse studente oor die afgelope tien jaar afgestudeer, van wie baie reeds senior poste beklee waar hulle ooreenkomstig die US se HOOP Projek 'n verskil maak.

Opleiding kan egter nie sonder kundigheid en steun uit die finansiële wêreld geskied nie, en portefeuljbestuurders, tegniese analiste en finansiële risikobestuurders uit die praktyk bied dus ook modules aan.

Opleiding vind boonop in vennootskap met SAS plaas - 'n internasionaal bekende sagtewaremaatskappy wat onder meer gesofistikeerde data-ontginnings- en risikobestuurspakette vir opleidingsdoeleindes beskikbaar stel. Novare, 'n fondsbestuur- en aktuariële konsultasiemaatskappy, ondersteun die programme finansiële, en dien ook as gasheer vir van die magisterstudente terwyl hulle hul navorsingsprojekte doen.

- Prof Willie Conradie was tien jaar gelede 'n medestigter van die studierigting Finansiële Risikobestuur aan die US. Skakel met hom by 021 808 3247 of wjc@sun.ac.za.

ACCERUS to assist in fight against corruption

The Anti-corruption Centre for Education and Research (ACCERUS) has been established as part of the School for Public Leadership at Stellenbosch University (SU).

It aims to equip public-sector officials with the skills to root out corruption within their own departments, Founding Director of ACCERUS, Prof Gavin Woods, told *Matieland*.

"Many government structures don't have the knowledge or appreciation necessary to employ the anti-corruption options that are available. Through its courses, the Centre hopes to provide the missing link between managers and appropriate action, which has thus far frustrated the overall anti-corruption approach of government," he said.

Prof Woods, former Member of Parliament and Chairperson of the Standing Committee on Public

Accounts, described corruption as a "serious problem" that has "become systemic within the operations of government in South Africa". He said that government seems unable to arrest the problem, pointing out that there has been a proliferation of anti-corruption laws, policies, institutions and other initiatives over the past 15 years, yet public-sector corruption continues unabated.

The Centre sees a role for itself in providing government officials with education and training to help make existing anti-corruption mechanisms and regulations more effective and in removing much of the confusion in academic circles around the nature and causes of corruption.

The establishment of the Centre ties in with SU's recently launched HOPE Project, a set of



Prof Gavin Woods

development goals through which the institution aims to tackle pressing needs in society through its knowledge base and expertise.

- Contact ACCERUS at 021 918 4122 or gavin.woods@spl.sun.ac.za for more information.



Gebruik

oorbruggingsjaar om entrepreneur te word

'n Unieke oorbruggingsjaar, oftewel *gap year*, in die vorm van 'n sertifikaatprogram in Entrepreneurskap vir skoolverlaters, studente wat hul studie staak, of jong gegradueerdes wat vir hulself werkseleenthede wil skep, word vanaf Januarie 2011 deur die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool Bestuursontwikkeling (USB-BO) aangebied.

Die USB-BO is die openbare bestuursontwikkeling- en -opleidingsmaatskappy van die Universiteit se Bestuurskool.

Talle jongmense neem 'n oorbruggingsjaar om byvoorbeeld allerhande los werkies in Londen te gaan doen. Die probleem is dat baie van hulle ná so 'n jaar steeds nie mooi weet wat om te doen nie, omdat so 'n jaar meestal struktuur kort, sê DeWet Schoeman, Programmeer van die Oorbruggingsjaarsertifikaat.

"Die gedagte is nie dat deelnemers direk na afloop van die program 'n onderneming op die been moet kan bring nie, maar eerder om entrepreneursdenke aan te wakker sodat hulle self geleentheid vir die toekoms kan skep. Om dit te kan doen, moet 'n persoon eers leer wie en wat hy of sy is, en watter rigting hy of sy in die lewe wil inslaan," voeg hy by.

Die program, wat oor tien maande aangebied word, bestaan uit twee fases. Die eerste handel oor selfontdekking, die ontwikkeling van entrepreneursdenke, die identifisering van geleentheid, en die basiese beginsels van hoe om 'n klein- tot middelslagonderneming te vestig en te bestuur. Die leerproses word deur lewensafriktig (life coaching) aangevul.

Die tweede fase is meer prakties en bied deelnemers die geleentheid om hul kennis in die praktyk toe te pas. Alhoewel deelnemers in hierdie fase self inisiatief moet neem om werkseleenthede te skep, sal hulle steeds ondersteun word, maar moet ook gereeld verslag doen oor hul vordering en ervarings.

"Dit is wêreldwyl om in die tweede fase in Londen of elders te gaan werk en oor die internet verslag te doen. Die 'avontuur' om oorsee te gaan word dus nie ontmoedig nie. Agtergrondkennis oor entrepreneurskap rus egter 'n deelnemer soveel beter toe vir die tyd oorsee én vir die toekoms," sê DeWet.

Teen die einde van die program lê deelnemers 'n sakeplan voor ten einde 'n sertifikaat in Entrepreneurskap te verwerf.

- Vir meer inligting, skakel met DeWet Schoeman by 021 918 4216 of dewet.schoeman@usb-ed.com.

INVEST

GROW

SUCCEED

Executive Development Programmes 2011

COMPREHENSIVE PROGRAMMES

- Executive Development Programme • Senior Management Development Programme • Management Development Programme • New Managers' Development Programme

COACHING PROGRAMMES

- Certificate in Coaching Practice • Coaching for Performance

FINANCIAL MANAGEMENT PROGRAMMES

- Financial Management for Non-Financial Managers

GENERAL PROGRAMMES

- Business Engagement at the Base of the Pyramid • Business Forecasting • Certificate in Retail Management • Certificate in Sustainable Corporate Responsibility Strategies • Commercial Negotiation • Enterprise Risk Management • Entrepreneurship • Executive Programme for Company Directors • Hospital Management • Innovative Futures • Knowledge Management • Management Programmes for NPO Sector • MBA Foundation Programme • Supply Chain Management • Wine and Tourism Management

HUMAN RESOURCES MANAGEMENT PROGRAMMES

- Managing Labour Relations and Employment-related Risks • Programme in Performance Management • Strategic Human Resources Leadership

LEADERSHIP PROGRAMMES

- Authentic Leadership through the Gift of Horses • Development of Leadership and Team Skills (POLs) • Leader Development Programme (International)

MARKETING MANAGEMENT PROGRAMMES

- Customer Experience Leadership • Developing Web Marketing Strategies • Google AdWords Introduction and Advanced • Marketing Wine Online

PROJECT MANAGEMENT PROGRAMMES

- Various options available

MASTER CLASSES

- Business and Sustainability • Designing a Deal • Strategy

Contact: +27 (0)21 918 4488/4344
or info@usb-ed.com
www.usb-ed.com

USB
Executive Development Ltd
University of Stellenbosch Business School

EFMD
EQUIS
ACCREDITED

Facebook en verandering

- só dink vandag se Maties

In 'n onlangse blogartikel sê Koos Kombuis dat hy vir net een ding bang is as 'n burgeroorlog in Suid-Afrika: dat die land er-keer mensde maar net by voortploeter soos hulle die afgelope 16 jaar voortgeploeter het, dat ons nooit 'n punt van ware versoening (of ware verval) sal bereik nie, en verdoem is tot middelmatigheid en vae ontevredenheid.

Wat een ding het ten minste oor die afgelope dekade verander, en dit is die manier hoe Kombuis sy boodskap oordra. Digitale media maak dit vir duisende mense moontlik om sy gedagtes gratis te lees en dan daarop kommentaar te lewer. Binne ure begin daar 'n e-gesprek oor wie en wat die skuld vir Suid-Afrika se middelmatigheid moet kry.

Ook op Stellenbosch, en veral onder studente, is digitale media besig om die landskap te verander. Digitale sosiale netwerke, soos Facebook en Mxit, het reeds baie grense verskuif (of tot niet gemaak), en dit gaan waarskynlik nog 'n hele paar jaar neem vir hierdie media om hul volle potensiaal te bereik. In Amerika gebruik tussen 90% en 95% van studente Facebook, en die

persentasie op Stellenbosch kan nie veel laer wees nie. Daar is natuurlik al baie gespekeleer oor wat hierdie digitale revolusie vir ons samelewing gaan beteken. Party sien dit as 'n oplossing vir die eensaamheid en afgeslotenheid van die moderne lewe. Dit is belangrik aangesien 'n onlangse studie bevind het dat 30% van studente op Stellenbosch gereeld eensaam voel. Daar word in 'n mate teruggekeer na 'n 'kteindorpie-gevoel', waar almal weet wat in almal anders se lewe aangaan - nuus word in-die-oomblik deur middel van "status updates" gedeel. Wanneer jy by 'n partytjie opdaag, is dit nie nodig om eers op hoogte te kom nie: 'n kwessie wat op Facebook genoem is, ontwikkel spontaan in 'n gesprek.

Maar wat beteken dit vir hoe vandag se Maties dink? Eerstens bied dit 'n baie groter geleentheid om deel te word van die gesprek. In die afgelope kwartaal het studente op blogs en Facebook dikwels oor die taalkwessie gepraat (en gestry). Een student het selfs op haar blog 'n ope brief aan Blade Nzimande in Zulu gepubliseer (en 'n ontvangserkenning daarvoor gekry).

Die Studenteraad (SR) kon blitsvinnig inligting oor 'n protesaksie teen beoogde studentegeldeverhogings aan studente deurgee, en uit die kommentaar op Facebook

Vandag se Maties is deel van die "always on"-generasie, en sosiale netwerke is hier om te bly, skryf Innes Barnardt, Studenteraadslid vir Beleid en Dialoog, en vierdejaarstudent in die program BComm Regte. Dié artikel maak deel uit van 'n reeks in Matieland waarin huidige Maties hul mening oor studentwees gee. Die menings wat in hierdie reeks artikels uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redakteur óf die Universiteit Stellenbosch nie.

kon die SR direk inspraak in die kwessie kry. Algemene kwessies soos volhoubaarheid en nie-rassigheid (vergelyk die Green Paper Initiative op Facebook) kry al hoe meer aandag van studente.

Die informele aard van die internet, en die nabyheid wat dit tussen die deelnemers bewerkstellig, word ook onder studente weerspieël. Die jaarlikse SR-plakkate is 'n goeie voorbeeld. Oor die afgelope vyf jaar het dit verander van 'n formele uitleg, waar al die SR-lede in baadjie en das geklee is, tot foto's met SR-lede in die kiere wat hulle elke dag klas toe dra en die foto's

amper lukraak op die plakkaat versprei. Die tyd van formele aanspreekvorme en streng hiërargie kom tot 'n einde, en die oorblyfsels daarvan word as vervreemdend ervaar.

Sosiale netwerke is hier om te bly, en die nuwe geslag Maties het grootgeword in die "always on"-generasie.

Dit is nie meer genoeg om jou identiteit in 'n koshuis of vereniging te vestig nie, want die internet laat sulke grense vervaag. Wat dit alles vir die toekoms inhoud, is onseker, maar dit gaan ongetwyfeld 'n groot impak hê.

Dit lyk asof Koos Kombuis wél na verandering kan uitsien - al proe ons nou nog net die voorsmaak daarvan.




Is jy ook deel van die "always on"-generasie? Laat weet ons by media@sun.ac.za of besoek die Matieland Facebook-blad by www.facebook.com/matieland



"There's no school where you can get your trade papers. You learn by working alongside someone."

Photos: Anton Jordaan (SSFD)



Stellenbosch's glassblower

a master at his art *Deur Engela Duvenage*

As the in-house glassblower of the Faculty of Science, Eric Ward performs one of the many behind-the-scenes jobs that make the University work.

brittle, gold-coloured vermiculite to cool the pieces off slowly once removed from the kiln.

Most of his clients are from the Faculties of Science, Engineering and AgriSciences, while art students also knock on his door requesting parts for sculptures or displays. "Once it was tubes to put bird skulls in; another time it was glass rings to fill with coloured water," he remembers some of the orders placed since he joined the University 18 years ago. "I hate making dogs," he explains after being prodded on whether he has an artistic flair for blowing ornamental ware. "But I love what I do."

A photograph of an intricate condenser made 15 years ago for the Civil Engineering Department has pride of place on the workshop walls among outdated almanacs, close-ups of rainbow-hued stressed glass and pictures of Eric relaxing with his beloved fly fishing. It seems as if it took blood, sweat and tears - and numerous adjustments to the original blueprint - before Eric managed to crack (metaphorically, not literally!) the design. "But if it ever breaks, I'm resigning rather than redoing it!"

He believes that one needs a good five years to learn the tricks of the trade because of the variety of what one might be asked to do. "Every time a new professor comes, she or he wants different things to experiment with."

Often, a researcher's bad planning becomes Eric's problem and he is asked at the last minute to get equipment ready. "And you never know when something is going to break that needs fixing."

Eric, whose accent hints at his British upbringing, trained in a scientific-glassware factory near Manchester. "In those days, you learned to do either pottery or glassware," he says, explaining why he did not follow the Ward-family tradition of working for the Wedgwood-tableware manufacturer, on whose estate he grew up.

His trade brought him to South Africa 28 years ago.

At a fit 64, he doesn't seem ready for retirement. Finding a successor isn't the easiest of things in a trade considered a 'dying art', either. "There's no school where you can get your trade papers. You learn by working alongside someone."

The first thing that you have to master is blowing test tubes into flasks. "Until you get the hang of it, it can be boring - and you get cut and burnt in the process," Eric shrugs. "You really don't need especially good lungs to be a glass blower; just don't be terrified of the flame!"

DALK, AS CHRISTOPHER COLUMBUS 'N GPS EN 'N MEER GEDETAILEERDE KAART GEHAD HET, HET HY NIE PER ONGELUK OOR DIE AMERIKAANSE KUSLYN GESTROMPEL NIE, EN IS DIE EUROPESE HANDELSROETE NA INDIË DALK VEEL VROEËR REEDS GEVESTIG. GELUKKIG VIR DIEGENE VAN ONS MET 'N MINDERE SIN VIR RIGTING HET DIE WETENSKAP RONDOM KARTERING SEDERT DIE 1400'S VOORUITGEAAN.

MA, EK WIL GIS GAAN SWOT

Geografiese inligtingstechnologie (GIT) gebruik satellietbeelde en lugfoto's van die aardoppervlak, afstandwaarnemingstechnieke en geografiese posisioneringstelsels (GPS) om danksy fotogrammetrie geografiese gegewens hoogs akkuraat visueel uit te beeld.

Die studieprogram Geografiese Inligtingstelsels (GIS), wat deur die US Departement Geografie en Omgewingstudies gedryf word, fokus op vaardigheidsuitbouing rondom hierdie GIT tegnologie. "Studente leer om ruimtelike data, oftewel geografiese gegewens, te bestuur, te analiseer, visueel voor te stel en te interpreteer," vertel departementsvoorsitter prof Hannes van der Merwe.

Sedert Columbus se dae word kaarte lankal nie slegs vir rigtingaanduiding en die benoeming van landmerke gebruik nie. Enigiets wat ruimtelik karteerbaar is in die omgewing - van plantegroei-verspreiding, klimaatstreke en taalgroeiperings - kan in syferformaat as digitale kaartlae in die GIS-omgewing byeengebring, gekarteer en ontleed word.

"Met die inligting in kaarte oor bevolkingsverspreiding word sensusse en verkiesings beplan, produkverspreiding van groot maatskappye georganiseer, of die uitbetaling van maatskaplike toelaes en selfs die grense van gemeentes bepaal," vertel hy. "Ander kaarte wys weer waar natuurlike hulpbronne soos water en grondstowwe voorkom en benut word."

In die akademiese omgewing word geografiese inligting gebruik in navorsing oor landbou, gesondheidswetenskappe, natuurbewaring, politieke wetenskap en sosiologie.

"Deur relevante inligting visueel in digitale 'data-lae' te vertoon, kan navorsers ingeligte besluite oor ekonomiese produksiestelsels met inagneming

van bevolkingsgetalle en -verspreiding neem," vertel prof van der Merwe. "Deur nog 'n laag inligting by te voeg, bestudeer mens weer die bestuur van die omgewing ten opsigte van klimaatverskuiwing, dreineringsstelsels, rivierafloop, waterkwaliteit, of rampbestuurbeplanning."

STUDIE-OPSIES

Die eiesoortige vakgebied kan uit beide die geesteswetenskappe as die natuurwetenskappe bestudeer word. Voorgraads kan studente die BA-graad in Ontwikkeling en die Omgewing volg, wat fokus op die ontwikkelingskant en die gebruik van GIS-tegnologie, terwyl die BSc Geoinformatika-

program klem lê op die gebruik en ontwikkeling van geografiese inligtingstelsels (GIS), fotogrammetrie, aardwaarneming en die globale posisioneringstelsel (GPS).

WERKSELENTHEDE

Goed-opgeleide geografiese inligtingwetenskaplikes is wêreldwyd in groot aanvraag in onder meer staatsdepartemente, private maatskappye en plaaslike owerhede, of semi-staatsliggame wat uitgebreide netwerke bedryf, soos Eskom, Telkom, Transnet en die Suid-Afrikaanse padagentskap (SANRAL).

Diegene met 'n BSc-graad in Geoinformatika en ondervinding as professionele geo-inligtingwetenskaplike kan deesdae ook as professionele praktisyns registreer. ■

- "Ma, ek wil gaan swot" is 'n reeks artikels in *Matieland* wat op Interessante studierigtings fokus.
- Kontak dr Adriaan van Nlekerk by tel 021 808 3218 of e-pos avn@sun.ac.za vir meer inligting. Besoek ook www.sun.ac.za/geography.

GIT EN DIE HOOP PROJIEK

Gekonsolideerde Geografiese Inligtingstechnologie Implementering is 'n akademiese inisiatief in die Departement Geografie en Omgewingsstudie. Danksy die unieke navorsings- en dienslewingspotensiaal inherent aan geografiese inligtingstechnologie (GIT), pas die inisiatief in by die HOOP Projek ontwikkelingsstema oor die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n kompeterende nywerheid.

Die inisiatief bou tans bestaande kennis, vaardighede en infrastruktuur uit sodat volledige, onafhanklike graadstrukture in GIT aangebied kan word.

Nog 'n doelwit is die professionalisering van US-gegradueerdes. Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid, wat die kwalifikasie-standaarde van alle professionele beroepe in SA reguleer, het in 2010 'n reeks eenheidsstandaarde goedgekeur waaraan graduandi moet voldoen om amptelik as professionele GI wetenskaplikes te kwalifiseer. Die US sal eersdaags waarskynlik die enigste Suid-Afrikaanse universiteit wees wat voldoende akademiese onderbou en programme het om hierdie opleiding te kan verskaf.

Met finansiering van die HOOP Projek het die Departement reeds drie nuwe personeellede aangestel om stukrag te verleen aan die ontwikkeling van leerplanne en navorsingsuitsette.

Twee navorsings-, doserings- en dienslewingsenters, ondersteun deur miljoene rande se jaarlikse eksterne befondsing, is ook nou by die Departement ingeskakel. Statistiek Suid-Afrika ondersteun die Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie en Statistiese Eksplorasie (CRUISE). Die Rampbeheer Program (DiMP), vir wie USAID ondersteun, skuif in 2011 van die Universiteit van Kaapstad na Stellenbosch. Beide eenhede gebruik GIS om groot nasionale ruimtelike databasisse te ontgin en vir dienslewering (bv rampbestuur en-beplanning) en navorsing te benut.

Sien www.diehooprojek.co.za, vir 'n video oor die inisiatief.



BOEKE



MARION AND PRINCE EDWARD - AFRICA'S SOUTHERN ISLANDS

Researchers Aleks Teraud, John Cooper, Steven Chown and Peter Ryan spent years of their respective careers

in sub-Antarctica, and have now combined forces to produce a visually striking coffee-table book on the science and history behind Prince Edward and Marion Islands.

Teraud and Cooper are currently both research associates of the Centre for Invasion Biology (CIB) at Stellenbosch University, where Prof Chown is the Director. Ornithologist Prof Peter Ryan is an associate professor at the University of Cape Town.

The two island outposts, some 1 400 km to the south and nearly halfway to Antarctica, mark South Africa's southernmost territories. They are home to thousands of seals, penguins and albatrosses, and have over the years been visited by various South African research teams.

The book provides a very readable account of the islands' fiery origins, their discovery and exploitation, the amazing animals and plants that live and grow there, and their current importance for research and conservation.

- Published by African Sun Media, www.africansunmedia.co.za.



Paul Cilliers en Rika Preiser (Foto Desmond Thompson)

REVOLUSIE VAN KOMPLEKSITEIT ONTRETEN

'n Boek wat tradisionele sienings oor etiek en organisasies op hul kop keer, het die lig gesien by die Sentrum vir Studies in Kompleksiteit (SSK), 'n inisiatief van die HOOP Projek.

In *Complexity, Difference and Identity: An*

Ethical Perspective

 voer Paul Cilliers en Rika Preiser aan dat organisasies nie ondubbelsinnige entiteite is nie, maar eerder "komplekse lewende stelsels", vol dinamiese wisselwerking tussen onsigbare strukture en ongeskrewe reëls. Sake-etiek behoort dus nie soos 'n 'treintrok' te wees wat agteraan organisatoriese doelwitte gehaak word nie, maar eerder die 'lokomotief' self wat die onderneming aandryf.

Die kernrol wat aan etiek toegeken word, spruit uit die insigte van kompleksiteitsstudie - 'n 20-jaar oue kruisdisiplinêre wetenskap wat toenemend veld wen. Die uitgangspunt van dié benadering is dat die wêreld kompleks is, wat bepaalde gevolge inhou vir alle pogings om deur middel van teoretiese modelle 'n greep op die werklikheid te verkry.

- Uitgegee deur Springer. Besoek bookfinder.com vir beste prys.


UNDERSTANDING INFECTION PREVENTION AND CONTROL

"A good infection prevention and control (IPC) programme is probably the single-most cost-effective investment any government can make in health delivery," says Prof Shaheen Mehtar in the preface to her new book, *Understanding Infection Prevention and Control*.

IPC plays a significant role in containing the spread of disease. Increased resistance to antimicrobials, and the rapid spread of communicable diseases, such as tuberculosis, swine flu, severe acute respiratory syndrome (SARS) and avian flu, have highlighted the need for good IPC measures in both the healthcare setting and at home.

The book is a comprehensive compendium of IPC processes that can be applied to all countries. The text embraces the recent developments and recommendations in IPC from international authorities, such as the World Health Organisation.

Prof Mehtar is an internationally recognised expert in the field of Infection control. She currently heads up the Unit for Infection Prevention and Control at Tygerberg Hospital and Stellenbosch University. The royalties from the book will be donated to the Infection Prevention and Control Africa Network (IPCAN), of which she is a founder member and current chair.



FIFTY YEARS OF INVASION ECOLOGY: THE LEGACY OF CHARLES ELTON

Dié boek, met prof Dave Richardson, Adjunkdirekteur van die Universiteit Stellenbosch (US) se Sentrum vir Indringerbiologie (SIB),

as redakteur, is 'n uitvloeisel van 'n gelyknamige internasionale simposium op Stellenbosch wat die SIB in 2008 ter viering van vyf dekades se navorsing oor indringerekologie gereël het. Indringerekologie ondersoek die oorsake en gevolge indien organismes, soos plante en diere, na plekke buite hul natuurlike verspreidingsgebiede geneem word.

Hierdie lywige sagteband bied veel meer as net 'n geskiedkundige oorsig van die rol wat die Britse ekoloog Charles Elton, 50 jaar gelede gespeel het om belangstelling in hierdie vakgebied aan te wakker. Die grootste gedeelte van die publikasie van 456 bladsye word eerder gewy aan die denke van die wêreld se voorste kundiges oor die konsepte en uitdagings wat betref die bestuur van indringerspesies, sowel as nuwe tegnologie en navorsingsmetodes wat ter bekamping van indringerspesies ingespan kan word.

Die boek sluit af met 'n nuttige kompendium van die belangrikste konsepte en terminologie wat in indringerekologie gebruik word.

- Wiley-Blackwell, www.wiley.com.

SOCIOLOGY AND SOCIAL ANTHROPOLOGY LECTURERS FOCUS ON SOCIOLOGICAL CHALLENGES

Academics at the Department Sociology and Social Anthropology recently published two books on major

sociological challenges affecting South Africa, Africa and the rest of the world.

Issues such as land claims and land restitution, the environment, development, democracy, service delivery, workplace resistance, employee well-being, as well as race and gender from a uniquely sociological perspective, are addressed.

Prof Lindy Heinecken and Dr Heidi Prozesky's *Society in Focus: Change, Challenge & Resistance - Reflections from South Africa and Beyond* was published by Cambridge Scholars Publishing, while Prof Cheryl Walker's *Land, Memory, Reconstruction, and Justice: Perspectives on Land Claims in South Africa* was published by Ohio University Press, with the University of KwaZulu-Natal Press as co-publisher.



HISTORIAN HIGHLIGHTS THE ROLE OF HORSES IN SOUTH AFRICA'S HISTORY

The book *Riding High: Horse, Humans and History in South Africa*

by Prof Sandra Swart of the Department of History is a "radical first effort to take the role of animals seriously when it comes to understanding our history. It does this by integrating animal history with human history, focusing on a creature - the horse - which was pivotal to humans in their exercise of power."

The book, published by Wits University Press, has been described as "an attempt to chronicle the effects of an inter-species relationship whose significance was vast and led to major changes in the history of leisure, transportation, trade, warfare, and agriculture in South Africa".

Prof Swart says horses were key to the colonial economies of Southern Africa, buttressing the socio-political order, and inspiring contemporary imaginations. "Just as they had done in Europe, Asia, the Americas and North Africa, these equine colonisers not only provided power and transportation, but also helped transform their biophysical and social environments."



Prof Lindy Heinecken (photo middle) and Dr Heidi Prozesky's (photo right) *Society in Focus: Change, Challenge & Resistance - Reflections from South Africa and Beyond* was published by Cambridge Scholars Publishing, while Prof Cheryl Walker's (photo left) *Land, Memory, Reconstruction, and Justice: Perspectives on Land Claims in South Africa* was published by Ohio University Press, with the University of KwaZulu-Natal Press as co-publisher. ■

VAN DIE KONVOKASIE



Hoe waai die wind?

DEUR PROF PIETER KAPP, PRESIDENT VAN DIE KONVOKASIE

Dis was een van daardie tydperke dat die Karoo in 'n knellende droogte vasgevang was. Mens en dier het gehyg van swaarkry. Vooruitsigte was benard en 'n moedeloosheid het almal oorval. Sondag na kerk het die dominee in die konsistorie vir die kerkraadslede gevra of dit nie tyd geword het om Woensdagaand 'n spesiale biduur vir reën te hou nie. Die dominee oë van al die kerkraadslede behalwe die hoofouderling het instemmend geknik. "Oom Koos", vra die dominee, "dit lyk my jy is nie geesdriftig oor 'n biduur nie?" Oom Koos antwoord: "Nee, dominee ons kan die biduur hou. Ek sê net vir dominee die wind waai verkeerd."

Hoe die wind waai is nie net belangrik om te weet wat die kanse op reën is nie. Dit is ook noodsaaklik om te weet wat die toekoms moontlik kan inhou.

Sedert 2002 spreek die Konvokasie hom gereed by sy jaarvergaderings en in verkiesings uit dat die wind vir Afrikaans op Stellenbosch uit die verkeerde rigting waai. As Stellenbosch sy eersgeboortereg as Afrikaanse inrigting in werklikheid as minder as 60% van sy waarde beoordeel, is die wind besig om stormsterkte te bereik. Afrikaans is besig om soos die mynwerkers in 'n hoek vasgekeer te word. Met die nuus dat die US Raad besluit het om aan die bestuur opdrag te gee om ernstige en deeglike ondersoek na die moontlikheid van tolkdienste as die beste manier om sowel Afrikaans tot sy reg te laat kom as om vir Engels 'n andersoortige ruimte as dié van 'n bedreiging te skep, wil dit skyn of die wind begin draai. Dit is die waarnemings van Dawie in sy rubriek in *Die Burger* en van *Eikestadnuus* in 'n hoofartikel.

Dawie begroet op 2 Oktober 2010 die eksperiment met tolkdienste met blydschap en skryf: Tolkdienste kan besware wat aan albei kante van die taaldebate bestaan besweer. Dit is 'n goeie kompromis wat onderlinge vertroue op die kampus en tussen die universiteit en die gemeenskap wat hy bedien, kan herstel. Terwyl US leiers telkens aangetoon het dat dubbelmediumonderwys goed bestuur word en dat Afrikaans se plek veilig is, toon die harde syfers dat dit anders is. Teenstanders van dubbelmedium het op akademiese en pedagogiese argumente gekonsentreer terwyl die opponente grotendeels politieke en ideologiese redes gebruik het. Tolkdienste stuit die sluipende verengelsing van die universiteit. Tolkdienste sal die geloofwaardigheidskrisis van die bestuur wat versekeringe oor Afrikaans gee terwyl die syfers die teenoorgestelde aantoon, besweer. Uiteindelik sal die US kennis moet neem van die dood nigtare taalbehoefes van die oorweldigend Afrikaanse taalgemeenskap wat hy bedien.


Onder die opskrif *Tolkdienste vir taalvrede* beklemtoon *Eikestadnuus* van 8 Oktober die belangrikheid van moedertaalonderrig en stel dit duidelik dat denkvaardighede van groter belang is vir studente wat die professionele wêreld betree as sogenaamde vaardighede in Engels as wêreldtaal. Die US is "vir baie Afrikaanssprekendes die belangrikste bakermat van Afrikaans as medium van onderrig." Tolkdienste kan die voortbestaan van Afrikaans as onderrigmedium verseker sonder om andertaliges te vervreem of af te skrik.

Gaan die wind regtig draai sodat die dreigende droogte voorkom kan word?

Caledon Villa

GASTEHUIS
★ ★ ★ ★

Kom tuis by Bolandse gasvryheid
Rustig, naby die kampus en die historiese middedorp.



Tel/Faks +27 (0) 21 883 8912
Neethlingstraat 7, Stellenbosch 7600
E-pos info@caledonvilla.co.za • www.caledonvilla.co.za



VAKANSIE AKKOMMODASIE BESKIKBAAR

Die Universiteit Stellenbosch stel 'n wye verskeidenheid studente behuising beskikbaar aan: vakansie gangers (Des – Jan) en buitengroepe (Maart, Junie & Desember). Gastewoonstelle is reg deur die jaar beskikbaar vir besoekende akademici en besoekers aan gradeplegtighede.


Kontak Mathilda Bekaardt by 021 808 2895 of per e-pos by mbekaardt@sun.ac.za vir meer inligting.

"Ek soek my plate terug!" Dit was MatiesAlumnus JC Krynauw van Kampsbaai se pleidooi in die vorige uitgawe van *Matieland*. JC was van 1963 tot 1968 hoofdirigent by die jaarlikse Intervarsity tussen die Universiteit Stellenbosch (US) en die Universiteit van Kaapstad, oftewel Ikeys.

In sy tyd is twee langspeelplate gemaak van die sogenaamde "sing songs" wat by Intervarsity gesing is. Groot was sy verbasing toe verskeie MatiesAlumni hom oor die plate nader.

Matieland het JC uitgevra oor hoe Intervarsity destyds daar uitgesien het, en vinnig besef dat dit 'n uitgebreide affêre was. Boonop het hoofdirigentskap nie in elke Jan Rap en sy maat se broek gesit nie. JC vertel self verder.

Intervarsity in die 1960's - só het ons dit gedoen



JC het onlangs 'n hele lêer met oorspronklike Intervarsity-foto's, SAUK transkripsies en oorspronklike "sing song"-boekies en -plate aan die Universiteitsargief oorhandig. Hier is dr Hans Heese, die US-argivaris en JC.

Via *Matieland* se doeltreffende netwerk het ek my verlore "sing song"-plate weer opgespoor! 'n Groot dankie aan Jan Vermeulen, Jannie Boonzaaier, Marie Burger, Jan Vermeulen en 'n hele paar ander oud-Maties wat kontak gemaak het.

My wens is dat huidige en toekomstige Maties eendag dieselfde nostalgie as ons sal ervaar wanneer hulle aan hul universiteitsdae terugdink, veral wat Intervarsity betref. Ek dink veral aan hoe mans en dames saamgeloop het van die koshuise af Coetzenburg toe, die voorafgaande drie of vier weke van "sing songs", en die geskarrel om 'stempels' vir "sing song"-bywoning bymekaar te maak om uiteindelik Matiepaviljoenkaartjies te bekom vir die groot.

Die verkiesing was 'n ernstige saak met die Intervarsitykomitee en die 'galery' (meestal tweedejaarstudente) wat aspirantdirigente met vroeë en kwinkslae bestook het om die beste hoofdirigent te kies. Dan was daar natuurlik ook die 'Groot Brag' - regstreekse radio-uitsendings waartydens Maties en Ikeys se hoofdirigente, mekaar oor die lugweë gepak het. Dit het reeds om 06:00 by die SAUK in Seepunt begin, met omroepers van sowel die Engelse as Afrikaanse radio. Studente het vassenaef gesit met hul draagbare radiotoestelle styf teen hul ore.

Wanneer Intervarsity in Kaapstad sou plaasvind, het die singende Maties reeds vroeg die Saterdagoggend by Stellenbosch-stasie aangemeld om die trein Kaapstad toe te haal.

Só het die gees van opwinding stelselmatig toegeneem tot en met die hoofwedstryd.

Eers was daar die drie voorwedstryde vir die vierde, derde en tweede spanne. By hierdie wedstryde het Ikeys en Maties se onderdirigente ook soms omgeruil.

Hierna het die trompoppies op die veld verskyn vir die 'sjampanjeseremonie'. Die sjampanjenooi, wat ná 'n strawwe kompetisie op kampus gekies is, het dan rosette tussen die hoofdirigente uitgeruil. Daarna het die eerste span voor die Matiepaviljoen stelling ingeneem en is die Universiteitslied onder leiding van die hoofdirigent gesing. Terug op die paviljoen het die hoofdirigent dan weer 'n begeesterde sang-enkwinkslagaanval op die Ikeys geloods.

Met die aand se dinee moes die hoofdirigent se metgesel sy maroen-en-goud-satynmantel dra wanneer hulle saam met die Ikey-paar die banketsaal as eregaste binnekam. Hier het die hoofdirigent 'n heildronk op die rugbyspanne ingestel en kon die aand se verrigtinge begin.

BRING DIE SING SONGS TERUG!

Ek sal graag wil sien dat Sing Songs herleef – veral wat die Varsitybeker betref. Die universiteite kan ooreenkom om liedjies vooraf te oefen en dit tydens die wedstryde sing. So sal vandag se studente ook dit ervaar wat ons ervaar het!

Sing Songs glo ek is iets wat die organiseerders van die Varsitybeker ook ernstige oorweging aan moet skenk aangesien dit 'n veel groter getal toeskouers na die wedstryd sal lok. Dit is natuurlik ook iets wat groot byval by die borge sal vind.



Wat dink jy van die moontlikheid om Sing Songs by die Varsitybeker te hê? Laat weet ons by media@sun.ac.za of besoek die *Matieland* Facebook-blad by www.facebook.com/matieland



Photo: Anton Jordaan (SSFD)

Frequency of interaction with alumni must be increased, says new Alumni Relations Director

Bev Witten was recently appointed Director: Alumni Relations. Hitting the ground running, Bev has already been involved in a number of alumni events both in South Africa and abroad. A firm believer in the HOPE Project and in a strategy that ignites alumni engagement, she believes that our alumni should regard Stellenbosch University (SU) as their intellectual home of lifelong learning even after they leave campus. Matieland asked Bev some tough questions.

You have a wealth of experience in alumni relations. Give us an idea of your background in this regard.

I lived in Boston in the USA for the last nine years, where I directed the alumni-relations office at Harvard's Graduate School of Education. Alumni relations and development are important strategies for universities in the USA. One of the reasons why Harvard does so well at fundraising is because of its strong, organised alumni base.

Before that, I owned my own leadership consulting practice and was fortunate to work with clientele that ranged across both the public and the private sectors in South Africa.

Die betrokkenheid van Maties alumni word beskou as uiters belangrik in die sukses van die HOOP projek. Kommentaar?

Ek was verbaas oor hoe opgewonde ons alumni oor die HOOP Projek was met die bekendstelling in die buiteland. Alumni wat in die buiteland bly wil steeds Suid-Afrika op 'n tasbare manier ondersteun en hierdie projek bied hulle die geleentheid om juis dit te doen. Daar is verskeie maniere waarop jy betrokke kan raak by die HOOP Projek. Jy kan 'n ambassadeur wees deur aan ander te vertel hoe die Universiteit Stellenbosch sy kennis en navorsing inspan om belangrike kwessies in Suid-Afrika en op die kontinent aan te pak. Jy kan ook help dat ons toegang kry tot hulpbronne via jou werksomgewing wat ons die geleentheid bied om met sleutelvennote te kommunikeer wat

dalk belang sal stel om die werk wat die Universiteit doen, te ondersteun. Jy kan ook die HOOP Projek finansiële ondersteun deur 'n skenking te maak vir beurse of vir 'n spesifieke inisiatief.

Financial giving is often looked upon negatively but the reality is that universities the world over depend on donations. What's your take on this matter?

My view is that all our alumni should find a way of giving back to their institution to ensure that it remains a credible university known for its research and work. After all, in this way, they ensure that their degrees remain current and competitive. Furthermore, those who received bursaries should give back financially so that others can be afforded the resources that they were fortunate to benefit from. And let me add: it's not about the amount that you give, it's about your participation.

Maybe more importantly is being able to tell our donors that our own alumni are also giving towards the University; this serves as an indication that they believe in it.

Right now, less than 2% of our alumni participate in financial giving to the University. This is a very small percentage and needs to be increased. We also need to look at ways in which we interact with our alumni and vice versa. This is key to

building these ongoing relationships.

Gee ons 'n idee van watter aktiwiteite ons alumni na kan uitsien in die komende maande.

In Desember, vir waarskynlik die eerste keer ooit, het ons alumni-kantoor ons nuutste alumni tydens die die gradeplegtigheid gelukkigewens. Graduandi het 'n geskenk ontvang en hulle was

genooi om by ons buite die DF Malan-gedenksentrum aan te sluit vir 'n vonkelwyn-geleentheid.

Oor die volgende paar maande sal daar informele netwerkgeleenthede, paneelbesprekings

en ander geleenthede wees om huidige studente en alumni by mekaar uit te bring. Ons gaan ook Vrouedag met 'n geleentheid vier wat op ons prominente vroue-alumni sal fokus. Ek werk ook daaraan om vrywilliger strukture in verskeie streke daar te stel om gebied-spesifieke aktiwiteite te identifiseer en ook om te help met fondsinsameling. Ek wil graag hê dat alumni groter bydraes lewer en kommunikasie moet toeneem sodat ons alumni ingelig en opgewonde kan voel oor wat by die US gebeur. Ek is baie opgewonde om hier te wees en ek weet dat daar geleenthede vir my is om verskeie dinge te doen wat sal help om ons alumni nouer aan die Universiteit te verbind. ■

all our alumni should find a way of giving back to their institution to ensure that it remains a credible university known for its research and work.

Ingenieurstudente van 1970's maak ruim skenkings

Met popmusiek uit die 1970's in die agtergrond het die Fakulteit Ingenieurswese sy studente uit die tydperk 1970 tot 1979 by twee gesellige en feestelike dinees, onderskeidelik op Stellenbosch en in Sandton, onthaal

Dit was die eerste twee in 'n reeks funksies om bande met oudstudente te verstewig

Die Matie-ingenieurs is op 1 en 2 Oktober by die stylvolle Wallenbergsentrum op Stellenbosch en die Hilton-hotel in Sandton op keurgeregte en kameradene getraakteer.

Die Dekaan, prof Arnold Schoonwinkel, het by dié twee geleenthede 'n kort aanbieding oor die Fakulteit se Visie 2015 gedoen en 'n paar interessante navorsingsprojekte uitgelig

Alumni het veral die vergelyking tussen die jaar 1970 en 2010 ten opsigte van studentegetalle besonder interessant gevind. In 1970 was daar byvoorbeeld slegs een damestudent, en vanjaar is daar meer as 400. Veertig jaar gelede het die Fakulteit 23 nagraadse Ingenieurstudente gehad, vanjaar staan dié syfer op meer as 600

By die geleentheid is alumni ook om finansiële ondersteuning gevra en is 'n fondswerwingskompetisie gehou waartydens die oudstudente ruim skenkings gemaak het

Die Fakulteit beplan nóg funksies in die toekoms, wat algemene geleenthede vir alle Matie-ingenieurs sowel as soortgelyke dinees vir spesifieke jaargroepe sal insluit



Die Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, prof Arnold Schoonwinkel (middel), aan die gesels met Joubert Swanepoel en sy vrou, Hannele

Die Fakulteit beplan tans 'n dinee vir die dekadegroep 1980 tot '89 wat in die tweede helfte van 2011 sal plaasvind. Daar word ook gesellige informele funksies beplan waarna alle Ingenieurswese alumni genooi sal word.



Foto: Anton Jordaan (SSFD)

AgriWetenskappe swaai stokke vir beursfonds

Die eerste ABSA AgriWetenskappe Gholfdag is einde November deur die Fakulteit AgriWetenskappe van die Universiteit Stellenbosch aangebied. Die doel van die gholfdag is 'n beursfonds vir studente wat landbou studeer.

25 spanne het by die De Zalze Gholffklub meeding met Greenspot Marketing, onder leiding van Nico van Rensburg, wat as wermers uit die stryd getree het.

Vanuit borgskappe, vierbal-inskrywings, donasies en gelukkige trekking is 'n R 100 000 vir die beursfonds ingesamel. Afsaier Hempties du Toit het met die aand-se velling toegesien die beursfonds 'n verdere hupstoot van R 20 000.

Die totale opbrengs van die dag word vir beurse aangewend en volgens prof Mohammad Karaan, Dekaan, wil die Fakulteit saam met sy vennote in die bedryf hierdie beurse aan akademiese sterk studente in die landbou bied en daarmee verseker dat die land die nodige kundigheid het om probleme aan te spreek en 'n veiliger toekoms te verseker vir dié wat na ons kom.

Die gholfdag sal 'n jaarlikse instelling wees

Die wenspan van Green Spot Marketing, Pieter de Wet, Nico van Rensburg en Ben de Villiers (Emil Krugmann was afwesig met die 'n neem van die foto) ontvang hul pryse as wenspan van die dag.



Hein Keulder, Hoofuitvoerende beampte van Melssetter Fruit Group (middel) en Tshililo Ronald Ramabulana, Hoofuitvoerende beampte van die Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NAMC) is deur die Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe, prof Mohammad Karaan (links) ontvang toegeewens.

KOMENDE REÛNIES

DAGBREEK WORD 90

Dagbreek-manskoshuis vier sy 90ste bestaansjaar in 2011, en volgens die organiseerders word groot dinge beplan. Oud-Dagbrekers word versoek om 1-4 September in hul dagboeke opsy te sit vir 'n lekker kuifnaweek saam met ou vriende om stories uit vervloë dae te herleef.

Aktiwiteite op die program sluit in 'n galakonsert, gholfdag, 'n kuier saam met rugbylegendes, en verskeie bedrywighede in die "quad". Die naweek word afgesluit met 'n formele dinee en 'n familiekerkdien.

Daar is ook etlike borg- en bemerkingsgeleenthede beskikbaar.

- Skakel met Francois Fouché by dagbreek90@hotmail.com of 083 368 5948 vir meer inligting. Besoek ook die webtuiste www.dagbreek.com.



MONICA CELEBRATES 65 YEARS

Monica ladies' residence is celebrating its 65-year reunion with a brunch on 30 April 2011 at the residence. We hope to see as many old Monicaners there as possible.

- Contact Kate Rich on 084 626 4113 or 15435369@sun.ac.za for more details.



NEMESIA REUNION YEAR 2011

The year 2011 marks yet another milestone in Nemesia's proud history as we celebrate 35 years of our residence's existence," says the organisers of the 2011 Nemesia reunion.

"We look forward to celebrating this momentous occasion with all Nemesianers. Please look out for further information regarding reunion gatherings in Nemesia newsletters, and keep a close watch on your e-mails! We would also like to encourage all Nemesianers to update their contact details with the alumni data office (alumni@sun.ac.za)."

US KOOR WORD 75 JAAR OUD EN BEPLAN 'N GROOT 75-JAAR REÛNIE-AWEEK

Die Stellenbosch Universiteitskoor word 75 jaar oud in 2011 en beplan 'n groot feesjaar vir die koor. Gedurende die naweek 2 - 4 September word 'n reünie en koorfees in Stellenbosch gehou vir die oud-koorlede. Daar sal baie gesing en baie gekuier word en teen Saterdagdaand sal 'n reüniekonsert aangebied word in die Studertekerk. Sondag sal die reüniekoor tydens 'n dankdiens optree. Daarna word 'n groot verjaarsdagete gehou waar almal welkom sal wees. Maak solank 'n vet kruisie langs die datums! Daar word ook 'n binnelandse toer beplan om die 75ste verjaarsdag te vier. Hou gerus die webblad, www.sun.ac.za/koor, dop vir meer inligting.

- Kontak Lydia Meier vir meer inligting by us'nkoor@sun.ac.za of 082 468 0652

Republiek van Helderberg Reünie



26-28 Aug 2011

Enquiries: Matthew Manderson
15444082@sun.ac.za



HUIS KERKENBERG WORD 10 JAAR OUD!

Huis Kerkenberg (Tygerberg Kampus) beplan 'n reünie vir 12-13 Augustus 2011. Alle oud-inwoners baie welkom.

- Kontakpersone:
Maretha Conradie - 083 656 2538 of by 14515940@sun.ac.za
Jean-Ré Jones - 079 244 4477



HUIS FRANCIE SOEK NOÛ AL ADRESSE

Die dames van Huis Francie van Zij wil graag in die komende jaar hul bande met oudinwoners versterk in aanloop tot dié koshuis se reünie in 2013. Wees op die uitkyk na e-posse oor tussentydse kuiers en planne vir 2011. Om by die Oudbond betrokke te raak, e-pos hkfranci@sun.ac.za.



ARBEIDSTERAPIE 50 JAAR OUD

Die Department Arbeidsterapie is in 2011 50 jaar oud. 'n Kursus in Arbeidsterapie is in 1961 onder leiding van me EJ Strydom aan die Universiteit Stellenbosch begin. 'n Reünie word beplan vir Junie of Julie volgende jaar. Die tema is "Verlede, Hede en Toekoms".

Skakel 021 938 9305 of stuur e-pos na arbeid@sun.ac.za vir meer inligting.



EENDRAG MANSKOSHUIS

50-JAAR REÛNIE

VERTROU | RESPEKTEER | OMSIEN | UITDAAG



Beste Oud-Eendragter
Ons wil u graag uitnooi na Eendrag se 50-jaar Reünie
25 tot 27 Maart 2011

Vir enige navrae kontak:

Gilbert Punt Primarius Oud-Eendragter Bond Voorsitter: 50 Jaar reünie	Theo Dowling Sekretaris: 50-jaar Reünie Epos: 16059107@sun.ac.za Selnummer: 084 808 8404	Inus Marais Voorsitter: Oud-Eendragter Bond Epos: inus@telkomsa.net Selnummer: 082 440 3375
--	--	---

Alle inligting sal deur pos of deur epos aan u gestuur word.
Besoek gerus ons reünie webblad by www.sun.ac.za/eendrag.
Besprekings kan op die blad gedoen word.

TREK JOU DAGBOEK NADER!

MatiesAlumni kan uitsien na verskeie alumni-geleenthede in 2011. Behalwe die onderskeie koshuise se alumni-geleenthede is daar netwerk-geleenthede, geleenthede waar alumni kan skouers skuur met huidige alumni en 'n Vrouedag-viering saam met prominente vroue-alumni van die Universiteit.

Inligting oor reünies sal op die alumni-webblad, www.matiesalumni.net bekendgemaak word, maar maak solank 'n nota van hierdie geleenthede:

- 25 Februarie: Ingenieurswese wynproe in die Paarl
- 4 Maart: Ingenieurswese netwerkgeleentheid in Gauteng
- 9 Maart: Woordfees alumni-geleentheid en vertoning
- 13 Mei: Alumni-geleentheid in George
- 15 Mei: Afrikadag alumni-geleentheid

- Skakel met die Alumni-kantoor by tel 021 808 4843 of per e-pos by alumni@sun.ac.za vir meer inligting

REÛNIES



HARMONIE REEDS 105 JAAR OUD

Die *grande dame* van vrouekoshuise het vanjaar haar 105ste verjaarsdag gevier. Huiskomiteelid Ydi Coetzee vertel meer oor die reünie wat in Augustus gehou is.

"Alhoewel Harmonie op die oog af nog na 'n hupse jong dame lyk, deel haar inwoners reeds in meer as 'n eeu se geskiedenis, tradisies en herinneringe. Op 14 Augustus 2010 het talle oudinwoners hul voormalige tuiste besoek om in die 105ste verjaarsdagviering van Harmonie te kom deel.

Die oggend is met 'n vonkelwynontbyt, 'n

aanbieding oor Harmonie se mees onlangse prestasies, en staaltjies uit die verlede gevier, en Harmoniete was opgewonde om die argief, die Cookery en hul ou kamers in die koshuis op te soek.

Dit was, en is, werklik 'n voorreg vir elke inwoner om in die eeue oue tradisie van die koshuis te deel. Baie dankie aan elkeen wat tot die geleentheid bygedra het. Soos die koshuiseuse lui: Mag Harmonie 'vir ewig en altyd' vir haar inwoners 'n vreugde wees."




METANOIA'S 5TH-YEAR CELEBRATION

Metanoia, Stellenbosch University's youngest residence, and initially known as "die nuwe koshuis", proudly celebrated their first reunion in August. The celebration was held in the residence's 'big back quad'.

With the previous and current management, Metanoia residents, and, of course, all the 'old-Metas'

together, wonderful merriment was had by all, said the organisers. "Previous 'klein sêrs' sung (including 2007's Metanoia sêr, who won the nationals), speeches were made, and a united happy birthday was sung, which was followed with lit star-lighters and lots of confetti. This incredible event will be remembered in Metanoia's history."



SIMONSBERG HOU 55-JAAR- REÛNIE

Simonsberg het oor die naweek van 3-5 September 2010 sy 55ste bestaansjaar gevier. Tonie Fuchs, een van die organiseerders, vertel meer:

"Die reünie het die Vrydagoggend afgeskop met 'n gholfdag op Stellenbosch-gholfbaan, waaraan 'n vol veld van 120 'old boys' deelgeneem het. Die perfekte Stellenbosch-dag het gesorg vir die ideale begin van 'n gesellige naweek.

Die Bond van Oud-Simonsbergers ('Bos') het besluit dat albei funksies vir vanjaar se reünie by Simonsbergkoshuis sal plaasvind om al die 'old boys' die geleentheid te gee om soos van ouds net lekker informeel by Simonsberg te kuier.

Die Vrydagaand het 250 'old boys' saam 'n spitbraai geniet en lekker in die klub en SBA-vierkant gekuier. Saterdagoggend het begin met ontbyt in die eetsaal, gevolg deur die Bos- algemene jaarvergadering. Daarna het veral die ouer manne 'n dokumentêre film oor Bobby Kennedy se 1966-besoek aan Simonsberg geniet en het almal die dorp so 'n bietjie verken totdat die rugby (SA vs Aus) laatmiddag afgeskop het.

Alhoewel die rugby-uitslag nie veel was om te vier nie, het almal weer lekker saamgekuier die Saterdagoggend. Soos net Simonsberg kan, was die naweek 'n uitsonderlik suksesvolle feestelike viering van Simonsberg se 55ste. Ons sien mekaar almal weer vir die 60ste."



Die finalejaar-Landboustudente van 1970 het 'n baie opwindende en suksesvolle reünie op 18 September 2010 gehou, vertel Nico van Rensburg, een van die organiseerders. Uit die 42 studente van destyds, het 18 die reünie bygewoon, waar die goeie ou dae met kleurrike staaltjies herleef is. Drs Danie Beukes en Pierre Nortje het spesiale moeite gedoen om vanaf Pretoria te kom om die reünie by te woon.

OUD-STUDENTE-RAADSVOORSITTERS VEREER TWEE RUGBY-LEGENDES



Dr Le Roux van der Westhuizen, Voorsitter van die Klub vir Oud-SR-Voorsitters, mnr Morné du Plessis, dr Dawie de Villiers en prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier (Foto: Anton Jordaan, SSFD)

Twee Matie rugbylegendes, Dawie de Villiers en Morné du Plessis, het vanjaar die Klub van Oud-Studenteraadsvoorsitters se eretoekening ontvang. Beide is voormalige Matiespelers wat ook die Springbokke aangevoer het.

Die eretoekening is tydens die Klub se 27ste Jaarvergadering wat in November by die Wallenberg Navorsingsentrum gehou is, gemaak. Die Klub is in 1984 gestig om as ambassadeurs vir die Universiteit Stellenbosch op te tree.

"Die toekening word gemaak aan oud-studente wat 'n wesenlike bydrae gemaak het tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap en steeds sy of haar bande met die Universiteit belangrik ag," het dr Le Roux van der Westhuizen, Voorsitter van die Klub, gesê.

Landboustudente uit 1970 trek saam vir 40-jaarreünie

"Die reünie is afgeskop met 'n ontmoeting met die Dekaan, prof Mohammad Karaan, by die Fakulteit AgriWetenskappe, waar hy vir ons 'n oorsig gegee het van die stand van die akademie, en die uitdagings waarmee hulle tans te kampe het. Daarna het die groot kuier aangebreek met 'n heerlike wynproe en gesellige vleisbraai op die Muratie-wynlandgoed. Daar is lekker gelag en staaltjies vertel oor die bekende en minder bekende voorvalle uit ons studentedae en die verloop van elkeen se loopbaan. Ou drade is weer opgetel en daar is letterlik gekuier tot die son sak. Almal was spyt dat ons nie vyf jaar vroeër reeds 'n reünie gereël het nie en was dit eens dat ons oor vyf jaar wêr so gaan maak."



Die 1975 MB, ChB-klas.

MB, ChB-klas van 1975 kom in Drakensberge bymekaar

Maties se MB, ChB-klas van 1975 het einde Oktober 'n reünie in die Drakensberge gehou. Dr Anli Theron, een van die organiseerders, vertel:

"'n Feestelike naweek saam met vreemdes met bekende name. Die aanvanklike vreemdheid wanneer 'n mens jou moet voorstel, is effens swaar op die ego, maar ná enkele ure het die vreemdheid verdwyn, kon jy ou vriende aan bekende streke en kinkslae sien, en onder die plooië nog die innigheid vind wat ons groep vroeër gekenmerk het.

Vyf-en-dertig jaar is 'n halwe leeftyd, en ons was besonder dankbaar om op drie na met al ons klasmaats te kon kontak maak.

Die reünie is goed bygewoon en amper die helfte van die oorspronklike klas van 63 het moeite gedoen om die naweek by die Cathedral Peak-hotel in die Drakensberge mee te maak. Ons was ook besonder bly om drie vriende met hul eggenotes uit Kanada te kon verwelkom.

Uit die gesprekke blyk dit dat ons bykans almal sedert ons studentedae nie net akademies en ekonomies besonder bedrywig was nie, maar ook heelwat kinders, meestal ook Maties, grootgemaak het. Natuurlik is ons verspreid deur die land en oor die aardbol, maar dis lekker om te weet dat ons nog oral kan werk en tot ons onderskeie omgewings kan bydra.

Sewe van ons klasmaats is reeds oorlede en dis met hartseer dat ons ook aan hulle gedink het.

Ná heelwat besinning en nostalgie is besluit dat ons weens die horlosie se onophoudelike getik die volgende reünie reeds vir oor drie jaar wil reël. Ons nooi graag almal wat dit nie dié keer kon bywoon nie om solank 'n aantekening in hul dagboeke te maak. Dit sal hopelik in die eerste deel van die jaar plaasvind om ons oorsese vriende in ag te neem."

REÛNIES



Prof John Dugard, 'n advokaat, skrywer en dosent, en 'n alumnus van die Universiteit Stellenbosch (US), is in Junie aangewys as een van drie ontvangers van die gesogte Gruberstigingprys 2010 vir die bevordering van histories benadeelde en onderdrukte mense deur regshervorming en -ontwikkeling om menseregte te beskerm en te bevorder.

Regsgeleerde ontvang prys van Gruberstiging

Dié prys word aan individue of organisasies toegeken vir bydraes ter bevordering van menseregte en geregtigheid. Die prysgeld van \$500 000 word deur die Peter & Patricia Gruberstiging geskenk. Prof Dugard deel dit met 'n Australiese regter en die Indiese Regshulpbronsentrum. Dugard het sy regsloopbaan in die apartheidsera begin en is tans 'n professor in die Regte by die Universiteit van Pretoria se Sentrum vir Menseregte. Deur sy skrywes en lesings sowel as sy werk as advokaat in die howe, het hy die ongeregtighede van die apartheidswette uitgedaag en ook deelgeneem aan die onderhandelings wat gelei het tot die aanvaarding van ons menseregte-gegronde Grondwet in Suid-Afrika ná apartheid. 

MatiesAlumnus in Kanada vereer - Samantha van den Berg

Vir tien jaar het hy as algemene praktisyn op Stellenbosch gewerk, en nou, as oud-Matie en 'n voormalige Suid-Afrikaanse burger, is dr Braam de Klerk met die gesogte "Order of Canada" vereer. Dié toekening erken 'n leeftyd van voortreflike diens in of vir 'n spesifieke gemeenskap, groep of aktiwiteitsveld. "Ek was baie verras, geëerd en bly, veral omdat die mense van die streek my benoem het en die komitee die benoeming goedgekeur het." "Ek voel dat die toekening nie net vir my vereer nie, maar ook die Universiteit Stellenbosch (US), Tygerberghospitaal, my besondere kollegas saam met wie ek tien jaar lank op Stellenbosch gewerk het, en my mediese kollegas in die noorde van Kanada. Natuurlik sou ek nie 20 jaar in Inuvik kon oorleef sonder my vrou en kinders se bystand nie!" De Klerk (60) woon en werk al die afgelope 21 jaar in Kanada, en is in 2002 as Mediese Direkteur by Inuvik-hospitaal, die mees noordelike hospitaal in Kanada, aangestel. Hy het aan Paul Roos Gimnasium skoolgegaan en sy MB, ChB aan die US verwerf. De Klerk verduidelik dat diegene wat 'n persoon vir die toekening benoem redes vir die benoeming

moet gee, waarna 'n nasionale komitee dit ondersoek. De Klerk is benoem vir die bydrae wat hy as geneesheer, onderwyser en administrateur in gesondheidsdienste gelewer het én vir sy voortdurende voorspraak vir die behoeftes van die plattelandse gemeenskappe in die noorde van Kanada. "Inuvik is 'n klein dorpjie met 3 000 mense. Ons sorg ook vir sowat 7 000 mense wat in nog meer afgeleë, kleiner gemeenskappe bly." In 2007 het De Klerk ook die Premierstoekening vir die noordwestelike streke van Kanada ontvang. "Ek het die toekening ontvang vir die diens wat ek in hierdie gebied gelewer het." "Dit is baie moeilik om medisyne in die gebied te bekom. Die afstande, die feit dat die gemeenskappe net per vliegtuig bereik kan word, die erge koue, en die 24-uur-donkerte in die winter speel alles 'n groot rol." De Klerk en sy vrou, Sonia, het onlangs in Suid-Afrika kom vakansie hou en die eerste week op

SU alumnus appointed as boss of Google SA

Luke Mckend, former Matie and member of the Student Representative Council of 1994, has recently assumed the post of Country Manager for Google South Africa. Mckend, who had worked in Google's London office as Industry Head since 2006, was appointed in September after a search that took almost six months. In the United Kingdom (UK), he was responsible for managing a wide variety of businesses across the classified, property, restaurant, education, dating and job sectors. Shortly after his appointment, Luke said he is eager to help South African enterprises take advantage of the online world to communicate with their customers and grow their businesses. Prior to joining Google, Mckend was Commercial Director of a start-up technology company called iGrasp. According to a Google statement, Mckend also worked with "some of the UK's largest brands, defining their approach to digital media while he was at TMP Worldwide, one of the UK's largest recruitment advertising firms at the time". Mckend completed his schooling in Fish Hoek near Cape Town, and obtained a BA (General) degree from Stellenbosch University.  (Source: www.techcentral.com)



MatiesAlumna kuier by Oprah



Elzabé Broekmann (heel regs) en Candice la Vita (derde van links) saam met Oprah (middel) en van haar personeel en ander gaste.

Elzabé Broekmann, stigter van die Goeie Hoop Sielkundige Diens en MatiesAlumna, het onlangs teruggekeer van die VSA waar sy 'n gas in die gehoor was tydens die verfilming van twee van Oprah Winfrey se geselsprogramme. Goeie Hoop Sielkundige Diens bied sedert 1996 in Stellenbosch en 2003 in die Paarl gratis sielkundige berading aan

behoefte mense. Elzabé vertel: "Ons het vanjaar ses interns in opleiding en in die laaste 12 maande het ons 1119 mense en gesinne gesien - individueel of in ondersteunings- of lewensvaardigheidsgroepe. Die staat se sielkundiges, waarvan daar maar een in 'n groot distrik is, kom nie naastenby by almal uit nie."

Dit is juis in erkenning van hierdie onbaatsugtige werk, dat die klets-koningin hulle na haar program genooi het. "Hulle het ons groep van Suid-Afrika laat opstaan en vertel waarom ons daar is. Dit was ons groot geleentheid. Die gehoor was nuuskierig en het ons toegejuig. "Dit was die grootste geskenk van materiele aard wat ek nog ooit ontvang het! Ek was baie opgewonde, oorweldig en dankbaar. Oor die jare het baie harde werk, passie en bekommernis in die opbou van Goeie Hoop Sielkundige Diens gegaan, so dit was goed om die erkenning vir ons bydrae tot die gemeenskap te kry." Hierdie publisiteit en erkenning beteken vir Goeie Hoop Sielkundige Diens baie. Elzabé en haar span hoop dat donateurs nou meer as ooit tevore sal voel dat hulle 'n projek van waarde ondersteun. Candice la Vita, een van Goeie Hoop Sielkundige Diens se personeellede, het Elzabé ingeskryf vir Oprah se tydskrif, O, se Change Maker-kompetisie, in samewerking met Sasol. Elzabé is aangewys as Change Maker vir Mei-maand 2010 en later as een van twee gaste (Candice het ook die besoek meegemaak), na die verfilming genooi.

"Ons groot droom vir Goeie Hoop Sielkundige Diens is om in elke dorp in Suid-Afrika gratis sielkundige hulp aan die arm gemeenskap te verskaf," vertel Elzabé. "Die enigste struikelblok is geld, maar ons is stappie vir stappie besig om die droom te verwesenlik - ons brei volgende jaar uit na Darling en Moorroesburg."  • **Skakel met Elzabé Broekmann by tel 021 886 6188.**

Stellenbosch gebly, waarna hulle onder meer Kaapstad en Namibië besoek het. Van permanent terugkeer is daar egter geen sprake nie. "Twee van ons seuns is nou getroud met Kanadese, en my vrou wil nie van haar kleinkinders af wegtrek nie!"  • **Hierdie berig het oorspronklik in Eikestadnuus verskyn en word met hul vergunning gebruik.**



Dr Braam de Klerk
Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Santie Botha is NMMU se nuwe kanselier

Die jaar 2010 is 'n besonder e jaar vir MatiesAlumna Santie Botha. Bemerkingshoof van die MTN-groep. Nie net is sy aangewys as die Vereniging van Sakevroue (BWA) se Sakevrou van die Jaar nie, maar sy is ook aangestel as die nuwe Kanselier van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU). In 'n verklaring sê NMMU Santie se aanstelling is 'n bewys van dié universiteit se visie om 'n "dinamiese Afrika-universiteit te word, wat erken word vir sy leierskap".

Sy hoop om betrokke te raak by die bevordering van die Universiteit se doelstellings, veral om bekend te wees as 'n prominente en wêreldwye Afrikahandelsmerk. Santie het haar B.Ekon-graad in 1985 behaal en haar B.Ekon-honneurs in 1986. Sy is sedert 2003 in diens van MTN, waar sy die lug aan die einde van 2010 neerlê. Sy dien ook in verskeie direksies, onder meer dié van Tiger Brands; sy was 'n uitvoerende direkteur van Absa, en het voorheen by Unilever in Londen gewerk. Sy het ook 'n integrale rol gespeel in die sukses van die onlangse Wêreldbekersokker. "Ons is baie trots om Santie Botha as verteenwoordiger van die BWA te hê terwyl haar vaardighede en prestasies in die sakektor ten toon gestel word," het BWA-president Kuyalala Maphisa gesê. 



Foto: NMMU

T Triathlon athlete excels overseas

Robyn Taylor (née Anderson), a MatiesAlumna who completed her BA Hons Psychology degree at Stellenbosch University (SU), finished tenth in the ladies race of the San Francisco Triathlon held at Alcatraz, America, in August. The event included a 2 km swim through strong currents from the notorious Alcatraz Prison to the marina, followed by a gruelling and hilly 40 km cycle, topped off with an 11 km run. She finished second in her age group (35-39).

In the popular Swiss Ironman competition held in July, Robyn managed a fourth place in her age group, and 40th overall. In the Highland Warrior Ironman competition recently held in Scotland, Robyn came second in the ladies race.

While at SU, Robyn achieved honours for underwater hockey having represented the South African team that won the World Championships at Durban in 1996, and also competed in triathlon.

She obtained her master's degree at Manchester University in England, where she resides in Preston with her husband, Roger. ■



MatiesAlumnus elected to top position in Canadian Bar Association

Steven McPhee, MatiesAlumnus and former resident of Wilgenhof men's residence, was elected as President of the British Columbia Branch of the Canadian Bar Association, and took office in August.

He studied at Stellenbosch University from 1989 to 1994 and graduated with BComm and LLB degrees, after which he did his articles at Findlay & Tait in Cape Town. He was later called to the Bar in the Cape.

In 1997, he returned with his Canadian wife to

her country of birth, where he had to follow some transfer courses and also completed his articles. Steven was called to the Bar in Canada in 2002, and soon thereafter began to work for the Canadian Bar Association. Six years later, he was elected to the first 'ladder' position, before ascending to Vice-President and now President.

Steven is also a partner in a 15-lawyer law firm, the largest in his area. ■



MatiesAlumna and eNews journalist Serusha Govender

has become a household name on TV. Amidst her very busy schedule, *Matieland* managed to speak to her via e-mail.

WHEN AND WHAT DID YOU STUDY AT STELLENBOSCH?

I did my masters in Philosophy at Stellenbosch (in 2005/6), which was focused on the study of ancient cultures, their history, politics and religion. Journalism and ancient cultures may seem like unrelated fields, but they do actually complement each other.

WHAT ARE SOME OF YOUR FONDEST MEMORIES OF STELLENBOSCH?

Stellenbosch is an incredibly nurturing and inspiring environment. Stellenbosch University is definitely one of the most academically esteemed universities in the country, and you do get a sense of it while you study there. There are so many distinguished academics studying and teaching there, that you really do have access to some of the best the country has to offer. And the library, where I'd spent many late hours researching, is just fantastic.

WHAT DO YOU DO NOW?

I am a broadcast news journalist with the eNews Channel. It is a very challenging, though incredibly rewarding job. You always need to be on your toes, planning stories, conducting interviews and fieldwork, writing all your own scripts, and presenting on camera. But it's an exciting, thrilling career that I wouldn't trade for anything.

GIVE US AN IDEA OF WHAT A TYPICAL DAY LOOKS LIKE - IF

THERE IS SUCH A THING.

It's quite a variable job, so there is no 'typical' day. Though, generally, the journalist's day starts at about 08:00. You come in and make calls, read the papers and search the net for possible story ideas for the day. You also need to know what all the topical stories of the day are, because you may be assigned to cover one of them at your first editorial news meeting, which happens at 08:30. Once assigned a story, you prepare, line up your interviews, storyboard your piece, and decide what visuals you will need to tell your story, and where best to shoot them. You leave the office to go out and do all the filming, usually at about 10:00. Obviously, how long the shoot takes will depend on the complexity of the story, and how far you have to travel to film it, though we aim to be back in the office by 16:30 or 17:00 at the latest to write the script and finally edit the piece together. The piece needs to be done by 18:30 at the latest to make the bulletin at 19:00. You then have to repackage the piece with a different angle to run again in the morning. (As eNews is a 24-hour news channel, we need to have continuous fresh content for every story.) We typically end up leaving the office at around 19:30 or 20:00.

IS THERE A PARTICULAR EVENT OR STORY YOU COVERED THAT STANDS OUT?

Some of my most memorable stories have been ones where I covered environmental issues, as these are my specialisation. Recently, I was lucky enough

to film an emergency wild-leopard dental surgery and relocation to a game reserve, which was a lot of fun. I also covered the hunt for Panjo the tiger a few months ago, which was amazing. A recent visit to the Okavango Delta in Botswana also gave me the opportunity to explore some of the more critical issues around water and climate change - issues that I know will become even more decisive in the coming years.

AND WHEN YOU ARE NOT WORKING?

The long hours don't leave a lot of time for socialising, but it's always important to find a few moments for downtime, or you'll burn out. I love to read historical fiction, biographies, history books (my degree at Stellenbosch percolated my love for all kinds of history and politics) and classics. I also like to travel, and spending time with my family is also very important to me.

WHAT ARE YOUR PLANS FOR THE FUTURE?

I love what I do, so I want to continue building my career as a journalist for many years. I'd really like to expand into documentaries, and feature length pieces on the environment. Studying further is definitely also on the cards ... I'd like to learn more about human cultures, so perhaps a degree in Anthropology ... ■

Op 100 jaar deel Dok steeds maroen truie uit!

deur Marco Botha

“Hy was te groot om net in die geskrewe woord onthou te word,” sê Engelbrecht oor sy eertydse breier en mentor, wat vanjaar 'n eeu oud sou wees. Dok Craven, wat op 11 Oktober 1910 op Lindley in die Vrystaat gebore is, was inderdaad 'n 'groot' Stellenbosser, 'n 'groot' Wilgenhoffer (as inwoner én inwonende hoof), 'n 'groot' rugbyman - algeheel 'n 'groot' mens. Om dus nou in hierdie paar woorde herinneringe en staaltjies oor “daardie man” op te haal, is á la Engelbrecht eintlik nie reg teenoor Dok nie. “Almal weet hy was 'n rugbygenie. Almal weet hy was hoogs intelligent. Dís die soort goed wat almal weet. Maar sy mensekennis, sy aanvoeling, en dít waarmee hy ons agtergelaat het, is die dingetjies van Dok waaroor 'n mens dalk nie genoeg praat nie,” gaan Engelbrecht voort. 'n Mens se ware nalatenskap word immers nie gemeet aan wat jy in jou tyd op aarde gedoen het nie, maar watter spore jy daar trap, selfs nadat jy aanbeweeg het.

Dawie Snyman vertel weer dat hy met Dok se begrafnis in 1993 in Italië was en dit dus nie kon bywoon nie.

“Maar Dok was én is in elk geval elke dag saam met my. Dit was daardie dag ook so,” sê hy. “Dok se lewe was soos wat Psalm 118:6 sê: ‘Die Here is vir my; ek sal nie vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?’ Ons is so geneig om Dok en sy nalatenskap tot hom as rugbymens te beperk. Maar ons kyk die grootsheid van sy Kragbron mis. Deur rugby het hy 'n diens aan God gelewer - dít was duidelik in hoe hy met mense gewerk het; hoe hy besluite geneem het. Voor sy dood het hy gesê net een lied mag op sy begrafnis gesing word: ‘Wat 'n vriend het ons in

Die voormalige Maties- en Springbokvleuel Jannie Engelbrecht het gelyk: Geen geskrif oor wyle dok Danie Craven sal ooit werklik aan “daardie man” reg laat geskied nie.

Jesus’. Want dít is waar Dok sy krag gekry het. Die mens wat hy was, en waar hy daardie menswees vandaan gekry het, bly my elke oomblik van die dag by - vandag nog,” vertel Snyman aangedaan.

Hoewel studente Dok vandag nog in rugbykringe vereer, is dit hartseer dat hulle nooit, soos Snyman en ander, die kans gehad het om Dok se growwe hand te skud nie. “Hy was vir ons 'n vaderfiguur in die tyd van 'n mens se lewe, so tussen 18 en 22, wat jy leiding bitter nodig het,” sê Frikkie Naudé, President van die Stellenbosse rugbyklub en Voorsitter van die Craven-beursfonds. Juis deur dié beursfonds kan vandag se Maties darem nog Dok se hand by die uitdeel van hul maroen truie voel. “Die Craven-beursfonds is ná dok Craven se dood in 1993 begin. Die doelwit was om spelers met besondere talent deur middel van beurse by Maties te hou sowel as om spelers uit minderbevoorregte gemeenskappe finansiële te ondersteun. 'n Speler wat 'n beurs ontvang, moet die daaropvolgende jaar by Maties speel. Slegs die rente op die kapitaal word vir hierdie beurse beskikbaar gestel. Tot en met 2010 het ons reeds 144 spelers op dié manier ondersteun.”

Soos wat Dok, aldus Engelbrecht, “gemiddelde mannetjies tot die hoogste hoogtes gevoer het”,

het die beursfonds al heelwat waardevolle bydraes tot die Bokspan gemaak - 16 om presies te wees. Die mees onlangse was die Matie Gio Aplon. Dié spelers huiwer ook nie om uit dankbaarheid teenoor die beursfonds ook op hul beurt in die saak te belê nie: Louis Blom, voormalige Westelike Provinsie-slot, was een van die heel eerste beurshouers, en is vandag steeds ten nouste betrokke by die fonds se bedrywighede en afrigting by die klub. Chean Roux, 'n 1997-beurshouer, maak nou die Matiesspan touwys.

Wyle prof Bun Booyens het ná Dok se dood in 'n huldeblyk in Die Burger geskryf: “Dok kon 'n platjie, 'n terggees en die ondeundheid self wees. Hy kón dit wees omdat hy sy lewe lank in die geselskap van jong sportmense en -mense verkeer het. 'n Mens begryp sy optrede en lewenstyl soveel makliker as jy daaraan dink dat hy tot by sy laaste asemteug die taal van 'n twintigjarige rugbyspeler móés en kón praat.”

Dit is dus heel gepas dat prof Floris van der Merwe in sy boek Matieland is Rugbyland skryf oor die liedjie “Vaderlief” wat die Maleierkoor van die rugbyklub Violets spesiaal by Dok se begrafnis aan dié ‘vader van vele’ opgedra het. ■

• Marco Botha is sportskrywer vir Sport24.



In Craven-beursfonds leef Dok se naam voort

Die Craven-beursfonds het vanjaar 'n besondere hupstoot gekry toe sowat 450 gaste - waaronder talle voormalige Matie-Springbokke en vyf van die 14 Matie-Springboktoetskapteins - in Oktober in die Stellenbosse stadsaal bymekaargekom het om Dok te vereer.

Dr Christo Wiese, 'n primarius van Wilgenhof in Dok se tyd, was die gasspreker, met Jan Boland Coetzee wat Dok namens alle oudspelers bedank het.

'n Hoogtepunt van die aand was die aankondiging van Morné du Plessis en Jannie Engelbrecht as onderskeidelik die Danie Craven 100 Matie-voor- en -agterspeler.

Die beursfonds word deur 'n groep voormalige Matierugbyspelers bestuur, met die US se Rektor as beskermheer.

• Kontak Frikkie Naudé by telefoon 021 882 8525 vir inligting oor die Craven-beursfonds

Oor “Meneer Rugby”, dok Danie Craven

Klub: Stellenbosch

Provinsies: Westelike Provinsie (1931), Oostelike Provinsie (1937), Noord-Transvaal (1938)

Toetse: 16

Toerwedstryde: 22

Totale aantal Springbokwedstryde: 38

Springbokkaptein: 1937 en 1938

President van SA Rugbyraad: 1956 tot 1992

Medepresident van SA Rugbyvoetbalunie (SARVU) (saam met Ebrahim Patel): 1992


Raadslid van Internasionale Rugbyraad (IRR): Vanaf 1957

Voorsitter van IRR: 1962, 1973 en 1979

◀ akademiese kwalifikasies: Drie doktorsgrade in onderskeidelik Sielkunde, Liggaamlike Opvoeding en Sosiale Antropologie; eredoktorsgraad van die US

Oorlede: 4 Januarie 1993.

◀ ingelyf: In die “heldesaal” (Hall of Fame) van die Internasionale Rugbyraad.



MATIES VEREER SPORT- STERRE VAN 2010



Heerden Herman

Janet Lawless

Heerden Herman (swem) en Janet Lawless (sewekamp) is Matieland se topsportman en -vrou van 2010. Dié pryse is in Oktober by die jaarlikse sporterekleuredinee op die wynlandgoed L'Avenir oorhandig.

Herman, 'n eerstejaarstudent in Aktuariële Wetenskap, is die Suid-Afrikaanse kampioen in die 1 500 m-vrslag in die kort- én langbadkodes. Sy grootste prestasie tot dusver, naas sy junior

wêreldkampioenskap titel in 2008, is straks sy silwer medalje in die Statebondspele in Nieu-Delhi, Indië. Hy is tans 5de en 9de op die onderskeie wêreldranglyste in sy gunsteling item

Lawless, die Suid-Afrikaanse sewekampkampioen, het weer by die Afrika-atletiekbyeenkoms 'n silwer medalje verower en boonop die 100 m-hekkies vir vroue by die nasionale studentebyeenkoms gewen - dít 'n dag voor haar troue.

Van die ander kategoriewenners vir 2010 is soos volg:

- Sportman met 'n gestremdheid - Ernst van Dyk ((handfiets))
- Sportvrou met 'n gestremdheid - Roxy Burns (fietsry)
- Spanprestasie - FNB Maties (rugby)
- Individuele prestasie - Luvo Manyonga (atletiek)
- Spanafriqter - Chean Roux (FNB Matiesrugby)
- Individuele afriqter - Mario Smith (atletiek)
- Lewenslange prestasie - Jannie van Eyk (atletiek), Jurie Roux (rugby)

Middelste foto's: Anton Jordaan (SSFD)

VERNAAMSTE KLUBSPORTPRESTASIES



Skerm: Paul Schwartz teenwoordig Suid Afrika by die Afrikabyeenkoms.

Netbal: Die Maties Netbalklub het vanjaar oudergewoonte 'n stewige bydrae tot verteenwoordigende spanne gelewer. Benewens die drie spelers in die Wes-Kaap Tornado Span en die 24 provinsiale spelers, maak twee MatiesAlumni, Liezel Wium (kaptein) en Christine Markgraaff, steeds hul merk in die nasionale span.

Rugby: In die vorige uitgawe van *Matieland* is berig oor die Matiesrugbyspan wat ná drie Varsitybekerturnoole steeds as alleenwenner van hierdie uiters gewilde koning kraai. Intussen het die 'Maroen Masjien' ook die Superliga A van die Westelike Provinsie (WP) gewen en tot die eindstryd van die SAL Nasionale Klubturnooi gevorder, wat ook op Stellenbosch aangebied is. Dié Matiesklubsput en Varsitybekerkaptein, Lourens

Adriaanse, is ook as die WP en SA-klubspeler van 2010 aangewys.

Kanovaart: Die Maties mans- en vrouespanne wen hul afdelings in die USSA-kompetisie, wat deel gevorm het van die Visrivier-kanomaratlon. Robyn Kime wen die afdeling K2 saam met 'n nie-Maties roeier, Matiesklublid Ernest van Riet het aan die Wêreld Kano-marathonkampioenskappe in Spanje deelgeneem.

Swem: Vir die eerste keer in die tien jaar lange bestaan van die Matieswinterreeks het die Matiessewemklub die afdeling vir sowel jeug as seniors gewen.

Landloop: Op USSA, die Suid-Afrikaanse universiteitsportvereniging, se nasionale landloopbyeenkoms het die Matiesmans- en -vrouespan elk 'n vierde plek behaal.

Atletiek: Wilhelm van der Vyver was die Suid-

Afrikaanse aflosspan wat derde geëindig het in die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se Continental Cup.

Sport vir persone met gestremdhede: Die Maties-Helderberg-klub vir Persone met Gestremdhede het 'n besondere 2010 agter die rug Renette Bloem, Achmat Hassiem, Hendri Herbst en Charl Bouwer het almal as lede van die Suid-Afrikaanse span aan die Internasionale Paralimpiese Komitee se langbadbyeenkoms in Eindhoven deelgeneem. Charl het by die byeenkoms twee silwer medaljes in die 100m en 400m Vrslag by sy wêreldrekord van vroeër die jaar in die 400m gevorm. Gok Gwa Lourens het onder die Ierse vlag haar slag daar gewys.

Sokker: Maties se juniors het syfergewys 'n volmaakte seisoen beleef en sewe trofee in die Stellenbosch-liga gewen. Voort is is twee Maties in die Wes-Kaapse USSA-span opgeneem.

KORTSPORT

MATIES BY STATEBONDspeLE

Die volgende Maties en MatiesAlumni was deel van die Suid-Afrikaanse span na die Statebondspele in Indië: netbal - Liezel Wium (kaptein) en Christine Markgraaff; swem - Heerden Herman en Pierre de Roubaix (afriqter), en hokkie - Kathleen Taylor, Farah Fredericks, Lenise Marais en Taryn Bright.

MARELIZE DRAAI NIE 'STOKKIES' NIE

Marelize 'Stokkies' de Klerk, 'n MatiesAlumna, en steeds 'n erelid van die Matieshokkieklub, het vanjaar by haar 200ste toets as internasionale hokkie-skeidsregter opgetree - die eindstryd van die Wêreldbekerhokkietoernooi vir vroue in Argentinië tussen die gasheerland en Nederland. De Klerk het haar eerste wedstryd as skeidsregter in 1984 in opdrag van Jackie Wiese, Direkteur: Maties Sport, waargeneem. Volgens Wiese help De Klerk steeds van tyd tot tyd met skeidsregterlesings en -graderings in Matieland.

SIMONSBERG WEN STEINHOFF-KOSHUISRUGBY

Die manskoshuis Simonsberg het vanjaar die eerste keer in 45 jaar die hoogste sport in Matieskoshuisrugby bereik toe hulle Medies in die eindstryd van die eerste liga van die Steinhoff-koshuisreeks met 23-10 geklop het. Die wenners van die ander koshuisligas is soos volg: tweede liga, PSO Barbarians II klop Dagbreek II met 19-14; derde liga, Academia I klop Elsenburg 17-14; vierde liga, PSO III klop Goldfields I met 17-10, en vyfde liga, Simonsberg III klop Medies II met 23-5.

SPEIALE OLIMPIESE SOMERSPELE IN EIKESTAD

Wat sport vir persone met gestremdhede betref, het die Universiteit hom oor die jare as 'n uitstekende instelling gevestig - dít geld opleiding, afriqting, fasilitering sowel as deelname. Daarom was dit 'n groot eer toe SUSPI in September die Suid-Afrikaanse afdeling van die Speiale Olimpiese Somerspele 2010 vir atlete met intellektuele gestremdhede aangebied het. Meer as 350 atlete uit agt provinsies het aan hierdie Spele deelgeneem in aanloop tot die Speiale Olimpiese Somerspele 2011 in Athene, Griekeland.

By die vorige Spele in 2007 in Shanghai, China, het die Suid-Afrikaanse span 90 medaljes gewen - 'n uitstekende prestasie waarop die span aanstaande jaar sal wil voortbou.



- 1 Simonsberg wen Steinhoff-Koshuisrugby
- 2 Luvo Manyonga Wêreld Junior Kampioen 2010
- 3 Die Speiale Olimpiese Somerspele in Stellenbosch
- 4 Banyana Banyana maak 'n Kaapsedraai in Stellenbosch
- 5 Farah Fredericks in aksie (foto Jackie Wiese)

VAN DYK HET GEEN EINDE NIE

In die vorige uitgawe van *Matieland* is berig dat die Stellenbosse rolstoelatleet Ernst van Dyk vanjaar die suksesvolste atleet tot dusver in die Boston-marathon geword het toe hy sy negende sege daar behaal het. Hy het daarop voortgebou en 2010 een van sy beste jare tot nog toe gemaak. By die Internasionale Fietsryvereniging (UCI) se Wêreldbekerbyeenkoms vir parafietsryers in Spanje het hy onder meer in die padwedren vir handfietsse goud gewen. By die UCI se Parafietsry-Wêreldkampioenskappe in Kanada het hy twee silwer medaljes verower. Ook is Van Dyk in Port Elizabeth as die nasionale kampioen in die padwedren (48 km) sowel as die tydtoets (18,5 km) aangewys. Daarbenewens dien hy as 'n ryersvertegenwoordiger in die Suid-Afrikaanse Fietsryraad, en is hy onlangs verkies as lid van die Internasionale Paralimpiese Komitee se Sportwetenskapkomitee.

BANYANA BANYANA OP STELLENBOSCH

Die US se hoog aangeskrewe Sportprestasie-instituut (SUSPI) het bygedra tot die Suid-Afrikaanse vrouesokkerspan, Banyana Banyana, se welslae in die Afrikabekersokkertoernooi vir vroue toe dié Instituut 'n week lange oefenkamp vir die vrouesokkerspelers op Stellenbosch-kampus gekoördineer en gefasiliteer het. Ná die oefenkamp het SUSPI-uitvoerende hoof Gugu Ntuli gesê: "Ons hoop van harte dat dit as 'n platform kan dien vir toekomstige samewerking tussen ons en Banyana Banyana."



Mnr NMC (Nils) Bergman van Menlopark (64). Verwerf die graad BSc B Ing 1974.



Mnr JST (Johannes/Wierrie) Besten (foto) van Parys (83). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BA (1950).

Ds JM (Jacobus) Blignaut van Somerset-Wes (87). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BA (1944).

Ds PB (Pieter) Botha van Langenhovenpark (84). Verwerf die grade BA (1945), MA (1950). As predikant het hy oor 40 jaar verskeie gemeentes in die Vrystaatse NG Kerk bedien.



Dr SP (Fanie) Botha van Lynnwoodrif (88). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BComm (1945). As student doen hy mee aan die stigting van twee koerante, Die Matie en die Eikestadnuus, en dien ook op die Studenteraad in 1944. Vanaf 1958 tot 1983 verteenwoordig dr Botha vir 25 jaar die kiesafdeling Soutpansberg in die parlement. In 1968 word hy in die kabinet aangestel as Minister van Waterwese en Bosbou en vir 8 jaar loods hy verbeeldingryke projekte soos die Waterjaar in 1970 en Groen Erfenis in 1973. In 1976 word hy Minister van Mynwese en Arbeid, (later Mannekrag) waar hy verreikende hervormings op arbeidsterrein insisier. Dien ook op die Raad van die Universiteit Stellenbosch. In 1980 ontvang hy die Dekoratie vir Voortreflike Diens van die Staatspresident. Word met eregrade van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die US vereer. Die bekende Fanie Botha staproete is na hom vernoem.

Dr JCE (Jeremia) Bouwer van Humewood (84). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1948), MEd (1954), SpesDipl (1971).

Mnr DPA (Christo) Burgers van Hermanus (56). Verwerf die grade LLB (1980), BComm (1976).

Mnr AF (Aden) Conradie van Riversdal (75). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc (1956), DiplSOD (1957). Was vir 35 jaar onderwyser aan Oakdale Landbouskool Riversdale.

Mr M (Michael) Cotton van Australia (56). Obtained the degree BEng (1978).



Mnr E (Eugene) Crous (56) van Stellenbosch. Oud-inwoner van Helshoogte. Verwerf die grade BSc (1977), Hons BSc (1979) in Voedselwetenskap, MBA (1984). Verwerf ook die graad MS in Voedselwetenskap in 1983 aan die Universiteit van Georgia, USA. Was voorsitter van die Berg- en Toerklub in 1977 en 1978 en die Berghut in die Franschoekberge word in 1978 onder sy leiding ingewy. Werk vir Rupert Internasionaal as wetenskaplike in die navorsingseenheid op Stellenbosch. In 1986 aangestel as Senior Navorsing van R&R Tabak Vervaardigers. Word verplaas na Rothmans International in Londen in 1991 en werk as Strategiese Beplanningbestuurder en Operasionele Direkteur tot 1993, waarna hy aangestel word as Logistieke Direkteur. Hy beklee hierdie posisie tot 1999 waarna hy vir British American Tobacco as Logistieke Direkteur werk- in Londen tot 2004 en in

Rome, Italië tot en met sy aftrede in 2007. Hy keer in 2007 met sy gesin terug na Suid Afrika. Was 'n entoesiastiese en inspirerende gesinsman, lojale vriend, kollega en 'n sakeman met brijlante visie.

Mnr PL (Leon) de Klerk van Namibië (72). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BScBing (1965). Mnr de Klerk was een van die bouers van die model van die ou bekluitjie wat 'n klomp jare gelede nog in Wilgenhof gestaan het. Hy het tot met sy aftrede in 1997 in die Staatsdiens in Namibië in senior posisies gewerk en ook deelyds geboer.

Mnr AJ (Adriaan) de Villiers van Bellville (68). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BEcon (1981), HonsBB en A (1985), MBA (1991).



Prof (B) Barney de Villiers van Parow (61). Verwerf die grade MB, ChB (1974), SDBG (1981), DGG (1986), MMed (1992). Was sedert 1994 verbonde aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe en het vanaf 2001 tot 2004 as mededekaan op die bestuur van die Fakulteit gedien en daarna as hoof mediese spesialis van die Afdeling Gemeenskapsgesondheid. Hy is beskou as 'n wêreldkenner op die gebied van bestralingsiektes en het waardevolle bydraes gelewer as konsultant vir gemeenskapsgesondheid, beroeps- en omgewingsgesondheid en gesondheidsaspekte wat gepaard gaan met veral bestralingsverwante rampe. As lid van die advieskomitee van die WGO se EMF (Electromagnetic Fields)-projek, was hy betrokke by die opstel van twee dokumente wat betref omgewingsgesondheids-kriteria vir elektromagnetiese velde.

Mnr CP (Charles) de Villiers van Somerset-Wes (91). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc (1940).

Mnr J (Joubert) de Villiers van Stellenbosch (73). Verwerf die graad BEd (1969). Mnr De Villiers was lank onderwyser by Hoër Jongeskool Paarl en daarna dosent aan die Onderwyskollege Oudtshoorn. Na die sluiting van die kollege was hy kurator en direkteur van die CP Nel Museum en die Drostdy Museum onderskeidelik tot en met sy aftrede in 1997. Hy het op Stellenbosch afgetree.



Mnr SJA (Ina) de Villiers (née van Schalkwyk) van Stellenbosch (91). Oud-inwoner van Sonop. Verwerf die graad BScHuish (1940). Was die skrywer van die bekende kookboek Kook en Geniet. Met 'n geskatte verkope van vêr oor 'n miljoen kopieë (in Afrikaans en Engels) is dit die mees suksesvolle kookboek in Suid-Afrika. Was self betrokke by die druk en verspreiding van die boek vanaf 1961 tot 1990.



Mnr P (Pieter) de Waal van Menlopark (67). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die graad BScBing (1966). Siviele Ingenieur by DSM Raadgewende Ingenieurs vir meer as 40 jaar. Na aftrede betrokke by mentorskapprogramme en aanbidding van kursusse by die South African Institute of Civil Engineers.

Ds DJ (Daan) du Toit van Aucklandpark (90). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die graad BA (1940). Was tot in 1984 vir 'n hele aantal jare Sekretaris (PSD) vir Diens van Barmhartigheid van die Wes- en -Suid-Kaap sinode. Hy het diep spore in die kerk se barmhartigheidswerk getrap en die vrugte van sy arbeid word nog op baie plekke ervaar. Die kerkhuis Daan du Toit, 'n verblyfplek vir pasiënte, is na hom vernoem.

Ds JA (Jacques) du Toit van Knysna (31). Verwerf die grade BTh (2002), MDiv (2003), LisTeol (2004). Hy het sy loopbaan as predikant in die NG Gemeente Strydenburg begin en het later 'n beroep na die NG Gemeente Prieska, ook in die Noord-Kaap, aanvaar. Het in Augustus 2008 van Prieska na Knysna gekom waar hy baie gewild was in die gemeente. Was bekend as motorfiets entoesias.

Mnr CF (Kito) Erasmus van Knysna (79). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BScBosb (1952).



Prof CAJHS (Charles) Freysen van Pretoria (62). Verwerf die grade PhD (1994). Tree uit die Akademie as Professor en Prinsipaal van Vista Universiteit. Van 2001 tot afsterwe Registrateur van IIE. (Onafhanklike Universiteit van Suid-Afrika).



Dr MF (Mickey) Gerber an Bellville (68). Verwerf die grade BA (1964), HonsBA (1965), MA (1971), DPhil (1993). Was 'n gewaardeerde kollega wat 'n lang en produktiewe loopbaan oor bykans vier dekades by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe en Stikland Hospitaal gehad het. Na sy aanstelling in 1971 het hy hom spoedig opgewerk tot die Hoofskap van Kliniese Sielkunde. Hy speel 'n sleutelrol vanuit daardie posisie in die organisasie van Kliniese Sielkunde dienste nie net by Stikland nie, maar in die Provinsie as geheel. Hy het ook 'n belangrike bydrae gemaak tot die ontwikkeling en implementering van twee betekenisvolle stelle veranderinge in die Fakulteit se MB,ChB-kurrikulum.



Mnr PS (Fanie) Gouws van Oudtshoorn (84). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BA (1947) Dipl SOD (1948). Mnr Gouws was volgens sy studente 'n brijlante Engelse onderwyser, wat die Afrikaanse kinders en studente op die platteland help om die Engelse taal te bemeester. Was by verskeie skole Michealhouse, Koringberg, Wolseley, Marlow, Willomere en Montagu.

Prof CJA (Chris) Greyling van Somerset-Wes (79). Verwerf die graad DTh (1976). Word in 1955 beroep en georden as eerste voltydse NG sendeling onder die Indiërbevolking in Transvaal. Hy en sy eggenote Grace werk beide onder Hindoes en Moslems. Sy bediening van 14 jaar aldaar het veral die Oos-Rand en Pretoria gedek. Vanaf 1969 sit hy hierdie bediening in die Kaap voort, waar hy met opdrag sending onder Moslems in die destydse NGSK gemeente Wynberg bevestig word. Hy speel ook 'n belangrike rol in die ontstaan van die Reformed Church in Africa. Vanaf 1977 word hy dosent in Bybelkunde by UWK en vanaf 1985 Professor in Godsdienwetenskap by die Universiteit van Durban-Westville. Na sy aftrede in 1995 was hy vir 'n hele aantal jare nog behulpsaam met die aanbied van kursusse oor

Oosterse Godsdienste en Islam aan die Fakulteit Teologie by die US. Sy navorsing, studies en etlike publikasies het oor Oosterse godsdienste en veral Islam gegaan en was 'n besondere kenner van hierdie godsdienste. Sy doktrale proefskrif het gehandel oor die invloed van strominge in die Islam op die Jesus-beskouing van Suid-Afrikaanse Moslems.

Mnr JM (John) Heydenrych van Upington (63). Oud-inwoner van Majuba. Verwerf die grade BA (1973), BEd (1974). Onderwyser by Boland Landbouskool en Hugenote Hoërskool in Wellington. Vanaf 1982 is hy Departementshoof by die Handelskool op Upington en daarna adjunkhoof by Hoërskool Upington. Hy beklee die pos as senior vakadviseur vir Engels by die Onderwysdepartement tot sy aftrede.



Mnr EJ (Emma) Horn (née Louw) van Tuine, Kaapstad (95). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf die grade BA (1934). Na 'n jaar verblyf in Europa het sy van 1937 - 43 op die redaksies van Die Burger en Die Transvaler gedien. Was 67 jaar getroud met die Kaapstadse sakeman en Provinsiale Raadslid vir Kaapstad-Tuine, mnr Gideon Horn, wat haar oorleef. Sy was die laaste lewende kind van die bekende Afrikaanse ekonoom dr CR Louw, wat destyds voorsitter van onder meer Sanlam en Nasionale Pers was. Het haar toegespits op die navorsing van die familie-geskiedenis van haar Murray, Louw en Stolp-voorsate, en het verskeie publikasies in dié verband uitgegee. 'n Aantal gedigte uit haar bundel Venster in die Stad (1947) is opgeneem in Gerrit Komrij se bloemlesing van Afrikaanse gedigte.

Mnr PM (Petronella) Horn (née Neppen) van Somerset-Wes (85). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die grade BA (1945), MA (1947), SOD (1947). Oud-inwoner van Napier.

Dr CJ (Callie) Hugo van Gauteng (57). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die grade BA, (1973), BTh (1976), LisTeol (1977), MTh (1978), DTh (1991). Dr Hugo was aan die begin van sy bediening predikant van Robertson. Later het hy hom in Sielkunde verder bekwaam. Die laaste aantal jare was hy dosent in praktiese Teologie by UNISA in Pretoria. Hy was ook voorsitter van SAAP (vereniging vir pastorale werk in Suid-Afrika).

Me B (Brenda) Janse van Rensburg van Noorsekloof (69). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die grade BA (1962), Dipl SOD (1963).

Mnr EJ (Eli) Kotze van Veldrif (76). Verwerf die grade BSc in Landbou (1957). Mnr Kotze het as joernalis by Die Landbouweekblad gewerk tot en met 1971. Daarna was hy by die Departement Landbou in Pretoria tot sy aftrede in 1995.

Mnr BJSW (Barend) Laubscher van Ceres (91). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1940), SOD (1941).

Mnr GP (Butch) Lochner van Langebaan (79). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die grade BSc in Landbou (1951), MScAgric (1953). Was baie hoog deur dr Danie Craven aangeslaan en speel vir die Maties, die WP (later ook vir Grens) en die Springbokke (lg. tussen 1955 en 1958). Het by Craven oorgeneem as Direkteur van Sport by die US en het ook gedien as voorsitter van keurkomitees en ook as bestuurder van verskeie Springbokspanne.

Mnr PJ (Piet) Louber van Stilbaai (87). Verwerf die grade BComm. (1945). Mnr Louber praktiseer as prokureur op Albertina. In 1958 word hy aangestel as Burgemeester vir ses jaar. Daarna was hy lid van die provinsiale raad (LPR) vir Mosselbaai. In 1969 was hy lid van die uitvoerende komitee (LUK) vir hospitaaldienste in die Wes-Kaap. Het in die eerste presidentsraad gedien.

Mev MMS (Margetha) Louw (née Steyl) van Ceres (87). Verwerf die grade BA (1961).

Mnr JCV (Johan) Mouton van Vereniging (53). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die grade BRek (1980).

Mnr ST (Salomon) Muller van Kraaifontein (61). Verwerf die grade BIng (1977).

Mev L (Louise) Nel (née Theron) van Jeffreysbaai (75). Verwerf die grade BScHuish (1955). Sy was dosent en later jare verbonde aan die Departement Huishoudkunde.

Mnr MS (Maarten) Nolte van Universitas (85). Verwerf die grade BSc (1947), BScIng (1947). Was werksaam by die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard en Yskor waar hy afgetree het as Korporatiewe Beplanningbestuurder.

Dr EFJ (Emma) Retief (née de Jager) van Bredasdorp (93). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die grade BSc (1936), MSc (1937), DSc (1940). Praktiseer in Lambertsbaai en woon daar tot 1998.

Mev AM (Aletta) Scholtz (née Lategan) van Eversdal (94). Oud-inwoner van Greylock. Verwerf die Dipl HPOD (1936), Gevorderde HOPD (1952). Het 'n groot liefde vir die onderwys gehad en het vir baie jare haar lewe hieraan gewy. Sy was die eerste skoolhoof van Laerskool AF Louw op Stellenbosch.

Mnr PW (Pieter) Smit van Lyttelton (48). Oud-inwoner van Helshoogte. Verwerf die grade MIng (1989), BIng (1985). Hy was tot sy afsterwe werksaam in verskeie maatskappye van die Reunert groep.

Mnr J (Johan) Steyn van Hartenbos (72). Verwerf die grade BA (1960).

Mnr GJ (George) Steytler van Middelburg (74). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die grade BSc in Landbou (1959). Was vir 30 jaar werksaam te Kanhymvleisprodusente in Middelburg.

Mnr GE (Gavin) Swanepoel van La Lucia (52). Oud-inwoner van Helshoogte. Verwerf die grade BIng (1980).

Prof PF (Philip) Theron van Stellenbosch (67). Was tot onlangs verbonde aan die Fakulteit Teologie van US as dosent in sistematiese teologie. Het bekendheid verwerf as kenner van die Nederlandse Teoloog Oepke Noordmans en as 'n kreatiewe teoloog en skrywer in eie reg. Was 'n skerp teenstander van kerklike apartheid.

Mev AM (Annaria) Theunissen (née Britz) van Arcadia (85). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die grade BA (MW) (1946).

Mnr F (Frederick) Turck van Vishoek (69). Verwerf die grade DOSK 1963, Hons BA (1985), MA 1991.

Ds HA (Braam) van der Merwe van Boshof en Oudtshoorn (48). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die grade BA (1982), BTh (1985), LisTeol (1986). Was primarius van Helderberg. Het die gemeente Boshof in die Vrystaat bedien.

Dr GC (Gerard) van Hoorn van Bergvliet (66). Verwerf die Dipl DBG (1983).



Mnr SVB (Vasle) van Niekerk van Wellington (87). Verwerf die grade BSc in Landbou (1945). Werk vir 43 jaar by die KWV in die Paarl. Na sy aftrede (1988) werk hy as konsultant in die spiritus en brandewyn distilleriesbedryf in SA, Mauritius, Tanzanië en Swaziland.

Prof R (Rocco) van Pletzen van Bloemfontein (88). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1943), MSc (1945), DSc (1951). Was lektor en later hoof van die Departement Dierkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Was 'n kenner op die gebied van grondmyte en muskiete. Was ook aktiewe raadslid en voorsitter van die Nasionale Museum in Bloemfontein. Het ook bydraes op kultuurhistoriese gebied en in musiekkringe gemaak.

Mev MS (Margaretha) van Zyl van Saniamhof (96). Verwerf die grade BA (1935), MA (1936), SOD (1937).

Dr WH (Werner) Wagner van Namibië (34). Oud-inwoner van Majuba. Verwerf die grade BSc (1997), HonsBMBK (1998), MB, ChB (2003). Was 'n top swemmer en het Namibië by onder meer die Statebondspele verteenwoordig en was Tygerberg se Sportman van die jaar.

Mnr HJ (Hendrik) Wernich van Oudtshoorn (71). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die grade BA (1959), Dipl SOD (1961).



Dr G (Glynn) Wessels van Bloubergstrand (67). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade MB, ChB (1969), MMed (1983), DMed (1994). Was sedert 1984 verbonde aan die Departement Pediatrie en Kindergesondheid aan die US. Word onthou vir sy bydrae tot kinderanker-behandeling in Suid-Afrika.

STUUR INLIGTING ASB SÓ

Matieland huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig volledige inligting. Dit sluit in volle name, noemnaam, van (en nooiens van) indien van toepassing, geboortedatum, datum waarop persoon oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv. ontvangers van eregrade wat nie hier studente was nie) en 'n bondige beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is baie welkom, maar plasing hiervan hang af van die hoeveelheid spasie wat beskikbaar is. Stuur asb inligting aan: Me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za

Die Weddenskap

Hoeveel Maties Alumni het nie ook in hul avontuurlustige studentedae op Stellenbosch 'n riskante weddenskap of twee aangegaan nie, wonder Leon-Ben Lamprecht. In sy geval was dit 'n passie vir WP-rugby wat hom in die moeilikheid gehad het - en dít nogal in die middel van die Kaapse winter.

Passie is 'n vreemde ding, en laat jou vreemde dinge aanvang. In my vierde jaar, so aan die begin van my geliefde Westelike Provinsie (WP) se geploeter die afgelope dekade, staan 'n klompie van ons en braai in Dagbreek-koshuis se vierkant, beter bekend as die "quad". Ons gesels oor die naweek se rugby wat voorlê, met die WP wat die volgende dag hul geswore aartsvyand, die Bulle, sou aanvat. Matie-koshuise lewer mos allerlei karakters op: van sluiperingenieurstudente met uitmuntende akademiese rekords tot so wraggieswaar Blou Bul-ondersteuners, hier in die skone Stellenbosch.

Die moeilikheid het begin toe ons so tussen die tjops se omdraai en 'n wyntjie skink (ons kon die Blou Bulle darem al tot op daai punt kultiveer) begin stry oor wéi dan nou die volgende dag se wedstryd gaan wen. Ek en Thinus Slabber glo onwrikbaar in die Streeptruie. Kobus Louw en Estian Visagie, vurige Bulle, staan weer bankvas agter die Barbertonse "daisy". Dit alles lei tot 'Die Weddenskap'.

Die voorwaardes was eenvoudig: Die ondersteuners van die verloorspan moet die daaropvolgende Maandagaand, ná seksievergadering, in Adamsgewaad om die "quad" hol én die wenspan se bekendste ondersteunerslied sing - "Province" vir die WP, en "Die Blou Bul" vir die manne van Pretoria.

Hande is geskud en die ooreenkoms is deur Thian

Fick, seksie 12 se HK-lid, genotuleer.

Nodeloos om te sê: Die WP het kalk gevreet - slég.

Nuus van Die Weddenskap het vinnig versprei, en toe Maandagaand aanbreek, was almal (behalwe dalk die sluiperingenieurs) gereed vir dié gehollery.

"Hel, maar dis koud," het ek, hoendervleis oor my hele lyf, gemompel toe ek en Thinus voorportaal toe stap. Boonop het iemand nog 'n "all-call" ook gemaak dat die watersakke in gereedheid gebring moet word.

Met die uittrekslag het ons die omgewing bespied en ons roete beplan. Het 300 m al ooit so ver gelyk? En verbeel ek my of is daai 'n paar Minerva-T-hemde en Heemstede-hoedjies wat daar om 'n draai glip?

Ons was skaars aan die draf, toe tref die eerste watersakke al. Glo my, 'n watersak van die derde verdieping af maak seer! Maar nie naastenby so seer soos 'n emmer vol ysblokkies van die derde verdieping af nie, dít kan ek jou belowe. Wat egter die seerste gemaak het, was die verraad: Dit was merendeels WP-manne wat ons bestook het ...

Die singery het ook nie lank gehou nie: Dis moeilik om wysie te hou as 'n Pick n Pay-sak as't ware in jou keelgat afgegooi word. Ek en Thinus het net betekenisvol na mekaar gekyk en die pas versnel. Hierdie prettraf moes klaar.

Van daar af was dinge 'n effense "blur". Op die gladde teëls voor die eetsaal (dis immers amper 90 jaar se rooi Sunbeam-politoer wat daar sit) het ons neergeslaan, met soveel grasia as moontlik weer opgestaan, wéér geval en wéér opgestaan (met minder grasia hierdie keer), en verder gehol.

Iewers langs die pad onthou ek net iemand wat iets van "leeukoud" skree en 'n meisie of twee se gegiggel.

En toe is dit verby. Thian het ons genadiglik met handdoeke ingewag en ons is reguit warm storte toe - een van my heuglikste herinneringe ooit.

'n Mens sou dink so iets sal jou van lawwe uitsprake oor iets so onvoorspelbaar soos sport bekeer, óf van onwrikbare geloof in jou span ten spyte van objektiewe indikatore van die teendeel. Maar nee, al is my geliefde WP nou al tien jaar bekerloos, glo ek, nee, wéét ek hulle gaan in 2011 die Curriebeker wen.

O, jy glo my nie? Wil jy wed?

• Leon-Ben is 'n joernalis by die buitelewetydskrif *Weg*.



Ek hoop om my kinders te sien graad kry
Ek hoop my kinders kan na 'n goeie skool gaan
Ek hoop om my pensioengeld te bewaar
Ek hoop ek het genoeg geld sodat hy saam op die rugbytoer kan gaan
Ek hoop ons is altyd so gelukkig
Ek hoop ek kom hierdeur
Ek hoop hy kry elke geleentheid wat ek nooit gehad het nie
Ek hoop ek sal 'n waardige begrafnis hê
Ek hoop sy word vir universiteit aanvaar
Ek hoop ek kry my bestuurslisensie
Ek hoop ek sal eendag Rio kan besoek
Ek hoop my professionele praktyk sal suksesvol bly
Ek hoop ons kan die verbeterings aan die huis laat doen
Ek hoop ek sal die beste pa in die wêreld wees
Ek hoop ek kan eendag daardie huis koop
Ek hoop my makelaar handel die transaksie af voordat die mark beweeg
Ek hoop ons kan saam op reis gaan
Ek hoop ek kan hom eendag my tuisdorp wys
Ek hoop ek kry finansiering vir my besigheid
Ek hoop ek kan my drome verwesenlik
Ek hoop ek sal haar altyd kan versorg
Ek hoop dat my kinders die nodige versorging het
Ek hoop sy sê, 'ja'
Ek hoop my buitelandse beleggings sal groei
Ek hoop hulle sal die nodige studiemateriaal kan bekom
Ek hoop ek kan my mediese rekening betaal
Ek hoop hierdie fase waai gou oor
Ek hoop ek het genoeg geld vir my aftrede
Ek hoop om eendag daai huisie op die heuwel te besit
Ek hoop ek kan hierdie vakansie bekostig
Ek hoop al my harde werk bring my iets in die sak
Ek hoop ek kan daardie motor kry
Ek hoop ek sal die Noorderligte sien
Ek hoop my besigheid is suksesvol
Ek hoop ek bied ons werknemers die beste
Ek hoop ek kan saam met die dolfyne swem
Ek hoop dat die res van my studies net so glad sal verloop
Ek hoop vir verhandeling teen die regte prys en op die regte tyd
Ek hoop ek kan voorsorg tref vir my gesin

Waarvoor hoop jy?

Jy kan dit verwesenlik, as jy vandag begin. By Sanlam verstaan ons dat dit aksies verg om jou hoop in werklikheid te verander. Dis wat ons doen - al vir meer as 90 jaar. Skakel ons vandag nog by 0860 000 121 en saam kan ons 'n plan bewerkstellig sodat jy kan begin met dit waarvoor jy hoop.

Belegging | Lewensversekering | Aftrede | Gesondheid | Korttermyn Spaar | Testamente & Trusts

www.sanlam.co.za
GELISENIEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIËLE DIENSTE



Ons dink vooruit